

STORIES OOR DIE HERKOMS EN BETEKENIS VAN AFRIKAANSE IDIOME, SEGSWYSES EN WOORDE

Nagevors en saamgestel
(tussen 1975 en 1995)

deur

Helena Liebenberg

Inleidende opmerkings

'n Storie oor die herkoms van wie of wat, die geskiedenis van mense, lande en plekke, en bowenal die verhaal van 'n woord of uitdrukking hetsy in my eie geliefde taal of in ander tale – dít is die dinge wat my sedert my kinderjare betower.

Die eerste vakkundige artikeltjie wat ek as jong dosent in die Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Suid-Afrika (Pretoria) geskryf het, het voorspelbaar gehandel oor die geskiedenis/herkoms van woorde en segswyses: *Matroostaal – die herkoms van seemanswoorde en -uitdrukkings in Afrikaans*. Talle artikels en kinderboeke oor idiomatiese uitdrukkings en algemene taalkunde-onderwerpe in Afrikaans het gevolg. Later was dit ook my voorreg om as mede-outeur betrokke te wees by die saamstel van die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* en die *Supplement* daarvan (in 2003 en 2007 onderskeidelik) nadat ons formeel geleer is hoe om 'n etimologie te skryf.

Die volgende stories van Afrikaanse woorde en uitdrukkings het ek oor ongeveer twintig jaar nagevors en saamgestel uit 'n verskeidenheid bronne, en soos gewoonlik as die een wat seker die meeste daardeur verryk is, uit die proses getree. Hoewel die lys maar 'n klein deeltjie van die geheelstorieskat van Afrikaans bevat, het ek besluit om die beskikbare inligting op Taaloord te deel as om dit nog tien jaar iewers ongesien en ongelees op my rekenaar te berg.

Elke bespreking word deur die trefwoord ingelei. In die meeste gevalle word die woordgeskiedenis beskryf, en die betekenis van die verbandhoudende uitdrukkings, idioome en segswyses word verstrekk. Soms verskyn slegs die uitdrukking(s) en die betekenis daarvan onder die trefwoord. Enkelwoorde met interessante stories is ook opgeneem in die lys.

Indien daar aangehaal word uit die lys, sal ek dit waardeur as erkenning aan Taaloord (<http://www.taaloord.co.za>) as bron verleen word.

Afr. = Afrikaans, Eng. = Engels, Fr. = Frans, Gr. = Grieks,
Lat. = Latyn, Mnl. = Middelnederlands, Ndl. = Nederlands

A

A

Van A tot Z: van die begin tot die einde, omdat a die eerste en z die laaste letterteken van die Griekse alfabet is.

AALMOES

Dié woord is afgelei van Ndl. **aalmoes**, Middelnederlands **aelmoesene**, ‘barmhartigheid, medelye’, van Latyn **eleemosyna**, Grieks **eleemosunè**. Die Afrikaanse woord beteken ‘medelye, ontferming, gevoel van barmhartigheid; (minagtend) vernederende gunsbewys’.

Aalmoese gee verarm nie: deur goed te doen, word ’n mens nie arm nie.

Van aalmoese lewe: ’n bestaan maak uit gawes; brandarm wees.

AAMBEELD

Ndl. **aambeeld**, Mdl. **aenbelt**, **aenbilt**, **haelbilt**, **aembelt**, **ambeld**, **aambeeld**. Die Middelnederlands **aenvilt** is gevorm van Latyn **incus**, ’n afleiding van **in** ‘bo-op, op’ + **cudo** ‘ek slaan, smee’.

Die swaar ysterblok wat in ’n smedery gebruik word, het ’n horing/punt aan die een ent – die smit gebruik hierdie blok om metale op te smee. Die aambeeld kan ’n massa van 0,1 kg (horlosiemakersaambeeldjie) tot 300 kg hê. Die aambeeld is die simbool van die aarde en van materie.

Altyd op dieselfde aambeeld slaan: oor en oor van dieselfde saak te praat.

AANGEBONDE

Sterk verlede deelwoord van die werkwoord **aanbind** (‘aanknoop, aanheg, vasmaak aan; vasbind aan iets’) Ndl. **aanbinden**, Middelnederlands **aenbinden**; kom in Afrikaans net in die vlg. uitdrukking voor:

Kort aangebode wees: gou jou humeur te verloor.

AANGESIG

Aangesig beteken in Afrikaans ‘gesig, blik, teenwoordigheid, houding, gedrag’. Vergelyk Ndl. **aangezicht**, Middelnederlands **aangesicht**, ’n kontaminasievorm van **aensichte** + **ghesichte** waar beide onder andere ‘gelaat, uiterlike en aanblik’ beteken.

Van aangesig tot aangesig met iemand praat: direk, persoonlik met hom te praat (Eksodus 33:11).

Iemand met twee aangesigte: dubbelsinnige, vals persoon.

AANHANGIG

As ons daarvan praat om ’n **saak aanhangig (te) maak**, verwys dit na ’n gewoonte eeue gelede waar die stukke wat gehandel het oor administratiewe sake in sakke bewaar is. Hierdie sakke is dan aan spykers in die muur opgehang en die stukke daarin was dan letterlik **hangende**. Sodra die sake afgehandel is, is die sakke met hul inhoud afgehaak.

AANKLAMP

Om **aan te klamp**, beteken om met klamp te bevestig/verstewig. Dit kom van die Nederlandse skeepsterm **aanklampen** wat beteken om ’n vyandelike skip met hake vas te gryp en aan boord te gaan. Die uitdrukking **om aan te klamp by ’n meisie** beteken om haar die hof te maak.

AANLÊ

Ndl. **aanleggen**, Mnd. **aenleggen** beteken onder andere ‘om 'n skip aan wal vas te lê, vas te meer; om 'n begin te maak, te bou, te onderneem; op tou te sit; 'n regspraak aanhangig maak, instel, aanlê, ook van vuur; om geld vir 'n bepaalde doel aan te wend’. In Afrikaans beteken dit onder andere ‘teen iets aanbring en vasmaak, stilhou, vertoef, aandoen, in 'n bepaalde rigting stuur, bevestig, korrelvat, bestem wees vir; beraam, ontwerp, aanbring, gereedmaak, oppak, aanpak’. **Prakties aangelê wees** beteken om 'n geaardheid te hê wat jou in staat stel om dinge te doen, planne ten uitvoer te bring.

'n Vuur aanlê: om houtjies ens. reg te sit om aangesteek te word.

'n Saak verkeerd aanlê: 'n saak verkeerd begin, aanpak.

Hy lê lank aan, maar skiet raak: gesê van 'n langsame, maar goeie spreker.

As ons sê iemand **lê aan by 'n meisie** beteken dit dat hy haar die hof maak. Dit dui letterlik op die aanwallê van 'n skip om 'n lading in te neem.

AANSIEN

Ndl. **aanzien**, Middelnederlands **aensien**, ‘let op, sien op, aankyk, aanskou’; **aensiender ogen**, ‘voor die oë van die aanwesiges; let op iemand of iets, ag op slaan’; **niemand aanzien**, ‘geen aansien des persoons gebruik’. In Afrikaans verwys die selfstandige naamwoord **aansien** na ‘uiterlike, voorkoms, agting, invloed, hoë rang’, terwyl die werkwoord beteken ‘met aandag na iemand of iets kyk, beskou as, duld, verdra, ontferm oor, ag gee op, getuie wees van’.

Sonder aansien des persoons beteken sonder om onderskeid te maak, te let op stand of rykdom.

Dit gee die saak 'n ander aansien: dit verander die saak heeltemal.

Hoog in aansien wees: hooggeag wees.

Ten aansien (Middelnederlands **in den aanzien van**): betreffend.

AANSLAAN

Aanslaan beteken ook ‘takseer, dus volgens 'n skaal bereken’.

Middelnederlands **aenslaan**, ‘iemand slaan, hom afransel, die hand slaan aan iemand of iets, aanval’; **die hant aanslaan aen:** ‘die hand aan iets slaan, beslag lê’, ook sonder ‘die hant’ **aenslaan** (inbeslagneming), toedeel, verdeel, bestem, 'n geldsom of boete’. Dit beteken ook ‘om te heg aan iets, daaraan bly kleef’, byvoorbeeld roes en dergelike. In Afrikaans verwys **aanslaan** na ‘letterlik met die hand aanraak, tik, by speletjies sodat die aangeraakte ‘aan’ is’.

Iemand se bekwaamheid hoog aanslaan: iemand se bekwaamhede hoog ag.

Hoog aanslaan vir inkomstebelasting: groot bedrag inkomstebelasting vereis.

AANSPRAAK

Aanspraak is die geregtelike eis wat teen iets of iemand ingestel kan word. Dit beteken onder andere ‘eis, reg tot iets’.

Aanspraak maak op iets: sy aanspraak laat geld.

AANSTOOT

Ndl. **aanstoot**, Middelnederlands **aenstoot**, ‘iets waarteen iets stoot of stuit, byvoorbeeld 'n rots in 'n rivier; drumpel, iets waarteen 'n mens met die voet stoot, of grenssteen; aanval, hewige aanranding’; ook ‘aanvegting van die sonde, die duiwel’. In Afrikaans beteken die selfstandige naamwoord ‘'n stamp, stoot; aanval, aanranding, vyandige optrede met woord en/of daad; (fig.) belediging’.

Aanstoot gee: iemand kwets in sy sedelike of godsdienstige opvattinge, ergenis veroorsaak, beledig. In Bybelse konteks beteken dit ‘struikelblok, iets waarteen 'n mens jou stamp’.

Aanstoot neem aan: ‘ontrou word aan, tot struikeling gebring word’ (Matthëus 26:31).

Steen des aanstoots: 'n struikelblok: ‘'n Steen des aanstoots wat mense sal laat struikel, 'n rots wat hulle sal laat val.’ (1 Petrus 2:7, Jes. 8:14).

AARD

Ndl. **aard**, Middelnederlands **aert**, ‘afkoms, geslag; geslag, soort geaardheid, natuur, karakter’; **aert es een vast cleet**, ‘gewoonte (geaardheid) is tweede natuur’. Afrikaans: ‘geaardheid, natuur, soort, manier’.

Uit die aard van die saak: soos die saak dit vereis.

Aardjie na sy vaartjie: aard baie na die pa (vader).

AARDE

Mites oor die skepping van die mens is universeel, hoewel die legendes kan varieer. Een mite lui dat Moeder Aarde en Vader Hemel die eerste mense geskep het. Ander volke glo weer dat die mens en alle lewende wesens kinders van Vader Son en Moeder Aarde is. Die argetipe van die Groot Moeder kom ooreen met sekere godinne, byvoorbeeld Istar (Babilonië), Isis (Egipte), Astarte (Fenisië), Kali-Durga (Indië) en Ge en Demeter (Griekeland). In die Skandinawiese mitologie staan die goldin Nerthus bekend as Moeder Aarde. Die Romeinse historikus Tacitus het in besonderhede geskryf oor haar reise oor sekere gebiede in Denemarke. Haar wa is deur osse getrek, maar net haar priesters is toegelaat om binne-in die wa te sien. Ná so 'n reis word die wa en sy inhoud in 'n heilige meer gereinig. Ten einde die heiligheid van die godin te verseker, word die slawe wat die rite uitgevoer het, gedood. Die wa is met groot blydschap verwelkom en met die verskyning daarvan het alle gevegte dwarsoor die land opgehou.

Moeder Aarde is ook die simbool van die vrugbare aarde en **skoot** verwys ook na baarmoeder. Die uitdrukking **in die skoot van die aarde** wat beteken rusplek vir iemand se stoflike oorskot kan hiermee in verband gebring word.

Ander uitdrukkings wat na die **aarde** verwys, sluit die volgende in:

In goeie aarde val (die gewenste uitwerking hê): dit is ontleen aan die bekende gelykenis van die saaiër waar die een gedeelte van die saad in goeie aarde, dit is goeie grond, val waar dit behoorlik kan ontkiem en groei (Markus 4:20).

Hard met Moeder Aarde kennis maak beteken om hard op die grond neer te slaan.

AAS

Ndl. **aas**, Middelnederlands **aes**, ‘spys, voedsel, veral van diere; prooi, buit, aas; lokaas’; **een quaet aes**, ‘n veragtelike lokaas, vuil gewin’.

Waar die aas is, versamel die aasvoëls (Lukas 17:37): die mense gaan altyd na die een of ander plek waar hulle voordeel kan kry.

As die aas roer, stink dit: bemoei jou nie met vuil sake nie.

Die aas beethê: tot iets verlei word.

ABRAHAM

Hierdie eienaam kom van die Grieks **Abraam**, Hebreeus **Abrâhâm** van Babilonies: ‘hy het die vader lief’, of van die Aramees: ‘vader van die hoogte’. Aanvanklik was dit **Abram**, ‘vader van die hoogte’, later **Abraham**, ‘vader van 'n groot menigte, van vele volke’ (Gen. 17:4-5). Hy was die aarts- en stamvader van die Jode wat op God se bevel uit Ur van die Chaldieërs getrek het na

die belofte land Kanaän. Sy vrou Saraï, later Sara (Gen. 17:15), skenk op gevorderde leeftyd aan hom 'n seun, Isak, deur wie hy volgens God se belofte baie nasate sou hê. In die Christelike tradisie is Abraham die vader van die gelowiges (Gal. 3:7,9). Arabiere (Ismaeliete) beskou hulself as afstammelingen deur Ismael, die seun wat uit sy byvrou Hagar gebore is.

Die uitdrukking **Abrahams kroos (saad)** verwys na die Jode.

In Abraham se skoot grootword beteken om van kindsbeen sonder sorg te wees, in weelde op te groei.

In Abraham se skoot (te) sit: in baie gunstige, aangename omstandighede te verkeer (Lukas 16:22-23).

ABRAKADABRA

Dit verwys na 'wartaal, onsin, onverstaanbare taal'. Hierdie woord is afgelei van die Hebreeuse frase **abreq ad habra**, wat vry vertaal word as 'gooi, slinger jou weerligstraal selfs tot die dood toe'. Dit verwys vandag na 'onverstaanbare taal, gewigtig klinkende onsin, wartaal'. Dié towerformule hou waarskynlik verband met die woord **abraxas**. Laasgenoemde is 'n misties-filosofiese woord van Egiptiese oorsprong (Hebreeus **abrach**) wat beteken 'die heilige woord, die geseënde naam'. Dit is gebruik deur die gnostiese wysgeer Basilides (130 v.C.). Volgens ander navorsing kon dit ontstaan het uit die samevoeging van Griekse letters wat gedien het om getalle aan te dui en waarvan die totaal 365, die jaarloop van die son is. Hierdie eenaardige letterfiguur is volgens die arts Quintus Serenus Sammonicus 'n magiese woord wat in vroeëre tye as 'n towerformule vir die genesing van siekes (veral van koorssiektes) beskou is; die formule is op perkament geskryf en om die nek van die sieke gedra. Dit is waarskynlik 'n verdraaiing van die Arabiese woorde **räbräkhä dabir** wat beteken 'dit is genees!'

ACHILLES

Van Arabies **schilik**, 'treurend, roubedrywend' van **achi**, 'rou, droefheid, bitterheid'.

Achilles was een van die helde van Homerus se *Ilias*, die seun van Peleus, vors van Phtia in Thessalië, en die seenimf Thetis. Hy het tydens die Trojaanse oorlog baie heldedade verrig, maar ook hierin sy lewe verloor. Nadat hy die Trojaanse held Hektor gedood het en ná die aanval deur die Amasones waar die Grieke oorwin het, nader die dood van Achilles – die dood wat lank tevore deur sy moeder voorspel is. Hy kon nie maklik gewond word nie, want op sy hele liggaam was daar net een kwesbare plek, naamlik sy hakskeen. Na sy geboorte het sy moeder hom in die Styx-rivier gedoop en hom op dié manier onsterflik probeer maak, maar sy het hom aan die hak vasgehou sodat die water nie daarvoor gespoel het nie: sodoende het dit 'n kwesbare plek gebly. Alleen die gode het hierdie geheim van Achilles geken. Toe hy weer tydens die Oorlog die Trojane voor hom uitgedryf het gedurende 'n bloedige geveg, het die god Apollo voor hom getree en hom gewaarsku om terug te val, anders sal hy sy eie ondergang bewerk. Toe Achilles weier om gehoor te gee, word Apollo baie kwaad en hul homself in 'n wolk; hiervandaan skiet hy 'n pyl op Achilles af en wond hom in 'n hakskeen. Die Griekse held voel hoedat 'n dodelike swakheid oor hom kom en val neer – hy besef dat sy einde daar is. In 'n laaste poging dood hy nog talle Trojane. Toe hy dit nie meer kon volhou nie, dien Paris hom die genadeslag toe.

Achilleshiel: iemand se kwesbare plek of swak punt.

ADAMIET

Dit is 'n groen-swart variëteit van mika en is genoem na **Roger Adams**, 'n Amerikaanse chemikus wat die metodes van identifikasie, voorbereiding en sintese nagevors het.

ADDER

'n **Adder aan die bors koester** beteken om goed te doen aan iemand wat dit met ondankbaarheid vergeld. Dit is afgelei uit 'n verhaal deur Esopus: Op 'n koue wintersdag kom 'n boer op 'n slang af wat al byna verkleum het. Hy kry die slang so jammer dat hy die ongedierte voor by sy hemp insteek. Nadat die slang weer warm geword het, kry sy ou, listige natuur die oorhand en hy pik sy weldoener. In sy sterwensoomblikke sê die boer: 'Dit is my verdiende loon omdat ek die skurk jammer gekry het.'

ADONIS

Adonis was oorspronklik 'n Feniciëse god wat vereer is by Biblos. Hy het via Ciprus in die Griekse mitologie gekom as 'n buitengewone mooi jongeling en die beminde van die godin Aphrodite. Sy vroeë dood deur 'n wildevark het roufeeste, bekend as die **Adonia**, onder die vroue laat ontstaan. Hierdie feeste is jaarliks in die somer gevier deur die Grieke en Feniciërs. Waarskynlik simboliseer sy mite die kortstondigheid van die lente.

'n Pronkerige jongman word dikwels as 'n **ware Adonis** beskryf.

'n **Adoniese vers** is 'n vers wat bestaan uit 'n daktilus en 'n spondeus of uit 'n daktilus en 'n trogeus, só genoem weens die waarskynlike gebruik van die maat in die klaagliedere op die dood van Adonis.

AFDRAAND(E)

Ndl. **afdragen**, Middelnederlands **afdragende**, **afdragent** (deelwoord) beteken onder andere 'hellend'. Afrikaans: 'aflopende skuinste, helling'.

Op die afdraand wees: agteruitgaan, op die verkeerde pad wees, jou ondergang tegemoet gaan.

Jy is op die afdraande pad en jou rem is los: jy gaan vinnig agteruit weens ouderdom.

AFGEDAKSTE

Verband met Ndl. **afdanken**, Middelnederlands **afdanken**, 'iets (skuld) afdoen', dit wil sê 'betaal, vereffen'. Afrikaans: 'geweldig, kwaai, gedugte'; gebruik om 'n hoë graad van erge uit te druk, 'vervlakste'.

'n **Afgedankste pak slae:** loesing gee/kry.

AFGOD

Ndl. **afgod**, Middelnederlands **afgod**, **afgot**: **af**, 'on-, wan-, mis-, verkeerde' + **god**: 'ongod, verkeerde god'. Afrikaans 'vals god, afgodsbeeld, iets of iemand wat hartstogelik vereer en bemin word'.

'n **Afgod van klei:** iets waarop nie staatgemaak kan word nie en wat tot teleurstelling lei.

'n **Afgod van iets maak:** te veel waarde aan iets heg.

'n **Afgod van jou buik maak:** te veel eet (Filip. 3:19).

Weet jy hoe jou afgod lyk? Dit is beste in die spieël te kyk – dié rymplek word tereg wysend gerig aan die persone wat slegs vir hulself en hul eie vertoon lewe.

AFGROND

Ndl. **afgrond**, Middelnederlands **afgronde**, **af** + **grond**: afgrond; die Oer-Germaanse woord was **af-grund-ia**, 'plek waar die grond na benede loop'. Afrikaans 'grondelose diepte, skielike steil, diep val in die onderoppervlak; onpeilbare diepte van ellende; onderwêreld, hel'.

Iemand in die afgrond stort: hom in ellende dompel, ruïneer.

AFGUNS

Ndl. **afgunst**, Middelnederlands **afjonste**, **af** + **jonst**: ‘on + vriendskap, vyandskap’. Die Middelnederlands werkwoord **afjonnen** beteken ‘misgun’ en **afgonnen**, ‘nie gun nie’. Afrikaans: ‘jaloesie, ligte nyd, leedgevoel oor iemand anders se geluk’.

Groen en/of geel word van afguns: 'n baie sterk gevoel van jaloesie ondervind.

AFSIENBAAR

Ndl. **afzienbaar**, Middelnederlands **afsien** (werkwoord), ‘uit die verte sien, bespeur’. Afrikaans: ‘wat tot die einde gesien kan word’.

Binne die afsienbare toekoms/binne afsienbare tyd: binnekort.

AFSKEEP

Ndl. **afschepen**, Middelnederlands **afschepen**, ‘inskeep en versend van goedere, uitvaar van skepe’. Afrikaans: ‘per skip versend’; figuurlik gesproke om iemand onverrichter sake weg te stuur; letterlik ‘na die skip bring of per skip wegstuur’.

Die gesegde **om iemand/iets af te skeep** (om iemand onverrichter sake weg te stuur) is ontleen aan 'n handelaar wat sy koopware waarvan hy ontslae geraak het, afskeep. Die uitdrukking verwys verder na iemand wat 'n lastige besoeker geleide doen na die skuit waarmee laasgenoemde gaan vertrek.

AFTAKEL

Die Nederlandse werkwoord **takelen** beteken ‘n skip toerus, ophys’. In Afrikaans beteken **takel** ‘aanval, afransel’. In aansluiting hierby word ook nog **betakel** gevind wat beteken ‘besmeer, bemors’ asook letterlik die optuig van 'n skip deur dit van takels te voorsien. Ndl. **aftakelen**, Middelnederlands **takel** (selfstandige naamwoord), skeepswant, kabeltoerusting van 'n skip; Vergelyk Middelnederlands **taken** (werkwoord) ‘pak, gryp, kry’. Eintlik word hier verwys na 'n skip waarvan die takelwerk afgeneem is. Die teenoorgestelde van **aftakel** is **toetakel**, dit wil sê om 'n skip van touwerk te voorsien sodat die vaartuig die see kan invaar. Tans word dit ironies gebruik om te verwys na iemand wat afgeransel word.

Vergelyk ook die uitdrukking **iemand sien daar gehawend uit**, waar Nederlands **havenen** beteken: ‘in orde bring, van die nodige voorsien’.

In Afrikaans beteken **gehawend** ‘toegetakel, verniel, gerinneweer, verwoes’.

Takel as sodanig verwys na seilskiptoerusting, dit wil sê die katrol- en toustel.

'n Ou gebou aftakel: afbreek

Die grysaard begin nou aftakel: die grysaard begin nou swak word.

AFTOG

Die woord **aftog** kom van Nederlands **aftocht** wat saamgestel is uit **af** + Middelnederlands **tocht**, waar laasgenoemde onder meer beteken het ‘trek van die leërmag, dus die wegtrek van die leërmag’. Die sein word dus gegee om terug te trek of te vlug deur op 'n trompet te **blaas** of op 'n trom te slaan.

Die aftog blaas: vlug; die sein gee om te vertrek of terug te trek.

AGIE

Die Afrikaans **agie** kom van die Nederlandse **Aagje** van **Agatha** van Griekse **agathe**, **agathos**, wat beteken ‘goed’. Die naam Aagje beteken dus oorspronklik ‘die goeie, die sagmoedige’. Hierdie naam is sedert 1654 reeds in Nederland bekend as opskrif van 'n klugboek van Jan Soet

met die titel *De gaven van de milde St. Marten: kluchtig avontuurtje van't nieuwsgierige Aegje van Enckhuysen*. Volgens die verhaal gaan 'n baie nuuskierige vrou met die naam **Aegje** na die Belgiese stad Antwerpen waar sy in die moeilikheid beland.

Hoewel ons vandag nie meer hierdie verhaal ken nie, leef haar naam voort in **nuuskierige agie**: 'n baie nuuskierige persoon wat oral neus insteek.

Orige agie: 'n snipperige, voorbarige kind.

'n Baie nuuskierige persoon kan afgejak word deur vir hom te sê: **Nuuskierige agies hoort in die wolwehok of nuuskierige agies kry baard**.

AGITOFEL

Van Hebreeus **achi**, 'broer van' + **tofel**, 'laf, walglik, ongerymd': 'broer van die verfoeilike'. Hy was die listige raadgewer wie se raad aan Absalom rampspoedige gevolge vir die slagoffer (Dawid) sou meegebring het as dit nie verydel sou word nie (2 Samuel 16, 17). Argitofel het oorgeloop na Dawid se seun Absalom en hom op slinkse wyse slegte raad gegee waardeur Dawid ontroon en Absalom kon koning word. Dit verwys ook na 'n persoon wat slegte of verkeerde raad gee.

Argitofel se raad is dan ook óf slegte of verkeerde raad óf goeie raad wat nie opgevolg word nie.

AGTERBAKS

Ndl. **achterbaks**, Middelnederlands **achterbacs**, 'agter die rug van': **achter**, 'agter' + **bac**, 'rug' (sien *bakboord*). Afrikaans: 'nie openhartig, openlik nie, onopreg, skelm, in die geheim, letterlik agter iemand se rug, onderduims'.

AGTERGROND

Ndl. **achtergrond**. In Afrikaans is dit letterlik die gedeelte wat die verste geleë is van die toeskouer; die herkoms, opvoeding en voorafgaande faktore en omstandighede waardeur 'n gebeurtenis verklaar word.

Op die agtergrond bly: in 'n posisie bly waar 'n mens nie die meeste aandag trek nie.

Op die agtergrond dring/skuiwe: verdring en daarna 'n minder belangrike posisie laat inneem.

Jou op die agtergrond hou: agtertoe staan, eenkant hou.

Jou op die agtergrond plaas: jy kry nie meer die hoofaandag nie.

Op die agtergrond raak: die aandag kwyd raak.

Iets op die agtergrond skuif/stel: min aandag daaraan wy, want dit is van minder belang.

Op die agtergrond tree: 'n minder belangrike posisie inneem.

AGTEROS

Ndl. **achteros** waar dit in 'Z.A.'/Afrikaans beteken 'die os wat agter in die span trek'.

Agteros kom ook in die kraal: figuurlik beteken dit iemand wat stadig is en wat agter by ander en met sy werk is: die stadige werker kry darem ook klaar, en al is 'n mens laaste, bereik jy tog jou doel.

AGTERPOOT

Ndl. **achterpoot**. Afrikaans enigteen van die agterste pote van 'n dier, insek: agtervoet, poot aan die agterkant van 'n stoel, ens.

Gou op jou agterpote staan, wees: opvlieënd van geaardheid wees, gou kwaad word.

AGTERWEË

Ndl. **achterwege**, Middelnederlands **achter weghe**. Afrikaans: ‘op, langs die weg’.

Agterweë bly: nie gebeur nie, weglaat.

Agterweë laat: nie doen nie, nalaat.

Agterweë hou: nie meedeel nie, terughou.

AHASVEROS/AHASVERUS. Hy was die koning van die Mede en die Perse wat tydens die Israelitiese ballingskap met die Jodin Ester getroud is (Vergelyk die Bybelboek *Ester*). Haar oom, Mordegai, het te hore gekom van 'n komplot gesmee deur die koning se raadgewer, Hamman, waardeur al die Jode uitgewis sou word en het Ester gevra om by Ahasveros vir hulle in te tree. Hamman is later opgehang aan die galg wat hy vir Mordegai voorberei het en die Jode is toestemming gegee om hulself te verdedig teen enigeen wat hulle sou aanval. Die Joodse vreugdefees Purim herdenk nog jaarliks die volk se verlossing uit die hande van hul vyande (Ester 9:26-32).

AKADEMIE

Hierdie woord, wat ‘genootskap ter beoefening en bevordering van wetenskap, lettere en kuns; opleidingsinrigting verwant aan 'n universiteit, die gebou’, beteken, is afgelei van Latyn **Academia** van Grieks **Akademia**, die Platoskool vir wysbegeerte van **Akademeia**, naam van die plek in Athene waar Plato studeer het van **Akademos**, legendariese Griekse held.

AKKER

1. Ndl. **akker** ('n weide waarop die vee gedryf word), Middelnederlands **acker**, wat die naam van 'n landmaat was, hou verband met **agere**, waarvan die betekenis waarskynlik ontwikkel het van land waarop vee gedryf word tot land waarop geploeg word. In die Afrikaans ken ons dit as ‘n stuk ploegland, soms met 'n standaardgrootte van ongeveer 'n halwe morg; blombeding, veld, aarde, wêreld’.

Om iemand van die akker af (te) maak beteken om hom dood te maak.

Die akker van die dode, Godsakker, die akker van die Here verwys na die begraafplaas.

Elke man op sy eie akker beteken elkeen moet sy eie sake behartig, elkeen op sy pos.

'n Onontgonne akker is 'n gebied wat nog nie ondersoek is nie.

Nie omgee oor watter akkers die water loop nie is om nie om te gee wat 'n mens sê of doen nie.

Die vraag **Waar op die wye akker?** word gevra as ons wil weet waar in die wye wêreld iets of iemand is.

2. Ndl. **aker**, Middelnederlands **acker**, akker, Goties **akran** ‘vrug’ uit Germaans **akrana-**, hou verband met Oud-Bulgaars **agoda, jagoda** ‘vrug’. Afrikaans: onder andere die vruggie van die akkerboom, eikel; die akkerboom self.

Sy akkers brand: hy kry swaar.

Jou akker sal kraak, bars: jy sal dit nog moeilik hê, pak kry.

Jou akkers roer: jou haas.

Die akkers werk met hom: hy is besope.

AKKOORD

Ndl. **akkoord**, Middelnederlands **acoort, accort**, ‘eensgesindheid, eenstemmigheid, instemming, ooreenstemmende gevoel, meng; vereniging van persone met dieselfde gevoelens, geselskap,

akkoord, harmoniseer, ooreenkom'; **taccorde**: 'tot 'n ooreenkoms kom, geraak; aard, natuur'; **na sijn akkoord**: 'na sy hart, na behore' van Latyn **accordare** van **ad** + **cor, cordis**, 'hart'.

Met iemand akkoord gaan beteken 'om eensgesindheid of eenstemmigheid te bereik; 'n vermenging van persone met dieselfde gevoelens'. In Afrikaans dui dit op 'n skikking, ooreenkoms'; in die musiek is dit die sameklank van drie of meer tone in 'n oktaaf.

Akkoord! Top!: Ek stem in om mee te doen, ek gaan daarmee saam. (Sien *Top*.)

ALARM

Alarm maak beteken om 'n waarskuwende geluid te maak. Die woord **alarm** kom oorspronklik van die Frans **alarme** of Italiaans **allarme** en is eintlik 'n bevel: **All'arme** 'tot die wapens'! Dit is 'n waarskuwing van dreigende gevaar.

In die militêre wêreld het **alarm blaas** verwys na die trompet blaas.

Alarm slaan: na die trom slaan.

Alarm lui: na die klok lui om die soldate te wapen te roep.

'n Blinde/vals alarm: 'n bedrieglike alarm wanneer daar geen gevaar is nie.

'n Stille alarm: 'n waarskuwing wat sonder geraas en onhoorbaar vir die vyand gegee word.

ALBASTE(R)

Die vorm in Ndl. is **albast**, in Mdl. **al(a)baste(re)n**, wat verband hou met Latyn **alabaster** van Grieks **alabastros, alabastos** van Egipties **al-a-Baste**, 'fles/kruik van (die godin) Baste'. Dit is 'n digte, kristallynkorrelrige gipssoort, afkomstig onder andere uit Italië en dele van Duitsland en Engeland, soms wit en deurskynend, maar ook grys, gelerig, rooiwit of blougrys en meermale gevlek. Dit word ook **gipsalbaster** genoem, ter onderskeiding van **kalkalbaster, Egiptiese albaster, Oosterse albaster** of **Gibraltarsteen** 'oniksmarmer'.

Baste, 'n vrouefiguur met die kop van 'n kat, was 'n baie ou Egiptiese godheid wat sedert 3200 v.C. aanbid is. Haar kultus was gesetel in die Nyldelta by die stad **Bubastis**; die Faraos wat vanuit dié stad regeer het, het haar tot belangrike godin verhef. 'n Nuwe tempel ter ere van Baste is by Thebe gebou. Die rede waarom haar kultus in die Delta ontstaan het, kan wees dat die inwoners van dié gebied waar allerhande soorte slange voorgekom het, die wildekat ('n slangdoder) in hul huise verwelkom het. Die kat het maklik mak geraak en 'n huisdier geword. Herodotus het in sy geskryfte melding gemaak van 'n begraaftplaas van gemimmufiseerde katte te Bubastis.

ALEKSANDRYN

Dit is 'n versreël van twaalf lettergrepe, of dertien wanneer dit op 'n swakbetoonde lettergreep eindig. In die reël verdeel dit in ses jambiese voete met 'n sesuur na die derde voet. Die naam is vermoedelik afkomstig van 'n Oud-Franse, Middeleeuse *Alexanderroman* (1180), of vernoem na **Alexandre de Bernae**, die vernaamste digter daarvan. Veral Spenser en die Franse digters Ronsard, Racine en Corneille wend dit aan.

AMARYLLIS

Dit is 'n geslag Suid-Afrikaanse bolplante wat dikwels as tuinblomme gekweek word; dit staan ook bekend as die **beladonna-/maartlelie**. Van Latyn van Grieks **Amarullis**.

Dit is die algemene naam van 'n beminde uit 'n landelike omgewing, na aanleiding van die naam van 'n plattelandse meisie of herderin in die idilles van Theocritus, die *Eclogae* van Virgilius en ander pastorale gedigte.

AMEN

Die Hebreuse woord beteken ‘voorwaar, seker’ en word onder die Jode en later die Christene gebruik om 'n bevestiging, 'n vaste geloof in iets, die welgemeende belofte aan te dui. Dit kom meermale voor aan die einde van lofprysings (sien die Psalms), aan die einde van 'n gebed (byvoorbeeld die Onse Vader: Matthëus 6:13) of aan die einde van 'n Bybelboek. Dit verkry dus die betekenis van ‘einde’.

As iemand **ja en amen** op iets sê, vind hy dit goed so (2 Korinthiërs 1:20), dit wil sê hy is 'n jabroer, 'n **amensegger**, 'n vyand van alle teenspraak.

'n Mens kan ook sê ‘**ek sê amen daarop**’, dit wil sê ek stem saam (sien byvoorbeeld Deuteronomium 27:12-26).

Van ewigheid tot amen beteken ‘altoos dieselfde’ en dit is ontleen aan die gedurige herhaling van die slotwoorde van die Onse Vader.

AMMONIAK

Die naam is afgelei van Latyn (**sal**) **ammoniacus**, ‘(sout) van Ammon’ van Grieks **ammoniakos**, ‘van Ammon’ – die Griekse naam vir die Griekse god **Amun**, die god van lewe en voortplanting wat voorgestel word as 'n man met 'n ramskop. Ammoniak is oorspronklik verkry uit 'n gebied naby die tempel van Ammon in Libië.

Dit is 'n alkaliese middel wat maklik met sure verbind om ammoniumsoute te vorm, maar ook met metale ter vorming van amines en nitrides, is baie oplosbaar in water waarmee dit ammonia of ammoniakoplossing vorm, is saampersbaar tot 'n kleurlose vloeistof met kookpunt 33,2 °C wat by verdamping soveel hitte opneem dat dit heelwat in verkoelingsapparate gebruik word, vorm belangrike derivate en word vry of in verbinding aangewend in die geneeskunde, in die kunste, maar veral as bemestingstof.

AMOK

Die woord **amok** is reeds in 1622 en 1624 in Nederlands gedokumenteerd en kom ook voor in Engels (**amuck**), Portugees (**amouco**), Spaans (**amuco**) en Hoogduits (**amock**).

Amok maak, beteken om 'n opskudding of steurnis te veroorsaak. Dit is 'n plotselinge toestand van groot opwinding veral by Oosterse volke: dit kan oorgaan tot tydelike verstandsvybering met 'n neiging tot geweld en moord sonder inagneming van persoonlike veiligheid.

AMPÈRE

Dit is genoem na **André Marie Ampère** (1775-1836), 'n Franse fisikus, wis- en natuurkundige, wat navorsing gedoen het in verband met elektrodinamika en wat die magnetiese uitwerking van elektriese strome ondersoek het.

Die **ampère** (afkorting **A**, **amp**) is 'n praktiese eenheid van stroomsterkte en word gedefinieer as ‘dié konstante stroom wat, as dit vloei in elk van twee oneindige lang, parallelle geleiers een meter uitmekaar in 'n vakuum, veroorsaak dat elke geleier 'n krag van 2×10^{-7} newton per meter ondervind’.

AMPIE

Ampie is die verkleinwoord van **Abraham**, van Hebreus **Abraham**, óf van Babilonies wat beteken ‘hy het die vader lief’ óf Aramees wat beteken ‘vader van die hoogte’. Ons het die baie eenvoudige bywoner **Ampie** leer ken uit die pen van Jochem van Bruggen (1881-1957) wat drie boeke skryf met hom as hoofkarakter, naamlik *Ampie die natuurkind* (1924), *Ampie die meisiekind* (1928) en *Ampie die kind* (1943).

Ampie verwys na 'n agterlike armbanke uit die onderste laag van die samelewing.

ANGORA

Weefstof uit **angorahaar**; namaaksel van angorastof; soort bok (konyn, kat) met lang, geelwit, gekartelde, syerige hare, oorspronklik afkomstig uit **Angora** in Turkye; sybok, angorabok/kat; persoon met wit hare. Angora was die ou naam vir **Ankara**, die huidige hoofstad van Turkye.

ANGSTÖM

Dit is genoem na die Sweedse fisikus **Anders Jons Angström** (1814-1874), 'n pionier op die gebied van die spektroskopie. Sy seun, **Knut Johan** (1857-1910) het navorsing gedoen in verband met sonstraling.

Die **angström** is 'n lengte-eenheid wat gebruik word vir die golflengte van lig en X-strale, gelyk aan die 10 mil. gedeelte van 'n mm/'n tiende deel van mmu (millimikron).

ANNA

Antjie is die verklieningvorm van die vrouenaam **Anna** van Grieks **Anna** van Hebreeus **Chaanah**, wat 'grasie' beteken. **Hanna** is afkomstig van dieselfde Hebreeuse naam.

In die eerste plek is **Antjie Somers** die naam van 'n geheimsinnige persoonlikheid wat gebruik word om stout kinders die skrik op die lyf te jaag. Hierdie paaiboelie word gewoonlik voorgestel as 'n man of vrou in die klere van die ander geslag uitgedos. Antjie Somers kan verder gebruik word om te verwys na 'n persoon wat verwaarloos en soos 'n spektakel daar uitsien.

Wanneer ons sê dat iemand, veral 'n vrou, 'n **Antjie Taterat** is, bedoel ons dat die persoon graag skinder. Dit is 'n interessante kombinasie van 'n vrou se naam, naamlik **Antjie**, en 'n gedeelte van die klanknabootsende voël naam **jantaterat/jantatarat**. Hierdeur word die persoon se baie gepraat en geskinder in verband gebring met die gekwetter van hierdie voëlsoort.

APPEL

In die mitologie van heelwat groepe verteenwoordig die appel die een of ander hemelliggaam. 'n Moontlike oorsprong hiervoor is die Indo-Europese bygeloof dat (die) Son en (die) Maan oorsprong aan die mens gegee het, nadat Luna (die Maan) 'n appel aan haar woedende man, die Son, gegee het. In die folklore van sommige Europese volke is die appel opgedra aan die maangod en simboliseer onsterflikheid.

Die bygeloof dat die appel genesende krag sou besit, geld nog in die 16de en 17de eeu in Engeland en vandag hoor 'n mens nog die uitdrukking **an apple a day keeps the doctor away**. Volgens die mitologie het die Skandinawiese gode die ewige jeug behou deur te eet van die goue appels van die godin Idhun, godin van die jeug en die lente.

In 'n Walliese legende het die helde die aardse dood gesoek om sodoende in **Avalon**, 'n paradys vol appelbome, voort te leef. Die pleknaam Avalon kom heel moontlik van die Walliese woord vir appel, naamlik **afal**. Aangesien die appel byna sirkelvormig is, simboliseer dit totaliteit. Die vrug is ook die simbool van vrugbaarheid en aardse begeertes. In die Keltiese en Griekse mitologie was daar drie goue appels (waarmee die ewige jeug bekom kon word) aan die lewensboom in die godetuin van die Hesperides, die dogters van die Nag.

Die uitdrukking **die goue appel wegdra (wen)**: 'as die mooiste erken word', en die uitdrukking **die twisappel werp**: 'aanleiding gee tot twis', hou verband met voorgaande. Die uitdrukking **die twisappel werp** se herkoms word duidelik uit die volgende verhaal uit die Griekse mitologie: Daar word 'n groot bruilofsfees gehou toe Perseus, koning van Thessalië, met die seegodin Thetis getroud is. Talle gode is genooi, maar nie Eris, godin van twis en tweedrag nie. Tydens die fees verskyn sy tussen die gaste, en met 'n boosaardige glimlag gooi sy 'n pragtige goue appel onder die aanwesiges in. Op hierdie appel staan die woorde: *Vir die mooiste*. Onmiddellik begin die

godinne hewig twis, want elkeen wil die pragtige appel hê (vandaar twisappel). Slegs *Hera*, *Athena* en *Aphrodiet* bly naderhand oor. Hulle gaan na Zeus en hy moet besluit wie is die mooiste, maar hy stuur hulle na die sterfling Paris, seun van koning Priamos van Troje, sodat hy moet besluit. Die godinne is egter nie van plan om net op hul voorkoms staat te maak nie, en elkeen probeer Paris iets aanbied om sy guns te wen. Toe Aphrodiet hom egter die mooiste vrou op aarde beloof indien sý die appel sou kry, plaas Paris dit in haar Handeling Hierdie episode gee aanleiding tot die Trojaanse oorlog. Paris neem Helena, beeldskone vrou van Menelaos van Sparta, saam met hom terug na Troje. Hierop beleër die Grieke die stad Troje vir meer as nege jaar en wen uiteindelik die oorlog teen die Trojane.

Iets vir 'n appel en 'n ei koop/verkoop ‘iets teen 'n geringe prys, spotgoedkoop verkoop’ is oënskynlik aan die ruilhandelstelsel van die outyd ontleen. Argumentsshalwe word die maksimum bedrag geneem op R100 om dit met ons geldstelsel in verband te bring:

Een vet os	R100,00
Tien skape vir een os; dus een skaap	R 10,00
Tien ganse vir een skaap; dus een gans	R 1,00
Tien duiwe vir een gans; dus een duif	R 0,10
Tien eiers vir een duif; dus een eier	R 0,01
Tien appels vir een eier; dus een appel	R 0,001

Hieruit blyk dit dat die geldwaarde van een eier (ei) maar een sent en dié van 'n appel een-tiende van 'n sent is.

APPÈL

In appèl gaan teen 'n uitspraak: in hierdie gesegde is die selfstandige naamwoord **appèl** afkomstig van die Ndl. **appel**, die Mnd. **apeel**, **appeel**, **apel** (‘oproep voor die gereg, hoër beroep’) en van die Franse **apeler** van Latyns **appellare** wat beteken ‘noem, aanspreek, smee, roep’.

Wanneer 'n veroordeelde hom binne 'n bepaalde termyn op 'n hoër hof beroep, teken hy appèl aan teen die vonnis ten einde 'n uitspraak deur 'n laer hof gegee, nogmaals te laat ondersoek, en indien moontlik, gunstig te wysig.

APRIL

Die Latynse benaming **Aprilis** waarvan dié maandnaam afgelei is, het die Germaanse woord daarvoor heeltemal verdring. **April** was oorspronklik die tweede maand. **Apr-** is die ou komparatief van Latyn **ab** en Grieks **apo** (Afrikaans **af**). In Goties beteken **afar** ‘later’, in Sanskrit beteken 'n verwante woord **later**, ‘tweede’.

Die Aprilgrap wat aanvanklik in Nederland, Duitsland, Frankryk en Engeland bekend geraak het, is eers sedert die sewentiende eeu oorgelewer.

ARAGONIET

'n Mineraal wat, soos kalsiet, bestaan uit kalsiumkarbonaat, maar wat verskil van kalsiet in sy ortorombiese kristallisering, effens groter digtheid, ens. Deur vertweeling word die heksagonale kristalvorm deur hierdie mineraal nageboots. Vernoem na **Argon**, 'n streek en vroeëre koninkryk van Spanje.

ARGIPEL

See waarin 'n groot aantal eilande of eilandgroepe nie ver van mekaar lê nie; eilandsee/-groep.

Archipelago, die Egeïese see van Italiaans **Arcipelago**, ‘die hoofsee’ (moontlik 'n foutiewe weergawe/vertolking van Grieks **Aigaion Pelanos** ‘die Egeïese See’. Uit **arch(i)** van Grieks **arkh(i)** van **arkhos** ‘hoof, regeerder’, **arkhein** ‘om te begin, om te regeer’ + Grieks **pelagos** ‘see’.

AS

Uit die as verrys, wat beteken om ná 'n verwoesting of brand weer opgebou te word, of ná 'n nederlaag weer op te staan, het as uitdrukking sy ontstaan by die fabelagtige voël, die feniks. Dit is 'n pragtige gekleurde mitiese voël met sekere eienskappe van 'n fisant. Hierdie eiesoortige voël is so groot so 'n arend en word vyf- tot seshonderd jaar oud. Sy woonplek is in die Arabiese woestyn waar hy kort voor sy dood vir hom 'n nes van welriekende kruie op 'n berg bou en daarin gaan sit. Die sonstrale steek die nes aan die brand en die fabelvoël verbrand tot as. Uit dié as verrys daar 'n nuwe, verjongde voël wat weer vyf- tot seshonderd jaar lank leef. Die feniks simboliseer onsterflikheid.

ATLAS

'n **Atlas** is iemand wat 'n groot las dra en op wie die hele verantwoordelikheid rus. Die reus **Atlas** was 'n Titan wat deur Zeus daartoe veroordeel is om die hemelgewelf op sy skouers te dra om sodoende te verhoed dat dit op die aarde val. Dié taak was sy straf omdat hy aan die Titane se opstand teen Olympus deelgeneem het.

ATOL

Ringvormige koraaleiland met 'n seemeer of lagune in die middel, deur kalkafskedende seediertjies opgebou. Malayalam **atolu** ‘rif’; dit is die inboorlingnaam vir die Maledive (eilande).

AUGUSTUS

Dié naam kom van Latyn **mensis Augustus**: die maand Augustus. Die Latynse maandnaam verdring die ou Germaanse naam en later het dit in die omgangstaal algemeen bekend geword. **Augustus** was die bynaam van alle Romeinse keisers en is die eerste maal aan Octavius toegesê toe hy die eerste Romeinse keiser geword het.

Die adjektief **augustus** beteken ‘geseën, gewy, geheilig, verhewe’. **Augustus** (63 v.C. - 14 n.C.) het ná Julius Caesar (sien *Julie*) se dood die mag in Rome verkry. Nadat hy Marcus Antonius en Cleopatra in 31 v.C. verslaan het, was hy die heerser van die Romeinse Ryk. Die Senaat vereer hom met die titels Imperator en **Augustus**. Keiser Augustus het onder meer die administrasie hervorm, Rome verfraai en die weë van die stad verbeter. Tydens sy bewind het die argitektuur 'n bloeityd beleef, en dié tydperk in die literatuur is na hom vernoem. In 8 v.C. is die maand Augustus vernoem na hierdie eerste Romeinse keiser.

Voor daardie datum is die maand ‘Sextillus’ genoem (die sesde maand) soos oorgeneem uit die tyd toe die Romeinse jaar op 1 Maart begin het. Sextillus het egter net dertig dae gehad, en dus een minder as Julie wat vernoem is na Julius Caesar. Augustus kon dit nie so aanvaar nie en verleng Augustus sodat dié maand en Julie ewe lank is; hy verkort Februarie tot 28 dae – en so word dit die jaar se kortste maand!

AUSTENIET

Austeniet is 'n massiewe oplossing van koolstof of ysterkarbid in yster, mikroskopies bepaal as 'n samestellende deel van staal onder sekere toestande.

Dit is so genoem na die Britse metallurg **William Roberts-Austen** (1843-1902).

B

BAAN

Op die lange baan skuiwe: in hierdie uitdrukking is die woord **bank** vervorm tot **baan**. In die outyd het die regters op die kort banke in die hofsaal gesit. Teen die een muur van die hofsaal het 'n lang bank gestaan. Indien 'n bepaalde saak uitgestel word, het hulle letterlik die prosesstuk oorgeskuif tot op daardie lang bank.

BABBIT

Babbit is 'n wit metaal wat algemeen bekend staan as 'witmetaal'. Dit is genoem na die Amerikaanse uitvinder **Isaac Babbit** (1799-1862).

BACCHANT(E)

As soort naam dui dit op 'n uitgelate man/uitspattige, losbandige, besope vrou; 'n vereerder van Bacchus'. Van Latyn **bacchus** van **bachare**, om fees te vier ter ere van Bacchus van Grieks **Bakkhan** van **Bakkhos** van 'n nie-Indo-Europese taal in Anatolië van **Bacchus**, die god van die wyn.

BACCHUS

Bacchus, die god van die wyn, was die Romeinse naam vir die Griekse god **Dionysus**, ook Dionysos. Aanvanklik was Dionysus net die god van wyn; later word hy aanbid as god van plesier, en nog later word sy status verhoog tot dié van 'n baie belangrike god. Dionysus beteken dan ook letterlik: 'Zeus (god) van Nysa'. Daar is gereelde feeste, die **Dionysia**, tot sy eer gehou. Namate die Dionysus-legende verander het, het die voorkoms van die godheid ook verander. Heel aan die begin is hy voorgestel as 'n bejaarde, bebaarde man met druiweranke oral om sy kop gedraai. Later word hy voorgestel as 'n verfynde jongman, soms met die vel van 'n panter om sy liggaam gedraai, en soms met 'n kleed soos dié van 'n vrouerok. Daar was 'n kroon van druiweranke en -trosse op sy krulkop, en in die een hand het hy druiwe of 'n wynbeker vasgehou. Dionysus word in die Roemeinse mitologie oorgeneem en gelykgestel aan Bacchus. **'n Aanbidder van Bacchus** is iemand wat graag sterk drank (gewoonlik in oormaat) gebruik, terwyl om **aan Bacchus (te) offer** beteken om wyn en ander sterk drank in oormaat te drink.

BAJONET

Onder andere 'n steekwapen, gewoonlik aan die punt van 'n geweerloop.

Van Frans **baïonnette** van die hawestad **Bayonne** in die suidweste van Frankryk en ongeveer 15 km. noord van die Spaanse grens, waar hierdie wapens die eerste keer vervaardig is.

BAKBOORD

Om iemand **van bakboord na stuurboord (te) stuur** beteken om hom rond en bont te stuur. Die bakboord is die linkerkant van 'n skip wanneer 'n mens na die stewe kyk, terwyl stuurboord op die regterkant dui. Vroeër het die roer nie aan die agterstewe gehang nie, maar wel aan 'n leerring aan die regterkant van die skip. Die stuurman moes dit met albei hande beweeg en het dus met sy rug (**bak**, Middelnederlands **bache** en Engels **back**) na die linkersy gestaan; daarom is dit die **bakboord** genoem. 'n Woord wat alledaags gebruik word, is **agterbaks** (vergelyk Middelnederlands **agterbaecs** wat saamgestel is uit **achter** + **bak(e)** wat beteken 'rug'. Dit beteken letterlik 'agter die rug; geheim, onopreg, onderduims'.

BAKELIET

Bakeliet is die handelsnaam van 'n kunshars waarvan elektriese uitrusting, plastiekware, verf, vernis ens. vervaardig word. Dit word verkry deur die inwerking van fenole op formaline, waardeur hierdie stowwe kondensasieprodukte lewer. Die Belgies-gebore Amerikaanse chemikus **Leo Hendrik Baekeland** (1863-1944) het dit uitgevind en ontwikkel.

BAKERMAT

Die uitdrukking **die bakermat van die beskawing** verwys figuurlik gesproke na die plek of streek waar iets ontstaan het en tot ontwikkeling gebring is. In die outyd was die vrou wat as versorger van die pasgebore baba en sy ma opgetree het, as die **baker** bekend. Die **bakermat** was 'n langwerpige, lae mandjie waarin die baker die kindjie op haar skoot versorg het – gewoonlik voor die vuurherd. Dit kon ook verwys het na die sitplek by die vuurherd wat vir hierdie doel gebruik is. In Nederlands kom beide **bakermat** en **bakermant** voor.

BALDAKYN

Die woord beteken 'troonhemel, bedekking wat oor 'n troon, persoon, ens. gehou word; oorkapping bokant 'n ledekant; vleuelbok (lugvaart)'. Italiaans **badacchino** van Oud-Italiaans **Baldacco** uit **Bagdad**, bekend in die Middeleeue vir die verskillende soorte brokaat wat daar vervaardig is. Bagdad is die hoofstad van Irak, geleë aan die oewer van die Tigris.

BALK

Jesus het sy volgelinge geleer dat 'n mens eers na jou eie foute moet kyk voordat jy iemand anders veroordeel, dalk vir iets baie geringer. Jy moet eers **die balk uit jou eie oog haal** voor jy die splinter in jou broer se oog soek (Matthëus 7:3, Luk. 6:41-42). **'n Mens moet dit aan die balk skryf**: van Ndl. **men moet het aan de balk schrijven**: dit is 'iets heel besonders', dit is 'n kunstuk'. In die ou ysherberge is aan 'n solderbalk geskryf wie die eerste oor die ys aangekom het. Dit is 'n oorblyfsel van die ou gewoonte om merkwaardige dinge met kryt aan die balk te skryf. Ook in die Nieuwe Kerk word aldus die heugelike nuus van die Onoorwinlike Vloot (1588) bewaar.

BANG

Die volksverhaal lui dat dit die besondere opdrag van die duiwel is om dronkaards te beskerm. As één sou verongeluk, moet die duiwel die slypsteen draai, en daarvoor is hy bang, en om dié rede verongeluk dronkaards selde. Die outydse slypsteen was 'n dik ronde sandsteen skyf op pote met 'n slinger. Dit word moeisaam gedraai en water word opgegooi terwyl iemand sy gereedskap en goed slyp. Dit is tydrowend en vereis geduld, en maak 'n mens se rug seer. Die duiwel weet dit; vandaar die uitdrukking: **so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen**.

BANK

Deur die bank beteken 'gemiddeld'. Van Ndl. **door de bank/band**. Hierdie uitdrukking het sy ontstaan te danke aan die gebonde koringgerwe wat dieselfde gemiddelde dikte het.

BANTAM

Dit is die naam van 'n dwergagtige hoendersoort wat oorspronklik uit **Bantam** in Java kom; kapokhoender. Bantam in Noordwes-Java was die plek van die eerste Hollandse nedersetting in Oos-Indië. Figuurlik gesproke is **'n bantam** 'n veglustige persoon, of 'n persoon wat baie klein is. (Vergelyk *Kapokhaantjie*.)

BAROK

As 'n soortnaam dui dit op 'n kunsvorm wat in die laat 16de eeu in Italië ontstaan het en in die 17de eeu dwarsdeur Europa posgevat het as reaksie teen die beheerste klassisisme en soms gekenmerk is deur geswolle styl en gesogtheid; as b.nw. dui dit op 'grotesk, grillig, fantasties, onreëlmatig'. Bekende Barokkunsenaars was onder andere Bernini, Borromini, Vignolia (Italië) en Churriguera (Spanje).

Van Frans van Italiaans **barocco**, genoem na die uitvinder van dié styl, **Federigo Barocci** (1528-1612).

BAUXIET

'n Sagte, wit, kleiagtige mineraal, gevorm van verwerking van aluminahoudende gesteentes; gebruik in die vervaardiging van aluminium-metaal. Dit is ontdek by **Les Baux** in Suid-Frankryk en na die plek vernoem.

BEDROË

Die werkwoord **bedriegen** hou verband met die Oud-Noors **draugr**: 'spook' en Iers **aurdrach**: 'spook'. Woorde soos **bedrog**, **drogrede**, **gedrog** en **droom** is van **bedriegen** afgelei.

Bedroë daarvan afkom: om mislei, gekul, gefop te word.

BEER

'n **Ongelike beer** (Ndl. 't Is een ongelike beer): 'onfatsoenlik, onbeskaafd'. Volgens die volksgeloof word die jong beertjie gebore as 'n vormlose stuk vleis, die berin moet hom dan lek ('lik') totdat hy fatsoenlik is.

BEETHÊ

Om **iemand/iets beet te hê**, beteken 'om iemand/iets vas te hê, letterlik met die tande'. Die woord **beet** in **beethê** het dieselfde etimologie as **beet** (die groentesoort). **Beet** (Middelnederlands **bete**, verbaalnomen by **byt**) verwys in hierdie geval na 'hap met die tande'.

BEGRIP

'n **Goeie begrip het 'n halwe woord nodig**: 'n mens het nie nodig om iets uitvoerig aan 'n persoon te verduidelik wat vinnig snap waarvan jy praat nie. Van Latyn **intelligenti pauca**: 'vir die verstandige (is) min woorde (voldoende)'.

BEL/BELL

Hierdie akoestiese eenheid wat veral in die VSA gebruik word vir die logaritmiese uitdrukking van energieverhouding by telefoon- en radioverbindinge, is vernoem na die Skots-gebore Amerikaanse uitvinder van die telefoon, **Alexander Graham Bell** (1847-1922). Die sterktes of intensiteite van twee geluide verskil een **bel** as die geluid 'n tien maal so groot intensiteit as die ander het. Behalwe die bel is ander eenhede vir geluidsverskille die **desibel** (= 0,1 bel), die **fon** (= 0,1 bel), dikwels as absolute eenheid gebruik, en die **neper** (= 0,868 bel) wat in Europa gebruiklik is. Alexander Graham Bell het die opvoeding van dowes bevorder om sodoende die werk van sy vader, **Alexander Melville**, voort te sit. In 1877 is die **Bell Telephone Co.** georganiseer; onder Bell se leiding word die Volta-laboratorium opgerig waar die eerste suksesvolle fonografie-opnames gemaak is. Bell was ook die uitvinder van ander fonografiese en fonofoniese apparatuur. Hy was onder andere die stigter van die Astrophysical Observatory (Smithsonian Institute) en die Aerial Experiment Association.

BELHAMEL

Hy is 'n regte belhamel: 'n voorbok of leier (in die negatiewe sin); oorspronklik verwys dit na 'n **hamel** wat die **bel** of klok dra en dan deur die trop gevolg word. Dié ram of hamel was die leier van 'n trop skape of bokke.

BELOFTE

Die uitdrukking **die beloofde land** word slegs in Hebreërs 11:9 vir Palestina of Kanaän gegee waar daar verwys word na Abraham wat deur die vaste geloof dat God wéét waarheen Hy hom lei, getrek het na die beloofde land (1933-vertaling: **land van belofte**), 'n vreemdeling in 'n vreemde land waar hy, en later Isak en Jakob, in tente gewoon het. God het telkemale vir die Israelite belowe dat hulle in Kanaän in 'n land van groot oorvloed sou woon (Gen. 12:3, Gen. 17:8 ens.). In Deut. 8:7-9 word hierdie land beskryf as 'n goeie land: 'n land met waterstrome, met fonteine en riviere wat in valleie en berge ontspring, 'n land van koring en gars, wingerde, vyebome en granate, 'n land met volop olyfolie en heuning, 'n land sonder armoede, waarin jy genoeg sal eet en niks kortkom nie, 'n land waarin daar volop yster in die klippe is en waar jy kan koper delf in die berge'. (Vandaar die uitdrukking **'n land van melk en heuning**.) Hoewel die benaming as sodanig slegs een keer voorkom, mag op grond van die Ou-Testamentiese beloftes aanvaar word dat die beloofde land (dit wil sê die land wat aan die Israeliete beloof is) 'n plek van hoogste geluk en ryklik geseënde toestande is.

Hierdie idee kan gevind word in die uitdrukkings **hy leef in die land van belofte**: dit gaan met hom in alle opsigte voorspoedig teenoor **hy sterf van honger in die land van belofte**: 'n mens kan deur jou eie skuld of deur onvoorsiene omstandighede, ook by besit van die beste, nog ongelukkig daarvan afkom.

BENJAMIN

(Iemand se) **Benjamin**: iemand se liefling. **Benjamin** was aardsvader Jakob se jongste, en sy lieflingseun. Sy naam beteken 'seun van my regterhand' of 'seun van my geluk'. Hy en Josef was die enigste twee kinders van Ragel, Jakob se lieflingvrou wat met Benjamin se geboorte oorlede is. Jakob het hom hierdie naam gegee ten spyte van Ragel se sterwensversoek dat hy Ben-Oni ('seun van my smart') genoem moet word. Hy was egter nie net sy pa se liefling nie: Josef gee hom in Gen. 43:34 tydens die feesmaal 'n vyfmaal groter porsie as vir sy ander (half-)broers, en hulle toon op hul beurt ook treffende bewys van hul toegeneentheid en tere liefde teenoor hom (Gen. 42:37; 43:9 en 44:13). Daar word ook soms na 'n jongste kind verwys as 'n **Benjamin(tjie)**.

BENTONIET

'n Noord-Amerikaanse klei, hoofsaaklik montmorilloniet, wat ontstaan deur die verwerking van vulkaniese as en gekenmerk deur die vermoë om groot hoeveelhede water op te neem, waarby dit tot 30 maal sy eie droë volume uitswel; dit word vir talryke doeleindes gebruik en is veral belangrik by olieboordery en -raffinering.

BERDE

Wanneer ons **'n saak ter berde bring**, bring ons dit 'ter sprake of op die tafel (vir bespreking)'. Ook in Nederlands kom die selfstandige naamwoord **berd** slegs in die uitdrukking **te berde brengen** voor. Dit hou verband met die selfstandige naamwoord **bord** (vergelyk Afrikaans 'broodbord') wat in Middel-Nederlands bekend was as **bort, bart, bert** (Vergelyk **berde**) wat beteken 'plank, bord'; dit kan verder teruggevoer word na **bred**, vergelyk Oud-Hoogduits **brät**, Angel-Saksies **bröd**, 'plank, bord'.

BERGE

Berge versit is 'n uitdrukking wat Paulus in 1 Kor. 13:2 gebruik om aan te dui dat jy iets bereik wat menslike krag te bowe gaan. Jesus verwys ook in Matthëús 17:20 en 21:21 na hierdie bomenslike krag wat deur die geloof ons s'n kan word, hoewel hy die gedagte omskryf en nie as vaste uitdrukking gebruik nie.

BERIL

1. 'n Harde mineraal, 'n silikaat van berillium en aluminium wat in heksagonale prisma's voorkom en gewoonlik seegroen of blougroen, maar soms ook geel, wit of rooskleurig is; die helder soorte word as edelgesteentes gereken.

2. 'n Seegroen kleur.

3. Smarag.

Oud-Frans van Latyn **beryllus** van Grieks **berullos**, van Dravidiese oorsprong, moontlik van **Velur** (hedendaagse **Belur**, stad in Suid-Indië).

BERTHELOTBOM

Die **berthelotbom** is 'n toestel wat bestaan uit 'n dikwandige staalfles, van buite vernikkel en van binne met platina of emalje bedek, om die verbrandingswarmte van allerhande stowwe te bepaal; dit word ook die 'kalometriese bom' genoem.

Dit is genoem na die uitvinder, die Franse skeikundige, **Pierre Eugène Marcelin Berthelot** (1827-1907); hy was een van die pioniers op die gebied van moderne organiese chemie en het ook navorsing gedoen in verband met termochemie en plofstowwe.

BERTILLONAGE

Dit is 'n stelsel vir die identifisering van misdadigers deur die afmeet en fotografering van sekere liggaamsdele.

Dit is so genoem na die uitvinder daarvan, **Alphonse Bertillon** (1853-1914).

BESEMSTOK

Die uitdrukking **oor die besemstok getroud** verwys waarskynlik na 'n Europese gebruik van huweliksgaste om die landelike huwelikspaar na hul nuwe tuiste te begelei. Presies tussen die twee huise het die gaste 'n besem dwarsoor die voetpad gehou, en die bruidspaar het daaroorheen getree – vir die geluk!

BESETE

Die gedagte van om deur die duiwel besete te wees, word soms gebruik om kranksinnigheid aan te dui.

Ons vra soms: **Is jy besete?** (is jy gek?) wanneer ons 'n uitroep van verwondering gee oor iemand se onverstandige of onverwagte optrede.

Hy tree op soos 'n besetene dui weer op iemand se dolle drif waardeur hy die indruk van woedende kranksinnigheid skep (Luk. 8:27-37). Hierdie uitdrukking is ontleen van die Joodse geloof, wat hulle met ander ou volke in gemeen gehad het, naamlik dat alle liggaams- en geesteskwale aan die bonatuurlike werking van bese geeste toegeskryf moes word en dat veral epilepsie, gevalle van kranksinnigheid, plotselinge histeriese blindheid, doofheid en sprakeloosheid deur die werking van bese geeste veroorsaak word (sien byvoorbeeld Matthëús 12:22-24; 17:15-18).

Besete wees is eintlik 'n verkorte manier van sê: 'hy word deur 'n duiwel, 'n onrein gees beset/besit'.

BIBBER

In **bibber en beef** kom die werkwoord **bibberen** eers in Ndl. voor. Dit is 'n frekwentief-formasie by **bewe (beven)**, net soos Nieu-Hoogduits **bebern**, Noord-Fries **bevern**, Oud-Noors **bifra**. Dit is 'n reduplikasievorm van die Indo-Germaanse wortel **bhei-**, 'vrees'. Vergelyk die werkwoorde **dribbel**, **kibbel** en **stribbel** wat ooreenkom in vorm. **Beef** is afkomstig van Ndl. en Middelnederlands **beven**, Oud-Fries **bevia**, Angel-Saksies **beofian** en Oud-Noors **bifa**, 'bewe'. Dit is eweneens 'n reduplikasievorm van die Indo-Germaanse wortel **bhei-**, 'vrees'.

BIETJIES

Hierdie spreekwoord is blykbaar ontleen aan die Afrikaanse van **Beetge** wat in die volksmond **Bietjie** geword het. Daar word vertel van die ene Bietjie wat 'n ware Jacobsgesin gehad het – twaalf seuns en 'n dogter. Hulle was arm boere, en die hele gesin moes in die boerdery werk om staande te bly. Een van sy bure was op besoek en maak 'n aanmerking daarop dat al die kinders ywerig help. 'Ja,' sê die vader, '**Elke Bietjie help**'!

BIGNONIA

Dit is die naam van 'n bladwisselsende, houtagtige slingerplantgeslag met oneffe, geveerde blare en oranje, goudgeel of rooi blomme.

Van Nieu-Latyn, **Abbé Jean-Paul Bignon** (1662-1743), die bibliotekaris van Louis XV.

BILARZIASIS, BILHARZIOSE(IOSIS)

Dit is die naam van 'n siekte veroorsaak deur 'n geslag trematodewurms, **Schistoma**, wat parasities in die bloed is en veral die urinêre stelsel aantast.

Dit is so genoem na dr. **T. Bilharz** het in Egipte navorsing gedoen in verband met die gevolglike siekte, wat ook as **bilharzia**, 'rooiwater' en 'schistosomiasis' bekend staan. Dr. R.T. Leiper het in 1918 'n verslag gepubliseer wat moontlik verband hou met Dr. Bilharz: *Report on the Results of the Bilharzia Mission in Egypt*.

BIOTIET

Hierdie mikasoort wat in sekere stollingsgesteentes voorkom, is vernoem na die Franse fisikus **Jean Baptiste Biot** (1774-1864) wat ook navorsing gedoen het in verband met die polarisasie van lig.

BISSEUXTJIE

Hierdie plant, wat beter bekend is as die **jakobregop** (*Zinnia*), is ook bekend as **basoetjie**, **basuitjie**, **beseutjie**, **besoetjie** of **besuutjie**. Dit is genoem na die sendingpaar **Bisseux** van Wamakersvlei (Wellington) deur wie hierdie tuinblom veral in die Boland bekend geword het. Die naam **zinnia** is op sy beurt genoem na die Duitse geneesheer en plantkundige, Dr. **J.G. Zinn** (oorl. 1759).

BLOK

Die **blok** was 'n swaar strafwerktuig van hout. Die bene en soms ook die arms en nek van 'n gevangene is daarin gesluit. Dit lei tot die idioom **iemand in 'n blok sluit/sit**.

As jy **jou kop op 'n blok sit**, bevestig jy iets met baie klem.

Om 'n blok aan die been te hê beteken om belemmer te word in jou optrede.

BOBBEJAANSLEUTEL

Dit is 'n skroefslutel met getande bek waarvan die boonste kaak ten opsigte van die onderste

verstelbaar en effens beweegbaar is, sodat by gebruik die voorwerp vaster gedruk word namate meer krag aangewend word. Dit staan ook bekend as 'n **bobbejaan(bek)**, **-klou** en 'slapkop'. Dit is 'n letterlike vertaling van Engels **monkey spanner/wrench**. Die sleutel is genoem na **C. Moncky** wat dit gepatenteer het (*Audel's Mechanical Dictionary*). Hierdie is die enigste inskrywing waar die persoonsnaam nie herkenbaar is nie, aangesien dit 'n vertalingsvorm is.

BOEG

Iets oor 'n ander boeg gooi beteken 'om iets op 'n ander manier te doen; van onderwerp te verander'. Wanneer 'n skip oor of op 'n ander boeg gewend (gegooi/gedraai) word, gaan die skip as gevolg van die rigtingverandering van die seile teen die wind, op 'n ander sy lê en sodoende word die koers verander.

Onder **boeg** word in hierdie geval verstaan elkeen van die twee boorde/sye van die skip waarna dit oorhel. Hierdie uitdrukking word gebruik na aanleiding van die ooreenkoms tussen die voorstewe van 'n skip en die skouergewrig (boeg) van 'n perd.

Die betekenis **boeg van 'n skip** is sekondêr, maar in die jonger Germaanse tale algemeen. In Afrikaans bestaan die uitdrukking **oor 'n boeg werk** ook, dit wil sê, 'sonder ophou werk'. 'n Mens kan jou ook **boeglam skrik** vir iets, dit wil sê 'heeltmal lam van ontsteltenis wees'. Hier is die samestelling van die woord ontleen uit die Middelnederlands **boech** (voorskinkel van 'n dier) + **lam**.

BOEKIE

As iemand goed van jou dink, is jy **in sy goeie boekies**. Dié gesegde is ontleen aan die gewoonte van winkeliers om in 'n boekie aan te teken wat hul klante betaal het en wat hulle nog skuld. Die Ndl. ooreenstemmende uitdrukking is **hij staat in een goed blaadje**.

BOIKOT

As soortnaam dui dit op 'n soort doodsverklaring of uitsluiting van 'n persoon uit die maatskaplike of handelsverkeer. As werkwoord verwys dit na 'die georganiseerde weiering om die een of ander bepaalde artikel te koop; iemand/iets uitsluit'. Dit word vandag veral gebruik in arbeidsgeskille en as 'n wapen in politieke en rasseaangeleenthede.

Dit is genoem na kapt. **Charles C. Boikot** (1832-1897), die rentmeester/bestuurder van die Graaf van Erne, Mayo-graafskap, Ierland, wat geostraseer is deur die huurders omdat hy geweier het om die huurgeld te verminder.

BOOMPIE

Salomo het in sy Spreuke dié uitspraak gelewer: **buig die boompie solank hy jonk is**, met ander woorde, as 'n jong mens geleer word om iets op 'n sekere manier te doen, sal hy waarskynlik aanhou om dit later op dieselfde manier te doen.

BOONTJIE

Boontjie kry sy loontjie: elkeen kry die staf wat hy verdien. Die uitdrukking kom van die sprokie van Boontjie, Strooihalmpie en Koletjie Vuur wat saam op reis gegaan het. Toe hulle by 'n riviértjie kom, gaan lê Strooihalmpie daarvoor. Boontjie bereik die ander kant veilig, maar Koletjie Vuur verdwyn onder die water omdat hy Strooihalmpie verbrand. Boontjie het so gelag dat hy naderhand letterlik gebars het – en sodoende sy verdiende loon gekry het.

BOTOON

Die persoon wat **die botoon voer**, is die een wat die hoogste gesag het en die toon aangee. In die musiek is die **botoon** dié toon wat bo alle ander uit gehoor word.

BOTTER

Botter aan die galg smeer: totaal nuttelose moeite. Al smeer 'n mens die galg vol botter, bly dit maar dieselfde lelike ding! Gessler hou hom met hierdie spreekwoord besig in *Volkekunde*, 1947, bl. 124. Hy verwys na 'n skildery van Breughel waar iemand besig is om vet aan die galg te smeer.

BOTVIER

Iemand wat sy hartstog laat **botvier**, laat dit vry uitwoed. 'n **Bot** was vroeër 'n vlieërtou, terwyl **vier** hier 'loslaat' beteken het. Dus letterlik: 'die tou loslaat, ruimte aan die vlieër gee'. Dit kan moontlik ook 'n seemansuitdrukking wees, waar **bot** die hoeveelheid kabel (vandag ketting) is wat die skip uitgelaat het as dit voor anker lê. Dan word die tou dus ook lossier gemaak.

BOWE

Moeilikheid **te bowe kom** is om die moeilikheid te oorwin, soos 'n seeman met sy skip 'n hoek of een uitsteeksel **te bowe kom**, met ander woorde sonder ongeluk verbyseil. (Ndl. **boven** is seemanstaal vir die windsy.)

BOYSENBESSIE

Dit is die vrug van 'n rankbraam wat deur die 20ste-eeuse tuinlandboukundige **Rudolph Boysen** in die VSA deur kruisteelt (framboos, logan- en braambessie) verkry is en tans ook in Suid-Afrika gekweek word, hoofsaaklik vir konfytbereiding. Dit behoort tot die geslag *Rubus*, fam. *Rosaceae*.

BRAAK

Die land lê **braak**, met ander woorde onontwikkel. Voordat landerye gereeld bemes is, het die boere hul akkers om die beurt elke soveel jaar **braak** laat lê; hulle is **gebreek** deur die ploeg daardeur te steek, maar nie besaai nie sodat die land kon rus. Ons ken hierdie begrip figuurlik in die gedagte dat jy nie jou talente **braak (mag) laat lê** nie.

BRAILLE

Dit is 'n soort skrif vir blindes waarin die lettertekens bestaan uit verhewe puntjies of kolletjies waarvan die getal en rangskikking deur die vingers gevoel kan word.

Dit is genoem na **Louis Braille** (1809-1852), 'n Franse musikus, opvoeder en uitvinder van bogenoemde druk- en skryfstelsel vir blindes. Hy was sedert sy derde jaar blind. Hy het studeer en onderwys gegee aan die Institution des Jeunes Aveugles, Parys.

BRANDMERK

Om iemand te **brandmerk** beteken 'om hom in die openbaar te beskuldig van oneerbare optrede en die bewys daarvan te lewer'. Die uitdrukking het ontstaan uit die lyfstrawwelike regspleging – 'n misdadiger het met 'n gloeiende yster 'n skandmerk op sy liggaam ontvang. Die Romeine het die letter F (**fugitivus**: vlugteling, **fur**: dief) op die voorhoof van 'n weggeloopte slaaf of dief ingebrand. Hierdie ontorende straf is in die middel van die 19de eeu afgeskaf. Vandag verwys **brandmerk** figuurlik gesproke na 'n onuitwisbare skandvlek wat 'n persoon aankleef deur 'n misdaad wat hy of sy begaan het.

BRES(SE)

In die bres(se) tree vir iemand beteken 'om daardie persoon te verdedig, sy kant te kies'. Die woord **bres** kom van Frans **breche** van Germaans **breka** en toon verwantskap met die Afrikaanse woord **breek**. Dit verwys na 'n opening in die muur (deur geskut, stormram, ens.) van 'n vesting geskiet deur die beleërders. Diegene wat die eerste deur so 'n opening klim na waar die vyand wag, tree dan letterlik in die bres vir dié wat na hulle kom.

BROOD

'n Mens moet hard werk om jou geld te verdien, ofte wel **jou brood verdien in die sweet van jou aangesig** (Gen. 3:19, 1933-vertaling).

Jou brood op die water werp beteken om alle geleenthede aan te gryp om goed te doen, meestal in 'n geestelike opsig in die sin daarvan om God se koninkryk te verkondig.

'n Mens sal nie van brood alleen lewe nie (Matthëús 4:4, 1933-vertaling)

BROWNING

Dit is 'n soort selflaaipistool met 'n magasyn in die kolf en is genoem na **John Moses Browning** (1855-1926), die Amerikaanse uitvinder van 'n outomatiese pistool, masjiengeweer, asook 'n outomatiese geweer.

BRÜCKNER-KRINGLOOP

Hierdie weerkundige kringloop is 'n klimaatsiklus van ongeveer 35 jaar waarin 'n tydperk van koel, vogtige weer afgewissel word met warm, droë jare. Dit is oorspronklik ingevoer deur **Brückner** (geb. 1862).

BUNSENBRANDER/-LAMP

Die bekende **bunsenbrander/-lamp** is 'n gaslamp met die beginsel dat 'n gewone liggewende gasvlam amper kleurloos word wanneer 'n mens binne die vlamkegel voldoende suurstof vir direkte verbranding van die koolstof aanvoer.

Dit is genoem na die Duitse wetenskaplike **Robert Wilhelm Bunsen** (1811-1899), wat ook navorsing gedoen het in verband met fotochemie. Hy het die metode van gasanalise ontwikkel, en saam met Kitchhoff het hy met behulp van die spektroskop cesium en budidium ontdek.

C

CARNALLIET

Dit is 'n kleurlose/melkweit, soms ook rooierige mineraal van die soutafsettinge, en 'n bron van kaliumverbindings wat in kunsmisstowwe gebruik word.

Dit is genoem na die Duitse myningenieur **Rudolf von Carnell** (1804-1874).

CARNOTIET

Dit is 'n waterhoudende vanadaat van uranium, kalium en ander elemente, wat in poeivorm of in los samehangende massas met 'n kanariegeel kleur op verkillende plekke in Wes-Colorado en Zaire voorkom. Dit is sterk radio-aktief en word gebruik as bron van radium en uraan.

Dit is genoem na 'n Franse myninpekteur-generaal, **M.A. Carnot** (oorl. 1920).

CATAWBA

As soortnaam verwys dit na 'n ligrooi, Amerikaanse druifsoort *Vitis lubrusca*; in Transvaal,

Natal en elders is dit die foutiewe benaming vir 'n naverwante druif in die VSA bekend as 'Isabella', wat teen somerreëns bestand is en 'n jakkalssmaak het.

Die eienaam verwys na die **Catawba-Indiaanstam** wat oorspronklik naby die **Catawba-rivier** in Carolina (Noord-Amerika) gewoon het.

CAYENNEPEPER

Sterk, bytende, rooi poeier; Spaanse peper. Vroeër **kian, chian** (beïnvloed deur **Cayenne-eiland, Tupi kyinha**).

Cayenne is die hoofstad van Frans-Guiana, geleë op bogenoemde eiland.

CHALCEDOON

'n Kriptokristallyne variëteit van kwarts; dit is poreus en word gewoonlik in holtes aangetref. Die meeste soorte word as siersteen geslyp. Laat-Latyn **chalededonius** van Grieks **Khalkedon**, 'n mistieke klip/steen (Openbaring 21:19) van **Khalkedon**.

Chalecedoon is die naam van 'n antieke stad in Klein-Asië.

CHARLATAN

1. 'n Kwaksalwer, raserige verkoper van duur en slegte geneesmiddels;

2. Grootprater.

Van Frans van Italiaans **ciarlatano**, variant van **cerretano**, inwoner van **Cerreto**, dorp naby Spoleto, Italië, bekend vir sy kwaksalwers.

CHARTREUSE

Soort likeur berei van lemoenskilte, peperment en verskeie speserye. Van Frans, oorspronklik gemaak in die kartuiserklooster, **La Grand Chartreuse**, naby Grenoble, Frankryk.

CHAUVENIS

'n **Chauvenis** is 'n dweepsieke bewonderaar en buitengewone vereerder van sy eie land en volk. Die term hou verband met die Franse soldaat **Nicolas Chauvin** wat uitermate toegewyd aan Napoleon was. Dit raak algemeen bekend deur Cogniard se *La Cocarde Tricolor* (1831).

CICERONE

Dit is die naam van 'n gids, byvoorbeeld in Rome, wat aan vreemdelinge die besienswaardighede van 'n plek toon en deur verklarings toelig; Eng. (sedert die eerste kwart van die 18de eeu), Frans (sedert die middel van die 18de eeu) en Italiaans **cicerone**, na die naam van die Romeinse redenaar **Cicero**.

Marcus Tullius Cicero (106-43 v.C.) was 'n Romeinse orator, politikus, filosoof en konsul vanaf 63 v.C. As Republikein het hy Ceasar geopponeer. Hy is deur die Triumviraat ter dood veroordeel. Deur sy briewe kry 'n mens insig oor die alledaagse Romeinse leefwyse; sy filosofiese werke gee uiting van sy stoïsisme; dit tesame met sy retoriese werke is bewys van sy meesterskap van die Latynse prosa.

CINCHONA

Dit is 'n groot geslag Suid-Amerikaanse bome en struik (fam. *Rubiaceae*), met teenoorstaande blare, klein rooskleurige of gelerige, buisvormige blomme in eindstandige pluime, 'n doosvrug met gevleuelde saad en bas wat alkaloides oplewer met koorswerende eienskappe, byvoorbeeld **kina, cinchonine, cinchonidine**, ens.

Dit is genoem na **Francisca Henriquez de Rivera**, grafin **Cinchon** (1576-1639), eggenote van die onderkoning van Peru wat in 1638 deur toediening van **kinabas** van koors genees is; sy het dit in Europa bekend gestel ná haar herstel.

CLOETE

Hoewel die ontstaan van die uitdrukking **die ronde van Vader Cloete doen** nie verklaar kan word nie, is dit baie bekend. Dit beteken:

1. Om rond te gaan in 'n buurt, dorp, ens. om 'n besoek(ie) by alle familie en vriende af te lê.
2. Om al die plekke een na die ander na te loop waar 'n mens wil/moet wees, en om 'n reeks werkies op 'n streep te doen sonder om een oor te slaan.

Cloete-se-oor: sagte kraakbeenwand van 'n skaap se bladbeen.

(**Jacob Cloete**, die stamvader van die Suid-Afrikaanse Cloete-familie, kom waarskynlik reeds in 1652 uit Keulen in die Kaap aan; reeds sedert die jaar van ons volksplanting is hierdie familie teenwoordig.)

COLON

Dit is die geldeenheid van Costa Rica en El Salvador, gelyk aan 100 centimos en 100 centavos respektiewelik. Van Spaans **colón** van **Christóbal Colon** uit **Christoforus Columbus** (1451?-1506), die Italiaanse seevaarder in diens van Spanje, en die ontdekker van Amerika (1492), Puerto Rico, die Maagde-eilande, Jamaika en die Crinoco-riviermond, Venezuela.

COULOMB

Dit is 'n praktiese eenheid van elektrisiteitshoeveelheid, naamlik die hoeveelheid elektrisiteit wat by 'n stroomsterke van 1 ampère in 1 sekonde verplaas word.

Dit is genoem na die Franse ingenieur-fisikus, **Charles Augustin de Coulomb** (1736-1806), wat ook met magnetisme en elektrisiteit geëksperimenteer het.

CURIE

Dit is 'n maateenheid gelyk aan die hoeveelheid radongas wat in ewewig is met 1 gram radium; dié hoeveelheid van enige radioaktiewe stof waarin net soveel atome per sekonde Dit isintigreeer as 1 gram radium.

Dit is genoem na Pools-gebore **Marie Sklodowska Curie** (1867-1934) wat saam met haar man **Pierre Curie** (1859-1906) die stof radium ontdek het. Marie Curie het uraan, radioaktiewe element in pikblende, bestudeer. In 1898 rapporteer sy die aanwesigheid van 'n nuwe element in pikblende; sy en Pierre ontdek polonium en radium (1898), isoleer 1 gram radium-soute (1902) en bepaal die atoomgewig en kenmerke van albei elemente. In 1903 kry hulle die Nobelprys vir Fisika en in 1911 kry Marie die Nobelprys vir Chemie vir die isolering van die metallieke radium.

D

DAALDER/DOLLAR (eienaam)

Dit is darem te dik vir 'n daalder wat beteken 'dit is darem te erg of te duur', is afgelei die ou Hollandse muntstuk (1 gulde 5 sent). Hierdie muntstuk se benaming is afgelei van die 16de-eeuse Ndl. van Ital. **tallero** van Mhd. **thaler** van **Joachimsthal**. **Joachimsthal**, Boheme, is die plek waar die metaal vandaan gekom het waarvan die munt geslaan is.

DAG

As ons die **dag en datum** aandui waarop iets plaasgevind het, is dit 'n versterkende uitdrukking van **die juiste dag**. Die uitdrukking het oorspronklik op die dag van die week én die dag van die maand geslaan. In Afrikaans is daar twee afsonderlike woorde vir hierdie begrippe, terwyl Engels net **date** vir albei gebruik. Onthou dat dit anglisisties is om te vra: 'Wat is die datum vandag?' In plaas daarvan moet ons vra: 'Die hoeveelste is dit vandag?'

Voor dag en dou: douvoordag, voor dagbreek.

DAHLIA

Dit is die naam van 'n plant- en blomsoort (spp. *Dahlia*, fam. *Compositae*) wat inheems is aan Mexiko en Sentraal-Amerika.

Dit is so genoem na die 18de-eeuse Sweedse botanikus, **Anders Dahl**, 'n leerling van Linnaeus; sommige skrywers beweer dat hy in 1789 saad van hierdie plant uit Mexiko in Europa ingevoer het. Sedertdien is daar uit die paar ingevoerde Mexikaanse variëteite, deur kruising en verbouing, 'n groot aantal variëteite met enkele, halfdubbele en dubbele blomme met wisselende vorm en kleur ontwikkel.

DAK

Die spreekwyse **om iets van (op) die dakke te verkondig**, kom in Matthëus 10:27 en Luk. 12:3 (1933-vertaling) voor waar Jesus aan sy Dertien Apostels opdrag gee om dit wat Hy in vertroulike gesprekke aan hulle sê in die openbaar bekend te maak. Die ekwiwalente Franse uitdrukking, **prêcher une chose sur les toits**, is nader aan die oorspronklike Oosterse spraakgebruik, naamlik om iets so rugbaar moontlik te maak ('uit te basuin', volgens die 1983-vertaling). Blykbaar is die spreekwoord aan die Oosterse boustyl ontleen: die meeste geboue het plat, geplaveide dakke gehad waarop daar dikwels tuin gemaak is en waarvandaan afkondigings soms gemaak is.

DALMATIEK

Liturgiese oorkleed, gewoonlik van wit stof, wat die diakens dra wanneer hulle in die mis assisteer; ook 'n soortgelyke kleed wat die biskop onder die kasuifel by kerklike byeenkomste dra. Lang, loshangende oorkleed wat konings en keisers by staatsplegtighede, soos hul kroning, ens. dra; kroningsmantel. Ou-Frans **dalmatique** van Laat-Latyn **dalmatica (vestis)** 'Dalmatiese kleed'.

Dit is oorspronklik gemaak van wit wol afkomstig van **Dalmasië** van **dalmaticus** 'van Dalmasië', die eertydse suidelike kroonland van die Oostenrykse monargie, op die oostelike kus van die Adriatiese See en later 'n deel van die volksrepubliek Kroasië.

DAMASPRUIM

Klein, donkerrooi pruimsoort (*Prunus domestica*). Van Latyn (**prunum**) **Damascenum** '(pruim van) Damaskus'.

DAMASSEER (werkwoord)

'Metaal, byvoorbeeld sabel met figure versier, inbrand, met goud inlê; wat yster en staal taai en buigsaam maak, dit blom of vlam.' Dit is 'n kuns deur die More uit die Ooste na Spanje, veral Toledo, gebring. Middelnederlands **damas(ch)** 'om te versier volgens die patroon van Damaskus-kuns' van **damasquin** 'van Damaskus' van Italiaans **damaschino** van Latyn **Damascenus** van Grieks **Damaskenos** van Arabies **Damišqu** 'van Damaskus'.

DAN

Wanneer in die Ou Testament van die hele volk Israel gepraat word, word die uitdrukking **van Dan tot Berseba** dikwels gebruik. In 2 Sam. 3:10 word daar byvoorbeeld gemeld dat Dawid as koning aangestel is ‘oor die hele Israel en die hele Juda, van Dan tot Berseba’. (In die Kronieke word die twee stadsname omgeruil, as ‘Van Berseba tot Dan’.) **Dan** was die noordelikste en **Berseba** (eintlik **Beërseba**) die suidelikste belangrike stad in Palestina.

DANAIDES (mv. van DANAOS)

Danaos en sy broer, Aegyptus, afstammeling van Io (sien *Argus*), het in Egipte gewoon. Danaos en sy vrou het vyftig dogters en Aegyptus en sy vrou vyftig seuns gehad. Daar ontstaan 'n hewige twis tussen die twee broers en Danaos en sy gesin verhuis na Griekeland. Lank daarna kom Aegyptus se seuns hul oom Danaos opsoek en as 'n vredesgebaar vra hulle toestemming om met sy vyftig dogters te trou. Hoewel Danaos daartoe instem, sweer hy heimlik wraak: Op hul troudag gee hy aan elk van sy dogters 'n mes met die bevel om haar man in die nag dood te steek. Net een dogter, Hypermnestra, weier om deel te hê aan hierdie bloedbad en vlug saam met haar man, Lynceus. Weens hierdie misdaad is die nege-en-veertig dogters verdoem daartoe om in die onderwêreld 'n vat sonder boom te probeer vul.

Om **die vat van die Danaïdes te vul** beteken gevolglik om 'n nuttelose, altyd wederkerende taak te verrig.

DANIËL (eienaam)

Daniël, van Hebreeus wat beteken ‘God (is) my regter’, is 'n bekende Afrikaanse voornaam. Dit is die naam van 'n Ou-Testamentiese Bybelboek. In die eerste helfte van die boek word die lotgevalle van die profeet Daniël en sy vriende asook die uitredding uit die gevare van die heidense omgewing in Babilonië beskryf. Iemand wat onwrikbaar trou is aan sy godsdienst, staan ook as 'n **Daniël** bekend.

Die idiomatiese uitdrukking: **jy voel soos 'n Daniël in die leeu kuil** word gebruik indien jy tussen gevaarlike vyande verkeer (Vergelyk Daniël 6).

'n **Daniëlsbende** is 'n klein groepie beginselvaste mense wat dapper standhou teen 'n sterk vyand. Hierdie uitdrukking het ontstaan na aanleiding van die beginselvastheid van Daniël en sy drie vriende (Daniël 3:16-23).

Die informele **Daantjie** wat die verkleiningsvorm is van **Daniël**, kom in baie meer uitdrukkinge as laasgenoemde voor.

Daantjie Donderbos was die benaming vir 'n oudtydse braakploeg, maar dit word ook van iemand gesê wat almal verbaas omdat hy iets tot stand gebring het wat 'n mens nie van hom verwag het nie. Sowel die volgende rympte:

*Ek is Daantjie Donderbos
net waar ek trap
daar bars die grond*

as

*Daantjie van Tonder,
al wat hy voel,
voel hy van onder*

is die bewoording van 'n raaisel met die antwoord: ‘'n ploeg’.

Daantjie Knakstert is maar een van die talle benamings vir die duiwel (Vergelyk ook Joos).

Iemand wat onverwags opdaag, staan bekend as **Daantjie Onverwag**.

'n **Stadige Daantjie** is 'n persoon wat baie stadig en lui is.

Indien 'n mens 'n minder aangename gesprek wil beëindig, sê jy: **Sê groete vir oom Daantjie**, dus: ‘skei nou uit!’

Die uitdrukking **tot by oom Daantjie in die kalwerhok** beteken ‘so ver as moontlik’, dus ‘tot die uiterste’. As iemand opgedreun/opgedons word tot by oom Daantjie in die kalwerhok, word hy 'n afgedankste loesing gegee.

DAUMONT

Dit is 'n vierwielige rytuig, soms sonder Dit isselboom en sonder koetsiersblok, maar met 'n sit- of staanplek vir lakeie agterop. Dit word getrek deur vier, ses of meer perde in pare agtermekaar gespan, en dié word voorafgegaan deur 'n voorryer en beheer deur ruiters op die rug van elke hotperd.

Dit is so genoem na Duc (‘hertog’) **d'Aumont** wat dit ingevoer het; die uitdrukking **à la daumont bespan** beteken ‘soos by 'n daumont die gebruik is’.

DAVYLAMP

Dit is 'n veiligheidslamp wat veral in steenkoolmyne gebruik word; die vlam daarvan word omring deur 'n fyn draadgaas waardeur die uittredende gasse in so 'n mate afgekoel word dat plofbare myngasse nie daardeur tot ontbranding gebring kan word nie.

Dit is genoem na die Engelse chemikus/fisikus, Sir **Humphrey Davy** (1778-1829), wat dit uitgevind het. Hy het navorsing gedoen in verband met laggas; hy isoleer sodium, potas, kalsium, barium, boron, magnesium en strontium; hy het ook onder andere elektro-chemiese navorsing gedoen.

DAWID

Dawid/David is afkomstig van Hebreeus wat beteken ‘geliefde’. Dit was die naam van die tweede koning van ou Israel aan wie se geskiedenis (soos wat dit in die Bybel beskryf word) die Afrikaanse omgangstaal 'n paar uitdrukkings ontleen het:

Dawid en Goliat dui aan dat 'n swak, tingerige persoon seëvier in 'n stryd met 'n groot, sterk man (1 Sameul 18:1-4).

As ons van twee persone sê dat hulle soos **Dawid en Jonathan** is, beteken dit dat hulle boesemvriende is (1 Sameul 17).

As iemand wat losbandig geleef het toe hy jonk was, vroom is nou dat hy oud is, sê ons van hom: **toe Dawid oud geword het, het hy psalms gemaak**.

Omdat Dawid 'n alledaagse voornaam is, word dit gebruik om 'n persoon in die algemeen aan te dui:

Om iemand te wys waar Dawid die wortels gegrawe het, beteken om hom op hoogte van sake te bring of te wys dat jy in een of ander opsig sy meerdere is.

As iemand weet waar Dawid die wortel(s) gegrawe het, is so 'n persoon geslepe, op hoogte van sake en laat hom nie maklik aan die neus lei nie.

Dawie, die verkleiningsvorm van Dawid, kom ook voor in die idiomatiese uitdrukking **'n Dawie sonder gal** in plaas van die eintlike 'n duifie sonder gal. **Duifie** stem wat klank betref ooreen met die voornaam **Dawie**; hierdie Dawie verwys na 'n saggeaarde, onskuldige, goedgehumeerde persoon.

'n Dawie van 'n heel ander aard, is 'n **darteldawie**, dit wil sê 'n ryk, jong losbol wat nooit 'n steek werk doen nie en wat slegs plesier najaag. So 'n persoon word ook 'n **joljantjie** genoem.

DERBY

Dit is die benaming van die beroemde wedren vir driejarige perde elke jaar op die Woensdag net

voor of na Pinkser te Epton Downs, Londen. By uitbreiding is dit die benaming van die belangrikste perdewedren.

Dit is genoem na die twaalfde Graaf van **Derby** wat dit in 1780 ingestel het.

DESEMBER

Die maandnaam is afgelei van die Latyn **mensis December** van **decem** wat beteken ‘tien’; dit was die tiende maand van die Romeinse kalenderjaar wat op 1 Maart begin het.

DIESELENJIN/-MOTOR

Dit is 'n binnebrandmotor waarby die ontsteking nie deur 'n elektriese vonk geskied nie, maar waarin lug saamgepers word tot by 'n temperatuur wat hoog genoeg is om die brandstof (gewoonlik ru-olie) te laat ontbrand wanneer dit direk in die silinder ingespuut word, waar die ontbranding en uitsetting dan 'n suier in beweging bring.

Dit is in 1892 uitgevind deur die Duitse meganiese ingenieur, **Rudolf Diesel** (1858-1913) van München.

DINGE

Alle goeie dinge kom in drieë: van Latyn **omne trinum perfectum**.

DINSDAG

Die Germane het die Latynse **dies Martis (dag van Mars)** vertaal met hul ekwiwalente godheid **Tyr**, vroeër bekend as **Tiwaz** (vergelyk Engels **Tues-day**). Tiwaz stem ooreen met die Griekse god Zeus. Ons Afrikaanse **Dinsdag** herinner ook aan Tiwaz wat as oorlogsgod die beskermers was van die Germaanse volksvergadering bekend as die **thing/ding (Din(s)-dag)**. Tiwaz se voorletter – die runeteken vir **T** – is in die vroeë Angel-Saksies tydperk op wapens geplaas sodat die soldate daardeur beskerm kon word.

DOG

Dog is die onvoltooide verlede tyd van **dink** wat beteken ‘het gedink’ (ook **dag**).

Die uitdrukking **wens in jou een hand en dog in die ander hand en kyk in watter een is die meeste**, beteken dat wense en veronderstellings niks oplewer nie.

Dog is ook die verpersoonliking van die naamwoord dog in die uitdrukking: **Weet jy wat het Dog gemaak?** wat gesê word aan iemand wat graag die sinnetjie ‘Ek dog ’ gebruik.

DOILIE

Dit is 'n klein doekie van kant, linne, ens. wat gebruik is om byvoorbeeld armlenings van stoele te beskerm; 'n bekerlappie, kraaldoekie.

Dit is genoem na **Doyly/Doily**, 'n handelaar in kledingstowwe, wat 'n 18de-eeuse (ongeveer 1712) fabrikant in Londen was.

DOLLIWARIE/DOLLEWARIE

Dit is die naam van 'n dameshoed met 'n rand wat voor baie breed is en met verdrag smaller na agter loop, kwistig met blomme versier. Dit is ook die naam van 'n soort skulp, *Megatabennus scutellum*, só genoem vanweë sy ooreenkoms met die hoed van dieselfde naam, veral in die Dit istrik Riversdal, Wes-Kaapland; ook genoem **hoed** by Jeffreysbaai.

Dit is genoem na **Dolly Varden**, 'n lewenslustige, swierig vrouekarakter in Charles Dickens se roman *Barnaby Rudge*. Dit is in Afrikaans vervorm tot **dolliwarie/dollewarie**.

DOLOMIET

Dit is die naam van sowel 'n mineraal as die gesteente wat uit kalsiummagnesiumkarbonaat bestaan; die mineraal se oorsprong kan organies of chemies wees en dit word in uitgestrekte gebiede in die voormalige Transvaal en noordelike Namibië aangetref. Dolomiet verweer tot steil rotse, waarvan die **Dolomiet** in die Tirool talryke voorbeelde oplewer; ook genoem 'jonas- of olifantsklip'.

Dit is genoem na die Franse geoloog, **Déodat de Dolomieu** (1705-1801).

DONDERDAG

Donderdag is genoem na die Oud-Noorse god **Donar** of **Thor** (vergelyk Engels **Thurs-day**) wat sy krag in weerlig en donder gemanifesteer het. Hierin stem Thor ooreen met die Romeinse god Jupiter en daarom word hy aan laasgenoemde gelykgestel. Later het Thor sekere kenmerke van Tiwaz (sien *Dinsdag*) oorgeneem. Die *Althing* (die regsvergadering van die heidense Ysland) het op 'n Donderdag, Thor se dag, geopen.

DONQUICHOTTERIE

Dit is dwase, avontuurlike, onpraktiese, idealistiese handelswyse.

Dit is genoem na **Don Quichote**, held van die gelyknamige ridderroman van die Spaanse skrywer Miguel de Cervantes Saavedra (1547-1616).

DOODLUITERS

Doodluiters beteken 'op 'n ongeërgde wyse; op sy dooie gemak, asof hy van niks weet nie; sonder om te blik of te bloos; ongeërg'. Die eerste lid van die woord gee soos in **doodstil** 'n stellende (intensiewe) graad te kenne en die tweede deel verwys na **Luther** (die Lutherane moes hulle ten tye van die Hervorming dikwels stil hou); volgens Oud-Fries: **dôd lütters**.

DOODSONDE

In die uitdrukking **dit is 'n doodsonde**, word verwys na sonde wat die ewige straf van die hel verdien; 'n onvergeeflike fout. Volgens die Rooms-Katolieke Kerk is 'n doodsonde 'n sonde wat gebieg moet word en wat ook slegs deur die biege vergewe kan word.

DOOF

Om **so doof soos 'n kwartel** te wees, beteken om stokdoof te wees, om hoegenaamd nie te kan hoor nie. In die verlede het die boere geglo dat die kwartel doof is, omdat die voëltjie wat in graan Dit istrikte hou, nie opvlieg wanneer gevaar dreig nie. Hy versteek hom egter so goed moontlik deur vlakby die grond te koes-hardloop, wat 'n mens laat dink dat hy nie enigiets kan hoor nie, want dit lyk nie of hy vlug nie.

DOOPSEEL

Iemand se doopseel lig beteken om navraag te doen oor sy *bona fides*, sy getuigskrifte, ens. **Seel** (sonder deeltkens) kom van Ndl. **cedel/ceel** wat verband hou met die Romaanse vorme: Frans **cédule**, Italiaans **cedola** van Latyn **schedula** (van **schelda**) wat beteken 'blad papier'.

DOUGLASDEN

Dit is die naam van 'n hoë, uitermate groot bladhoudende boom, *Pseudotsuga taxifolia* (fam. *Conifera*) met dik bas, pikagtige hout en oorhangende keëls wat in hul geheel afval. As timmerhout is dit van groot belang en in Noord-Amerika, sy tuiste, neem dit grootliks die plek van die denneboom in.

Dit is genoem na die Skotse plantkundige in Amerika, **David Douglas** (1798-1834); hy was een van die eerste reisigers in die Oregon-gebied en Kalifornië.

DRAAK

Die Afrikaanse woord **draak** is afkomstig van die Latyn **draco** wat in Grieks **drakon** is. Dit beteken 'slang' en staan in verband met die werkwoord **derkomai** 'ek sien duidelik'. 'n Draak besit dus die kenmerk van duidelik- of skerpsindheid wat verband hou met die skerp blik van slang wat mense altyd beïndruk. In Midde-Oosterse lande soos Palestina, Babilonië, Fenicië en Egipte vanwaar die geloof in die bestaan van fabelagtige drake na Europa gekom het, is daar slang wat dodelik giftig en baie groot is. Geen wonder dat die slang of draak alles wat boos en sleg is, versinnebeeld nie. Die draak word dus voorgestel as reusagtig groot, met 'n krokodilagtige lyf. Hy spuug vuur, het 'n giftige asem en is dikwels meerkoppig.

Om met iemand die draak te steek: om iemand vir die gek hou of belaglik maak, het sy ontstaan in die Middeleeue. Groot optogte is dikwels op feesdae gehou, waarvan die legendariese ridder Sint Gregorius 'n belangrike figuur was. Hy het met sy lans 'n groen linnedraak (met strooi opgestop) deursteek – en hierdie gekskeerdery het aanleiding gegee tot die ontstaan van dié uitdrukking.

Volgens legende was Sint Gregorius 'n bevelhebber in die Romeinse leër tydens die heerskappy van keiser Diocletianus en het hy die draak wat die skrik van die stad Beiroet was, oorwin. Die draak het reeds al die kinders onder vyftien jaar verslind en het toe die pragtige koningsdogter Cleodine opgeëis. Sy was op pad na die draak toe Sint Gregorius tussenbeide tree, die draak verslaan en haar red. Al die inwoners van die stad het daarna Christene geword en is gedoop. In die Middeleeue het niemand aan die bestaan van Sint Gregorius en die draakgeskiedenis betwyfel nie, maar latere navorsers kon historiese bewys vir die bestaan van die legende vind nie.

DREEF

Indien iemand **op dreef kom**, is hy op sy stukke, of speel, praat, eet, ens. hy goed. In Afrikaans beteken **dreef** dan ook 'breë pad/laan' (veral die weg vir veevoer deur aanjaag); '(mooi) landstreek, veld'. In Nederlands is die selfstandige naamwoord **dreef** afkomstig van Middelnederlands **dreve**; **dreef** is 'n Nederlandse afleiding van die stam van die werkwoord **drijven**; dit hou ook verband met **drift** wat nie net beteken 'aandrang, onstuimigheid' nie, maar ook 'distrik', 'bewerking van bouland'.

DRUIWE

As jy iets afmaak wat jy graag wil hê, maar nie kan kry nie, sê ons: **Jou druiwe is suur** of **Dit is net suur druiwe**. Hierdie spreekwoord is aan 'n fabel van Esopus ontleen. 'n Uitgehongerde jakkals wou graag van die lekker druiwe eet wat aan 'n druiwerank bo sy kop gehang het, maar toe hy sien dat dit te hoog hang vir hom om by te kom, het hy sy teleurstelling weggesteek met die woorde dat hy nie meer lus is daarvoor nie, want dit is tog suur.

DUIE

Die naamwoord **dui** of **duig** is een van die woorde wat 'n baie lae gebruiksfrekwensie het. 'n **Duig** is enigeen van die gebuigde wandplanke van 'n vat, kuip of houtemmer. Hierdie planke word met hoepels teen mekaar gehou. Wanneer so 'n vat dus **in duie stort**, beteken dit dat hierdie planke inmekaarval deurdat die hoepels losraak of nie goed kan sluit nie.

DUIFIE

'n Duif is 'n simbool van onskuld en opregtheid. Dit is ook 'n simbool van die siel soos in Wes-

Gotiese en Romeanse kuns voorkom. Die Slawiërs glo dat die siel van die mens by afsterwe in 'n duif verander. In die Christelike godsdiens word die Heilige Gees as 'n duif voorgestel.

Duifie sonder gal: Volgens 'n ou volksgeloof het sommige diere, onder andere 'n duif, geen gal nie en kan dus nie kwaad word nie. (In die ou dae het die mense 'n persoon se kwaai humeur toegeskryf aan die nadelige uitwerking wat te veel gal sou hê op so 'n persoon se optrede; Vergelyk **swartgallig wees**.) 'n Poolse natuursage verklaar die volksgeloof dat 'n duif sonder gal is, soos volg: Op die tydstop toe Jesus die kruisdood sterf en só sy offer volbring, het daar 'n duif by Golgota verbygevlieg. Die saggearde voël het dermate meegevoel gehad met Jesus en was so diep geskok met die lyding, dat hy gevoel het hoe sy gal wegvloei. Sedert dié tyd, so word vertel, het 'n duifie nie meer gal nie.

DUIM

Iemand/iets onder die duim hê, beteken om iets/iemand in jou mag te hê. Die duim, synde die sterkste vinger, word hier gebruik as die sinnebeeld van mag. Hierdie uitdrukking kan ook waarskynlik verwys na die Romeinse worstelstryd (die hedendaagse stoeiwedstryd). Die worstelstryd was 'n harde en gedugte stryd waarby 'n mens jou uiterste moes inspan, 'n stryd om die lewe. As teken van 'n behaalde sege het die oorwinnaar sy duime op die oë van die verloorder gedruk.

Die segswyse: **iets uit jou duim suig** (iets versin, leuens vertel), kom deur die hele Germaanse gebied voor en is 'n goeie aanduiding van die besonder hoë ouderdom hiervan. Die gedagte waarop hierdie uitdrukking berus, is skynbaar dat 'n mens sekere onbekende sake te wete kan kom deur aan jou duim te suig. Tot hierdie gedagtesfeer behoort verskeie sages wat afkomstig is uit die oudheid van die Europese volke. Die handeling van jou vinger in jou mond steek, kom dan ook in die sages en mitologie voor as 'n algemene manier om wysheid oor enige saak te verkry.

Duim vashou beteken 'sukses toewens' of 'hoop op geluk'. Die uitdrukking strek eeue terug, tot in die dae van die Romeinse gevegte in die Kolosseum. Destyds kon die toeskouers vir die keiser aandui of hulle die oorwonne vegter se lewe gespaar wou hê deur hul hande met die duim in die vuus toegevou in die lug te steek. So het die geloof ontstaan dat so 'n gebaar boosheid in iemand se onmiddellike toekoms kan afweer. Maar dit strek selfs verder terug, tot die antieke Assiriese geloof dat die hand se vier ordelike vingers die goeie simboliseer, en die vyfde uitsteeksel, die onordelike 'dwars' wegstaande duim, die bose. Deur die bose vas te klem en onsigbaar te maak binne-in die goeie kon jy die bose se mag verminder, is daar geglo.

DUIMSKROEF

Iemand die duimskroewe aandraai 'om iemand in die nou te bring of om dwang op hom uit te oefen', kom van die vroeëre gebruik om 'n gevangene op allerlei maniere te dwing om 'n bekentenis te maak. Daar was 'n spesiale skroef wat aan die vingerpunte geheg word met 'n skerp punt presies op die lewe van die nael. Nou word die skroef algaande stywer gedraai. Die slagoffer wat byna waansinnig van pyn raak, maak sy bekentenis. Die duimskroef werk op dieselfde manier, maar in hierdie geval word die hele duim vasgeknyp en saamgedruk.

Die waarskuwing: **Jou skroewe draai ek aan!** is ook van die gebruik van die duimskroef afgelei.

DUIWEL

Die woord **duiwel** het sy oorsprong in die Nuwe-Testamentiese Griekse benaming (**δι_βολς** **diabolos**, 'duiwel'). Die Griekse woord beteken 'lasteraar' of 'aanklaer by die regbank', en is dus die letterlike vertaling van die Hebreeus **Satan**, wat ook die betekenis het van 'teenstander, aanklaer by die gereg'. As sodanig kom die woord voor in 1 Tim. 3:11 waar die vroue gesê word

om nie kwaad van mekaar te praat of mekaar te belaster nie. Dit is die gewone benaming van die bose geeste wat die mense weerstaan of by God aankla (sien Job 1:7; Openbaring 12:10). Onder die invloed van die Persiese godsdiensteleer word die duiwel die gees van die kwaad, die verpersoonliking van die bose. As gees van die kwade speel, as teenstander van God en mens, speel hy in die geloof van ons voorvaders en daardeur selfs in ons spreekwoorde 'n belangrike rol. Heel vroeg al word die slang die liggaamlike verpersoonliking van die Satan, en derhalwe word hy, en nie die slang nie, as die werklike verleier van die eerste mense beskou (Openbaring 12:9, vergelyk Genesis 3:1).

Die uitdrukking **praat van die duiwel en jy trap op sy stert**, gewoonlik verkort na **praat van die duiwel**, hang saam met die onsterflike opvatting dat 'n persoon en sy naam, 'n saak en sy naam dieselfde is. Gesien nou die eng verband tussen 'n persoon en sy naam, dan moet dit mos so wees – so glo die volksmense – dat as jy iemand se naam noem, hy moet verskyn. Let ook op godsdienstige voorskrifte om nie 'n bepaalde godheid se naam te noem nie. Baie mense durf ook nie 'n siekte se naam te noem nie, veral nie die meer afstotende soort siektes soos kanker nie, uit vrees dat dié soort siekte sal verskyn en die spreker sal opeis as slagoffer.

Hy is die duiwel in word gesê as iemand baie boos of vererg is. Jy het met ander woorde letterlik die duiwel in jou lyf – jy is dus deur die duiwel besete en word deur hom gedryf.

DUM-DUM

Geweerkoeël met loodpunt wat oopbars wanneer dit tref.

Op 'n stadium is die koeëls vervaardig in **Dumdum**, 'n dorp naby Kalkutta, Indië.

E

EEND

Soos water op 'n eend se rug: dit maak geen indruk nie. Voëls gebruik hul snawels om hul vere mee glad te stryk. Hulle byt liggies aan die onderpunt van 'n veer en trek dan hul snawel al langs die veer op. Dit verwyder growwe deeltjies en stukkie los vere. Hulle vryf ook hul snawels teen die olieklier wat net voor die stert geleë is. Die olie hou die vere glad en buigbaar. Dit verhoed ook dat die vere water absorbeer.

EENDJIE

Die 'lelike eendjie' in die uitdrukking **die lelike eendjie het in 'n swaan verander**, verwys na iets of iemand van wie 'n mens nie baie verwag nie, maar wat teen alle verwagting tot iets of iemand groot en wonderliks ontluik. Dit is so genoem na die welbekende sprokie van Hans Christian Andersen oor 'n swaan wat deur 'n eend uitgebroei is. Die swaan het uiters eensaam en verstote gevoel omdat hy so vreemd gelyk en nie by die ander eendjies gepas het nie. Later, toe die voël uitgegroeï was, sien hy sy spieëlbeeld en besef dat hy al die tyd nooit 'n eend was nie, maar 'n sierlike swaan – wat toe sy tuiste vind by ander swane, net so mooi en statig soos hyself.

EET

In die Bybel word die ligsinnige uitspraak **'laat ons eet en drink, want môre sterf ons/is ons dood'** (1 Korinthiërs 15:32; vergelyk Jesaja 22:13) gekontrasteer met die belangrikheid daarvan om jou voor te berei vir die sogenaamde oordeelsdag.

ELEMENT

Om **in jou element (te) wees**, beteken 'om in die omgewing, omstandigheid te wees waarin

'n mens of dier hom besonder tuis voel of waar hy die beste aard'. Volgens die antieke Grieke was daar vier elemente wat hulle as die kernpunte van sowel die materiële as die geestelike lewe beskou het, naamlik die *aarde* (of vaste stowwe), *water* (of vloeistowwe), *lug* (of gas) en *vuur* (die temperatuur wat die verandering in die toestand van die stowwe teweegbring). Die elemente vuur en lug is aktief, en word derhalwe geassosieer met die manlike, die skeppende karakter. Die elemente aarde en water is passief, en word geassosieer met die vroulike, die ontvanklike en onderdanige.

END

Wanneer 'n mens **aan die kortste end trek**, kom jy die slegste daarvan af. Hierdie uitdrukking is ontleen aan die gebruik om by die verdeling van goedere 'n strooihalmpie uit 'n bondel te trek; die persoon wat die langste halm uittrek, het die eerste keuse en hy het dus gewen.

ENGEL

As 'n mens sê iemand is 'n **engel**, bedoel jy dat hy/sy jou bygestaan het asof hy/sy deur God self gestuur is om dit doen; dat die persoon baie liefdevol is, ens.

Ek het nog nie sy engel gesien nie, beteken 'ek weet nog niks van sy dood nie'. Die Jode het geglo dat elkeen 'n beskermengel het (Matthëus 18:10) wat hom veilig hou, en by sy dood aan sy vriende verskyn om sy laaste bevel of afskeidsgroete oor te dra. So het die groep gelowiges wat vir Petrus se vrylating gebid het, gedink dat dit sy engel was wat aan die diensmeisie verskyn het om sy laaste groete aan hulle oor te dra toe hy aan die deur klop (Handelinge 12:15, 1933-vertaling).

EUROPIUM

Seldsame, ystergrys aardmetaal, simbool **Eu**, wat rooskleurige of kleurlose soute vorm waarin dit twee-, maar gewoonlik driewaardig is, en wat deur Demarcay in 1896 spektroskopies in ceriumertse ontdek is. Van Latyn **Europa** van Grieks **Europe**, 'Europa' wat oorspronklik 'land van die ondergaande son' beteken het.

F

FAÏENCE

Geglasuurde plateel- of erdewerk.

Dit is genoem na **Faenza**, 'n stad in Noord-Italië naby Ravenna wat bekend is as keramiek-vervaardigingsentrum.

FARAD

Dit is die naam van 'n eenheid van elektriese kapasiteit; kapasiteit van 'n kondensator waarin die elektriese potensiaalverskil tussen die plate een volt is en as een coulomb elektriese lading daarop geplaas word.

Dit is genoem na die Engelse wetenskaplike, **Michael Faraday** (1791-1867). Hy het die eerste dinamo, voorloper van die moderne dinamo's en generators, ontwikkel. Vanuit sy ontdekking van elektromagnetiese induksie het die ontwikkeling van elektriese industriële masjienerie gestam; hy het ook die wette in verband met die elektrolise geformuleer.

FARISIEËR

As soortnaam beteken dit 'geveinste, eiegeregtigde persoon, huigelaar, skynheilige'. Die naam

Farisieër beteken ‘afgeskeidene, afgesonderde’. Dit was die naam van 'n lid van die hoogaangeskrewe godsdienstige party of sekte in die vroeë Palestynse Judaïsme wat sy bloeitydperk in die laaste halfeeue voor Christus beleef het. Elke Farisieër was ook 'n skrifgeleerde, volksgebonde en handhawer van die voorvaderlike instellings. Hulle is voorts gekenmerk deur die stipte onderhouding nie alleen van alle uiterlike vorme en van die geskrewe wet nie, maar ook van die sogenaamde mondelinge leer en nougesette vaskleef aan traditiesies of oorleweringe van die ou mense wat egter, veral in Jesus se tyd, dikwels ontaard het in uiterlike vormdiens en selfverheffing op sedelike gebied, sodat die lede as geveinsdes en skynheiliges bestempel is.

FEBRUARIE

Hierdie maandnaam kom van die Latynse byvoeglike naamwoord **februarius**: ‘van die reinigingsfees’; **mensis Februarius** beteken dus letterlik ‘maand van die reinigingsfees’, dus: ‘die reinigingsmaand’. **Februa** was die naam van die reinigingsfees wat die Romeine gevier het. Oorspronklik was Februarie die laaste maand van die Romeinse jaar en op 15 Februarie is daar reinigingsoffers gebring tydens die versoeningsfees. **Februus** was moontlik die naam van die Etruskiese god wat die ekwiwalent was van die Latynse **Dit is Pater** (**Dit is** van **ditis**, ‘ryk’), die Romeinse god van die dooies. Die maand **Februarie**, die maand van die dooies, is aan hom toegesê.

FERMIUM

Dit is 'n radioaktiewe chemiese element wat in 1954 ontdek is by die Universiteit van Kalifornië, waar dit gereproduseer is in die kernreaktor deur plutonium met neutrone te bombardeer. Dit is genoem na die Italiaans-gebore Amerikaanse kernfisikus, **Enrico Fermi** (1901-1954). In 1938 kry hy die Nobelprys vir Fisika vir navorsing in verband met radioaktiewe materiale. Hy het 'n baie belangrike rol gespeel in die atoombom-projek deur middel van navorsing en aktiewe deelname ná sy aankoms in die VSA in 1939. Hy was aan die hoof van die groep wetenskaplikes wat by die Universiteit van Chicago (1942) die eerste selfonderhoudende kern-kettingreaksie bewerkstellig het.

FERREIRA

Ons weet nie wie die man in die volgende uitdrukking was nie, hoewel die van baie bekend is: **Vat jou goed en trek, Ferreira**, wat beteken ‘maak dat jy wegkom, laat vat’. Daar is geen bewys dat die volksliedjie waaruit hierdie uitdrukking kom, tydens die Groot Trek in 1836 ontstaan het nie.

(Stamvader **Ignatius Ferreira** van Lissabon was op die Engelse skip *Chandos* wat tydens die storm tussen 16 en 17 Junie op die Tafelbaaise strand gedryf is. Hy tree in diens as VOC-soldaat maar kry later die leenplaas De Hartebeest Kuyl oor die Gouritsrivier. Hy trou in 1735 op Stellenbosch met Maria Terblans/che en is in 1772 “over de berg”, dit wil sê die Overberg, oorlede.)

FES

Ronde mus sonder rand en plat van bo, soms met neerhangende kwassie, wat deur die Kaapse Maleiers en baie Moslems gedra word. Frans van Turks **fes** van **Fez**. Laasgenoemde is 'n stad wat geleë is in noordelike Sentraal-Marokko. Dit is die land se godsdienssentrum en was vroeër die sultan se noordelike hoofstad.

FISANT

Hoenderagtige, wilde bosvoël wat soos 'n patrys lyk (*Pternistis swainsoni* of *nudicollis*). Van Oud-Frans **fesan**, **faisan** van Latyn **phasianus** van Grieks **phasianos** 'voël van die Phasisrivier'. Dié rivier vloei van die Kaukasus na die Swartsee.

FLAMINK/FOLMINK

Dit is die naam van 'n voëlsoort (fam. *Phoenicopteridae*) van Ndl. **Flamingo** van waarskynlik uit Portugees **Flamengo**, 'Vlaming', **flamengo**, 'gevlamd', **flamingo**, die voëlnaam'; ook Spaans **flamenco** (die Andalusiese dansstyl). Daar word gewys op die verband met **Vlaming**, **gevlamd** en op **Vlaamse eilande** (dit wil sê die Asore).

FOLTER-/PYNBANK

Beskuldigdes is vroeër jare aan hul tone op die **foter-/pynbank** vasgebind met toue, waarna hulle met 'n windas uitgerek is. Figuurlik gesproke verwys **folterbank** na omstandighede wat leed of geestelike lyding meebring (uitdrukking: **die folterbank van berou**).

FRANGIPANI

1. Dit is die naam van enigeen van sekere tropiese Amierkaanse struik of klein boompies (spp. *Plumiera*, fam. *Apocynaceae*) met tregtervormige blomme in eindstandige byskerms. Dit is 'n groot gunsteling in tuine in die warmer en meer gematigde streke van Suid-Afrika.

2. Dit is verder die naam van 'n soort reukwerk van die rooijasmyn gemaak, of met 'n geur soos dié van genoemde blom.

Fr. **fangipani** van (**gants de**) **frangipane**, (handskoene met) **frangipani** van It. naam van die Markies **Frangipani/e** van Rome, wat in die 16de eeu 'n parfuum gemaak het om handskoene mee te parfumeer. Dit het die naam gekry wat weer op die blom en plant oorgedra is.

FRANK

1. Die **frank** is die geldeenheid van Frankryk, Switserland, België en Luxemburg wat uit 100 centimes bestaan. Oud-Frans **franc** van die Latynse legende **Franctorum rex**, 'koning van die Franke', soos dit voorkom op die goue munte geslaan in 1360 gedurende die bewind van Jan II (ook Jean le Bon 1350-1364) van Frankryk.

2. Dit beteken ook vrymoedig, onbeskroomd, rondborstig. Die Nederlandse **frank** kom van die Oud-Franse **franc** van Laag-Latyn **Francus** 'n Frank', dit wil sê 'n vrye persoon, vryman wat in verband staan met die Engelse woord **frank**. Dit was die naam van 'n lid van die verenigde Germaanse volkstamme wat die Frankiese ryk gestig het. (Lg. naam kom van die Oud-Engels **Franca**, die Oud-Engelse benaming vir die werpspies, die nasionale wapen van hierdie stamme.) Iemand van **frank en vry leef** is dus heeltemal vry of ongebonde (hoewel nie bandeloos nie).

FRIES

Dit verwys na 'n versierde strook, sierband, sierrand. Van Oud-Frans van Middeleeuse Latyn **frisium**, **frigium** 'fraiing, geborduurde werk' van Latyn **Phrygium** van **Phrygië** 'Frigië', bekend vir die borduurwerk wat daar gemaak is.

FUCHSIA/FOKSIA/FOKSIE

Dit is die naam van 'n bekende geslag struik of klein boompies (fam. *Onagraceae*), meestal inheems in Mexiko en Suid-Amerika; dit is ook die benaming (meestal in die tweede lid van die volksname) vir verskeie Suid-Afrikaanse plante en blomme van ander geslagte

(**wildefuchsia**/kinderbessie; **rietfuchsia**/besemgoedjies). Van Ndl. **foksia/fuchsia**; Engels **fuchsia**.

Dit is genoem na die 16de-eeuse Duitse plantkundige **Leonhard Fuchs** (1501-1566).

G

GABRIËL

Gabriël van Hebreeus wat beteken ‘man van God’, is volgens die Bybel een van die aartsengele en die verkondiger van goeie boodskappe.

GAWIE

Gawie, die Afrikaanse verkleiningsvorm van die voornaam Gabriël, word met 'n aanvangskleinletter geskryf as **gawie** om te verwys na 'n agteraf, torreringe, ongemanierde vent (**hy gedra hom net soos 'n regte gawie**), of na 'n eenvoudige, onervare persoon, 'n groentjie (**'n Plattelandse gawie ken nie die dorpsmaniere nie**). 'n **Dorpsgawie** is weer 'n dorpenaar wat onkundig is omtrent die plaaslewe.

Vergelyk soortgelyke teenstellende benamings:

dorpsjapie, plaasjapie

dorpsgawie, gawie (waar **plaas-** ontbreek)

dorpslewe, plaaslewe

GAILLARDIA

Dit is die naam van 'n geslag van die familie *Compositae*, omvattende sowat 15 soorte Amerikaanse kruidgewasse wat veral om die sierlike geel of rooierige blomhofies gekweek word. Van Nieu-Latyn **Gaillardia** genoem na **Gaillard de Marentonneau**, 'n 18de-eeuse Franse plantkundige.

GAL

Gal is 'n bitter vloeistof (vandaar **galbitter** en **bitter soos gal**) wat deur die lewer afgeskei word. Volgens die Grieke het die gal 'n groot invloed gehad op iemand se aard en stemming. Die gal bewerk glo drif en wrok. Aan 'n oorvloed van gal is 'n bepaalde gemoedstoestand te wyte: in navolging van die Griekse woord vir gal word dit dus 'n choleriese toestand genoem. Die byvoeglike naamwoord **choleries** beteken ‘gekenmerk deur vinnige afwisseling van sterk gemoedsaandoeninge: opvlieënd, vurig, impulsief’. 'n Mens met hierdie temperament het dus te veel gal; iemand wat **gal afgaan** gaan woes tekere en word kwaad.

GALG

Die **galg** word vandag nog gebruik om misdadigers aan op te hang. Dit is 'n raamwerk bestaande uit twee pale en 'n dwarsbalk waaraan die ter dood veroordeeldes opgehang word. (In ligter luim: in studentetaal verwys **galg** na 'n bord met eksamenuitslae!) Daar is heelwat idiome wat hierdie strafmiddel as kerngedagte het, onder andere **botter aan die galg smeer** (sien *botter*) **bou 'n galg vir 'n ander, dan hang jy jouself daaraan; dit lyk of hy van die galg geswaai het; vir die galg grootmaak/vir galg en rad opgroei; so slim soos die houtjie van die galg** (sien *Hout*) en **as jy vir die galg gebore is, sal jy nie deur 'n koeël sterf nie**.

GALGEHUMOR

Galgehumor is die bittere skerts van 'n ter dood veroordeelde. Figuurlik gesproke is dit die gespot met die moeilikhede en onaangenaamhede wat deurgemaak moet word sonder die vooruitsig op verligting.

GALGEHUWELIK

Al wat 'n veroordeelde in die ou dae dalk nog kon red, was 'n **galgehuwelik** wanneer 'n jongvrou van onbesproke gedrag volgens 'n ou volksgebruik onder andere in Engeland en Pole bereid was om met hom te trou.

GALLIUM

Dit is die naam van 'n seldsame, maar in klein hoeveelhede wydverspreide, bloueriige of gryserige wit, metallieke element, wat in 1875 deur P.E.L. de Boisbaudran (1838-1912) spektroskopies in sinkblede ontdek is nadat die bestaan daarvan as eka-aluminium in 1869 deur Mendelejew (1834-1907) voorspel is. Van Nieu-Latyn van Latyn **gallus** 'hoenderhaan' (skertsende vertaling van die naam van die ontdekker, bogenoemde Franse chemikus).

Waarom die hoenderhaan, blyk uit die volgende:

In die tyd van Antieke Rome was die Latynse woord **gallus** 'hoenderhaan' en **Gallus** 'Galliërs' homonieme. Die assosiasie van die Franse haan as nasionale simbool is egter apokrief, aangesien die haan nie as 'n nasionale persoonifikasie of in die Galliese mitologie as heilige dier beskou is nie, omdat daar toe nog geen "Galliese" (Franse) volk bestaan het nie, maar slegs 'n losse federasie van Galliese stamme.

Die assosiasie van die hoenderhaan met Frankryk dateer uit die Middeleeue toe dit veral deur die vyande van Frankryk gebruik is om met die Franse te spot. Later is die verband tussen die hoenderhaan en die Galliërs deur die Franse konings vasgelê vanweë die haan as sterk Christelike simbool (Petrus wat Jesus drie maal verloën het waarna die haan gekraai het; die kraai van die haan dui op die daaglikse oorwinning van lig oor duisternis en derhalwe van goed oor kwaad, asook die feit dat die Christen bedag en gereed moet wees vir die skielike koms van Christus, met hanekraai.) Tydens die Renaissance het die hoenderhaan 'n simbool van Frankryk as Katolieke staat geword asook 'n Christen-simbool in die vorm van die weerhaan op kerktorings (sien *Haan.*)

GALVANISME

Dit is galvaniese, dinamiese of stromende elektrisiteit, elektrisiteit wat ononderbroke in een rigting vloei, veral soos deur chemiese reaksie opgewek in 'n **galvaniese battery** of **element**.

Dit is genoem na die Italiaanse natuurkundige en anatoom **Luigi Galvani** (1737-1798) wat hierdie soort elektrisiteit teen 1790 ontdek het toe hy 'n koper- en 'n sinkdraad by 'n voorbereide dooie padda gebruik het; hy het die bewegings by die paddabeen toegeskryf aan 'dierlike magnetisme', 'n verklaring wat later deur Volta reggestel is. Hierdie teenstrydigheid het die ontwikkeling van fisiologienavorsing gestimuleer.

GAMALIËL

Aan die voete van Gamaliël sit beteken 'om by 'n beroemde leermeester onderrig te ontvang, die voorreg te geniet van 'n uitstekende opvoeding'.

Gamaliël was 'n wyse Farisieër wat besonder hoë aansien onder die mense geniet het (Handelinge 5:33) en wat Paulus se hooggeëerde leermeester was (Handelinge 22:3). Eersgenoemde was volgens die Talmut die kleinseun van die beroemde Rabbi Hillel. Hy het

onder andere opgetree tydens die Joodse Raad se beraadslagings ten opsigte van Johannes en Petrus se prediking (Handelinge 5:34-40).

Om **aan iemand se voete te sit**, beteken om so 'n persoon se leerling te wees – dit is ontleen van die gewoonte onder die Jode dat die onderwyser op 'n hoë stoel sit en sy leerlinge op 'n laer vlak staan of sit; dit dui op die hoë agting wat die Jode gehad het vir 'n leraar van die Wet.

GANS

As jy **die gans doodmaak wat die goue eiers lê**, verloor jy juis dít wat vir jou wins inbring. Die bron van hierdie gesegde lê in 'n fabel van Esopus uit die oorspronklike Grieks vertaal: 'n Besonder toegewyde aanbieder van Hermes het van daardie god 'n gans wat goue eiers kon lê, present gekry. Die man het egter nie gewag om bietjie vir bietjie gehelp te word nie, en omdat hy gedink hete dat die gans se binnegoed alles van goud was, het hy haar daar en dan geslag. Die gevolg was dat hy nie alleen in sy verwagting teleurgestel is nie, maar ook die eiers verloor het; want die binnegoed was maar net die ene vleis. So gooi spekulante dikwels deur hulle begeerte vir groter winste die besittings weg wat in hulle hande is.

Hier volg 'n algemener weergawe:

'n Man en sy vrou het eendag 'n gans gehad wat elke dag 'n goue eier gelê het wat hulle dan vir baie geld verkoop het. Hoe meer geld hulle gekry het, hoe meer wou hulle hê. Hulle besluit toe om die gans dood te maak, oop te sny en al die goud uit te haal. Maar toe kry hulle geen goud binne-in haar nie. Sy het maar nes enige ander gans gelyk. Nou was die gans egter dood, daar was geen goue eiers meer nie en hulle heerlike bron van inkomste was daarmee heen!

'n Stadige gans verloor sy kans: deur alte stadig te wees, laat 'n mens jou kans verbygaan.

Ganse aanjaag: weens besopenheid slingerend loop.

GEDOOG (GEDOË)

In Middelnederlands beteken **doghen, ghedoghen**: 'lijden, lijdszaam zijn, geduldig zijn, toestaan'; die oorspronklike betekenis was 'kunnen uithouden'. **Gedoogen** is verwant aan **deugen** (vergelyk: *gedogen, gedoogde, heeft gedoogd, mededogen, mededogend*).

So 'n toestand kan ons nie gedoog nie: so 'n toestand kan ons nie toelaat, duld, verduur, verdra, doog nie.

GEDY

Die Ndl. werkwoord **gedijen** beteken 'groeï, word'. Die ou deelwoord is behou in **gedegen** (goud), Afrikaans **gedeë** (goud). **Dege** soos in Ndl. **ter dege kom** van Middelnederlands **deghe**: 'aanwas, voorspoed'. (Vergelyk Ndl. **terdege/terdeeg**, Afr. **terdeë**.)

Onregverdige goed gedy nie: goed wat op oneerlike wyse verkry is, bring geen voordeel nie.

GEE

Die beroemde spreuk **gee (dan) aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom**, is afkomstig uit Matthëus 22:21 waar sekere Farisieërs vir Jesus met 'n strikvraag probeer uitvang het deur hulle op sy onpartydigheid te beroep: glo Hy dat die Jode werklik aan die Romeinse besettingsmagte onderdanig moet wees? In die groep was daar sommiges wat die ou teokrasie (waar God die enigste werklike regeerder was) voorgestaan het, terwyl ander van die Herodiaanse faksie was, met ander woorde die voortgesette Romeinse besetting ondersteun het. Jesus antwoord dat daar aan sowel die goddelike as die aardse gesag op hul onderskeie gebiede onderdanigheid verskuldig is.

GEESTE

Johannes (1 Johannes 4:1, 1933-vertaling) waarsku sy lesers as hy met hulle oor dwaalleraars praat deur te sê: **stel die geeste op die proef!**, met ander woorde, moenie aanvaar dat elke profeet wat in die gemeente optree met die Gees van God vervul is nie. Ons gebruik die uitdrukking om mekaar te maan om nie ander goedsmoeds te vertrou nie.

GEHAZI

Vanwaar, Gehazi? beteken ‘Waar kom jy vandaan, waar was jy?’. Vergelyk 2 Konings 5:25, 1933-vertaling.

GEITJIE

'n **Geitjie** is 'n persoon, veral 'n vrou, wat gou kwaad word of 'n vennynige tong het. In plaas van geitjie in die uitdrukking is voorheen na 'n akkeDit is verwys. Volgens bygeloof was die akkeDit is baie giftig. In Suid-Afrika is dié bygeloof oorgedra op die verwante en eweneens onskuldige geitjie.

GELAG

Die woord **gelag** in die uitdrukking **die gelag betaal** het niks te doen met skaterlag of uitbundigheid nie. Die Middelnederduitse woord **gelach** se oudste betekenis was waarskynlik: ‘die byeengelegde goedere nodig vir 'n fees’; die woord is verwant aan **leggen** wat beteken ‘om te lê’. Die **gelag** het later verwys na die gesamentlike onkoste van 'n aantal persone wat kos en/of drank in 'n herberg geniet het. In Afrikaans beteken hierdie uitdrukking om die straf van ander te dra, en om alleen te boet vir wat jy saam met ander misdryf het.

GENOEË

Die Ndl. werkwoord **genegen** is die deelwoord van **nijgen**, ook **geneigd** en **geneigdheid** kom van **neig** (in Afrikaans) van **nijgen**. In Middelnederlands beteken **nijgen** ‘buig, neig’.

Genoeë neem met iets: tevrede wees met iets.

Na genoeë handel: maak soos jy lus het.

GERT

Gert is 'n bekende persoonsnaam in Afrikaans, afgelei van **Ger(h)ard(us)**, van die Germaanse samestelling **ger**: ‘spies’ + **(h)ard**: ‘hard’.

Gert Erf is Gert Swerf verwys na iemand wat sy besittings erf en dit maklik kwyt raak (aangesien hy nie self daarvoor gewerk het nie). 'n Ander variant van hierdie idiomatiese uitdrukking is **erfgeld is swerfgeld**.

GERUG

Hierdie woord beteken vandag ‘onseker, vals berig, praatjie, reputasie, faam; geluid, geraas’. Vroeër het dit onder andere verwys na ‘roep, geskreeu, bekendmaking, alarm’ en is afgelei van die werkwoord **roep**. Die oorspronklike betekenis van die selfstandige naamwoord **gerug** moet dan opgevat word in die betekenis van klank, die geskal van die trompet tydens 'n veldslag en strydgevoel, en dit is in die Middeleeue in hierdie verband gebruik.

GESÊ

So gesê, so gedaan kom van Latyn **Dictum, factum** (Terentius, *Heautontimorumenos* V, I, 31).

GESLEPE

Die woord **geslepe** is afkomstig van **geslepen**, wat die verlede deelwoord is van Nederlands **slijpen** en beteken 'listig', skelm of sku'. Dit is eintlik gesê van die verstand of brein, soos wat dit blyk uit die 17de eeu toe die uitdrukking bestaan het: **die hoof, verstand, vernuf slyp** beteken 'die sinne skerp te maak' (vergelyk Afrikaans **skerpsinnig**). Die vergelyking wat daar is tussen **geslepe** vent en **geslypte** (Nederlands **geslepe**) mes is voor die hand liggend. Die teenvoeter van hierdie gesegde is naamlik bot van verstand wees/stompsinnig. Hierdie segswyse is ook oorspronklik slegs toegepas op stomp messe en swaarde.

GETY

Onder **gety** word verstaan 'die reëlmatige terugkeer van eb en vloed, stroom'.

As die gety verloop, versit 'n mens die bakens: Vroeër is die bakens wat die diepte aangetoon het, letterlik versit namate die gety styg of daal. Figuurlik gesproke beteken dit 'n mens moet jou by nuwe omstandighede aanpas deur ander maatreëls te tref. Daar is ook nog 'n paar ander idiomatiese uitdrukkings in Afrikaans waar **gety** die trefwoord is, naamlik:

Die gety waarneem: van 'n gunstige geleentheid gebruik maak.

Die gety laat verloop: die gunstige geleentheid ongebruik laat verbygaan.

Met die gety saamgaan: met die stroom saamgaan, nie 'n standpunt kan inneem en daarby bly nie.

GEWEEG

Die gesegde (**jy is geweeg en te lig bevind**) beteken dat jy getoets is en nie daartoe in staat was om die toets te slaag nie. Volgens Daniël 5 het die vingers van 'n man se hand die woorde **mene, mene, tekel, parsin** op koning Belsasar se paleismuur geskryf terwyl hy besig was met 'n groot feesmaal (Daniël 5:5). Daniël het die betekenis daarvan as volg uitgelê: *mene*: God het die dae van jou koninkryk genommer en dit aan 'n einde gebring; *tekel*: jy is in die skaal **geweeg en te lig bevind**; *parsin* (*peres*): jou koninkryk word verdeel en aan die Mede en Perse gegee.

GEWOONTE

Die mag van die gewoonte: van Latyn **Consuetudo alterna natura** (Cicero, *De finibus bonorum et malorum* 5, 25, 74).

GHIENIE

Rekenmunt ter waarde van R2,20; oorspronklik was dit 'n goue muntstuk ter waarde van 21 Engelse sjelings. Die Engelse muntstuk **guinea** was in gebruik tussen 1663 en 1883 en is gemaak van goud uit **Guinee**; sedertdien is dit 'n denkebeeldige rekenmunt.

GLAUBERSOUT

Dit is gekristalliseerde natriumsulfaatdekahidraat wat in kleurlose, vervloeibare, monokliene kristalle as ligte purgeermiddel aangewend word en ook in die verwery-, druk- en tekstielnywerhede gebruik word.

Dit is so genoem na die ontdekker, **Johann Rudolf Glauber** (1604-1668), 'n Duitse chemikus en fisikus, wat ook **glauberiet** ontdek het.

GOETHIET/GÖT HEIT

Dit is 'n gelerige, rooierige of swarterige bruin, waterhoudende okside van yster, wat in die ortorombiese stelsel kristalliseer en in prisma's of veselrig, skubvormig of massief op verskeie

plekke in Europa en elders voorkom, gewoonlik in assosiasie met limoniet of hematiet. Dit is 'n ystererts en is so genoem ter ere van die Duitse digter en dramaturg, **Johann Wolfgang (von) Goethe** (1749-1832).

GORDIUS

Gordius, die mitiese koning van Frigië, was getroud met die godin Cybele: hul seun **Midas** het sy vader opgevolg. Gordius het 'n baie ingewikkelde knoop in die riem aan die Dit isselboom van sy strydwa gemaak wat as **die Gordiaanse knoop** bekend gestaan het. Die persoon wat dit kon losmaak, sou die wêreldheerser word. Niemand kon dit egter regkry nie, maar Alexander die Grote het die probleem opgelos deur die riem eenvoudig met sy swaard deur te hak (kap). **'n Gordiaanse knoop deurhak (deurkap, deursny)** beteken dus om 'n moeilikheid op summiere wyse of deur drastiese maatreëls uit die weg te ruim.

GROF-/SWAARGESKUT

Hieronder word 'n groot vuurmond verstaan, dit wil sê 'n vuurmond van groot kaliber; in die 17de eeu het dit bekend gestaan as 'n **grove bus**, dit wil sê 'n swaar/growwe geweer'. (Die Afrikaanse woord **buskruit** kan teruggevoer word tot die volgende samestelling, naamlik **kruid**: poeier vir die **busen**: geweer.) Die uitdrukking **grof-/swaargeskut** beteken verder kwaai uitskeltaal.

GROOTSKEEPS

Ons praat van **iets grootskeeps doen** in die sin van of op die trant van 'n groot skip/skepe, dit wil sê op groot voet/skaal (grootskaals) waarby geen koste ontsien word nie, deftig.

GUARNERIUS

Dit is die naam van 'n viool vervaardig deur 'n lid van die beroemde Italiaanse familie **Guarneri**, vioolbouers in die 17de en 18de eeu. Die Guarneri-familie was afkomstig van Cremona. **Andrea** (c. 1626-1698), 'n student van Niccolò Amati, was die eerste van dié vioolbouers; sy kleinneef **Guiseppe** (1687?-1745), ook bekend as **del Gesù** omdat sy kenteken die kruis en die letters IHS was, was die grootste vakmeester van die familie.

GUILLOTINE

Dit is die naam van die werktuig (valbyl) wat in 1792 tydens die Franse Rewolusie ingevoer is om ter dood veroordeeldes te onthoof, en wat bestaan het uit twee staande balke, bo deur 'n dwarsbalk verbind, waartussen in gleuwe 'n swaar, skerp mes was wat vinnig op die nek van die daaronder geleë veroordeelde neergekom het. Onthoofding met die **guillotine** is nog tot onlangs in Frankryk en België toegepas.

Die guillotine heet na die Franse geneesheer **Joseph-Ignace Guillotin** (1738-1814), wat die valbyl verbeter het deur die reguit mes te vervang deur 'n byl met konvekse snykant sodat dit terselfdertyd kap en sny.

H

HAAI

Na die haaie gaan is 'n vaste uitdrukking wat beteken 'n skip wat in die see verdwyn', of figuurlik gesproke 'iemand wat reddeloos verlore gaan/te gronde gaan'.

HAAN

Die haan is 'n simbool en versinnebeelding van waaksaamheid en bedrywigheid. Gedurende die Middeleeue was die haan 'n belangrike Christelike beeld wat byna altyd te sien was op die hoogste windwysers (vergelyk die weerhaan), katedraaltorings en -koepels. Die haan is beskou as 'n simbool van waaksaamheid en van die opstanding. Dit moes die Son (Christus) sien en verwelkom selfs voor Hy in die Ooste verskyn.

In Afrikaans sê ons **geen haan sal daarna kraai nie**, dit wil sê niemand sal ooit iets daarvoor sê nie. Hierdie uitdrukking dateer uit die 17de eeu. Sommige mense het gemeen die oorsprong van die gesegde lê in die bekende verhaal van Petrus wat Jesus verloën, maar dit kan nie gestaaf word nie, aangesien Jesus bedoel het dat Petrus hom vóór die kraai van die haan, dit wil sê voor dagbreek, drie keer sou verloën. Die oorsprong moet eerder gesoek word in die volksgeloof dat die haan wat die enigste toeskouer by 'n moord is, se gekraai die moordenaar sal verklap. Wanneer 'n onreg gepleeg word en niemand ooit daarvan sal weet nie, word gesê: **daar sal geen haan na kraai nie**.

Sy haan moet (altyd) koning kraai: hy moet (altyd) sy sin kry, die meeste te sê hê.

Elke haan is koning op sy eie mishoop: elkeen voel hom die meerdere op sy eie gebied.

As Petrus by is, praat 'n mens nie van die haan nie: dit sou taktloos wees om onaangenaamhede uit 'n persoon se verlede in sy teenwoordigheid te bespreek.

HASEPAD

Om **die hasepad (te) kies**, is om vinnig op vlug te slaan; jouself vinnig uit die voete te maak soos 'n haas. Reeds baie vroeg is die haas beskou as 'n soort bang dier en sy naam is gegee aan 'n lafaard, soos blyk uit die *Lex Salica*, waarin vermeld word dat wanneer iemand 'n ander persoon vir 'n haas uitskel, hy beboet sal word. Hierdie eienskap van vrees het aanleiding gegee tot verskillende uitdrukkings wat almal beteken 'op die vlug slaan'. In werklikheid probeer die haas om sy agtervolgers af te skud deur 'n vinnige reguit vlug. Hy kan 'n snelheid van sowat 50 km/h behaal. Voordat hy op die vlug slaan, bly hy so lank moontlik doodstil en inmeekaargekrimp sit. Op die laaste oomblik kies hy dan die hasepad.

HAFNIUM

'n Rekbare, sagte metaal, wat hoogglansende, heksolnale kristalle vorm en gebruik word in die vervaardiging van wolframdrade vir elektriese gloeilampies.

Van Nieu-Latyn **hafnia**, die Latynse naam vir Kopenhagen, Denemarke.

HALS

In Ndl. kom die uitdrukking voor, naamlik **om hals brengen**, wat in Afrikaans bekend is as 'om die lewe bring'. Die sinonimiteit van die woorde **hals** en **lewe** in sodanige gevalle vind ons nog in enkele samestellings, byvoorbeeld **halsmisdaad**, **halsreg**, **halsbrekend**, **halsstraf** en **halsregter**. In die Middeleeue het **hals** ook voorgekom in die betekenis van liggaam of persoon, soos onder andere in die Ndl. uitdrukking **een dood hals, een bloed**. In Afrikaans bestaan hierdie uitdrukking nie, maar ons praat wel van **die arme bloedjie** wanneer met simpatie van 'n klein 'persoontjie', dit wil sê 'n kind, gepraat word.

HAMER

In die uitdrukking **onder die hamer kom** wat beteken 'opgeveil word; in die openbaar aan die hoogste bieder verkoop word', verwys die **hamer** na 'n stuk houtgereedskap soos 'n hamer gemaak, wat dien as teken en middel van gesag. Tydens 'n veiling slaan 'n afslaer met die hamer op 'n metaalplaat om 'n koop te beklink. Hierdie uitdrukking vind sy oorsprong in die Noorse

mitologie by Donar, ook genoem Thor. Thor (Ood-Noors **thorr** beteken ‘donder’) word gereeld op sendings gestuur om die ysreus weg te hou van die aarde en die hemel. Thor is 'n vriend van die mensdom, beskermder van die aarde, die hemel en die gode. Die hamer Mjölfnir (‘die vernietiger’) is Thor se kosbaarste besitting. Hierdie hamer, wat gemaak is uit 'n meteoriet, keer altyd na sy hand terug nadat hy daarmee gegooi het. Met Mjölfnir hou Thor die ysreus van die onderwêreld weg van die aarde, en na elke winter slaan hy met hierdie hamer die ysblokke stukkend sodat die lente kan aanbreek. Hy het ook deur middel van sy hamer bevestiging verleen aan die sluit van 'n belangrike ooreenkoms, soos byvoorbeeld 'n huwelik. In navolging van hierdie handeling deur Thor het die Germane verskillende voorwerpe gewy aan hul godheid deur middel van die gebruik van 'n hamer, waardeur daar dan aan die handeling krag verleen is en waardeur sodanige handeling bevestig is.

Op iets hamer beteken om aanhoudelik daarop klem te lê.

HANDE

Om jou hande in onskuld (te) was, is 'n uitdrukking wat ontleen is aan 'n ou Israelitiese gewoonte. Dit het allereers betrekking op bloedskulde en vind daarin 'n verklaring. In Deuternomium 21:6 word breedvoerig beskryf hoe die oudstes van 'n stad hulle moet suiwer van die verdenking van medepligtigheid aan byvoorbeeld manslag wat naby die betrokke stad gepleeg is. Met hierdie segswyse word te kenne gegee dat daar geen bloed aan hul vingers bly kleef het nie, en so is hulle dus gesuiwer van alle deelgenootskap aan die vergote bloed. Pilatus, die Romeinse goewerneur van Judea (26-36 n.C.) het hierdie gewoonte nagevolg tydens die vervolging en latere veroordeling van Jesus. Die uitdrukking **die hande was oor iets** ontstaan as gevolg daarvan.

Baie hande maak ligte werk: as 'n groep mense saam aan iets werk, is dit makliker vir elkeen afsonderlik.

HANDSKOEN

Iemand die handskoen toewerp beteken om iemand uit te daag tot die stryd. Dit dagteken uit die Middeleeue: Wanneer die een ridder sy handskoen voor die voete van 'n ander een werp, beteken dit dat hy daardie ridder tot 'n geveg uitdaag. Indien die uitgedaagde die handskoen optel, gee hy hiermee te kenne dat hy die uitdaging aanvaar en dus reg is vir die stryd.

HANS

Die voornaam **Hans** is afgelei van **Johannes** van Latyn van Hebreeus wat beteken ‘God is goed’; dit is 'n algemene naam in die Bybel, maar word veral in verband gebring met Johannes die Doper.

'n **Hansie-my-kneg**: onderdanige dienskneg/handlanger.

Hansie-my-kneg speel: om 'n ander te bedien.

Die minder gebruiklike **skraalhans** verwys na 'n gierigaard.

Skraalhans is daar kok: daar is maar min te ete.

HANSWORS

Oorspronklik was dit 'n vaste komiese figuur van die ou Duitse toneel, verwant aan die Italiaanse harlekyn, tans 'n nar of grapmaker in 'n toneelstuk of sirkus. By uitbreiding beteken dit ‘iemand wie se gedrag komies, belaglik is’. Ndl. **hansworst** van Platduits **Hans Worst** van Hoogduits **Hans Wurst/Hanswurst** is die naam van 'n ou Duitse toneelfiguur, die eerste in 'n Platduitse vertaling van 1519. (Vergelyk ook Fr. *Jean Potage* en Eng. *Jack Pudding*.)

HARDEPAD

Wanneer 'n misdadiger **hardepad** kry, dien hy tronkstraf met harde arbeid uit.

HARNAS

As jy **iemand die harnas injaag**, beteken dit 'om hom kwaad te maak'. Hierdie uitdrukking verwys letterlik daarna om iemand die harnas te laat aantrek vir 'n tweegeveg, soos die ridders van ouds voor 'n geveg gemaak het. Die harnas was 'n wapenrusting van metaal, leer of ander weerstandbiedende materiaal. Die woord **harnas** is ontleen aan Frans wat weer op sy beurt afgelei is van Oud-Noors **hernest** wat 'leërvoorraad' beteken het.

HECTOR (ook HEKTOR) (eienaam)

Hektor was die grootste en dapperste Trojaanse held tydens die legendariese stryd om Troje – die oorlog tussen die Trojane en die Grieke. Hector was die seun van Priamus en Hecuba, en getroud met Andromache. Sy heldedade word in die *Ilias* van Homerus besing. Hy het Patroclus, Achilles se boesemvriend, gedood en is op sy beurt weer deur Achilles oorwin en gedood. 'n Dapper krygsman word dikwels as '**n Hektor** beskryf.

HEF

Die hef aan lê nog voor (die grootste moeilikheid lê nog voor) het ontstaan na aanleiding van die besonder hoë noot in die middel van Gesang 2:1 wat voorsangers dikwels laat vasbrand het as hulle die gesang te hoog ingesit het. Die eerste helfte wat taamlik laag gesing is, het so begin:

Die hoë God alleen sy eer,

maar later kom daar 'n hoë noot in die middel van die vers waarvan die woorde lui:

Hef aan, hef aan, roem sy gena.

As 'n mens nie aan die begin laag genoeg ingesit het nie, sou jy nie die hoë note kon haal sonder om te skree nie.

HELM

In die uitdrukking **hy is met die helm gebore** word daar letterlik verwys na die vlies om die kop by kinders by geboorte waaraan versierendheid toegeskryf is. Daarom het die ou advokate in Rome vir die verbetering van hul welsprekendheid musse opgesit. Hierdie bygeloof bestaan vandag nog.

HENRY

Dit is 'n praktiese elektromagnetiese eenheid van self- of wedersydse induksie; selfinduksie van 'n stoombaan waarin 'n stroomverandering van 1 ampère per sekonde 'n elektromotoriese krag van 1 volt induseer.

Dit is genoem na die Amerikaanse fisikus **Joseph Henry** (1797-1878) wat uitgebreide fundamentele navorsing gedoen het in verband met elektromagnetiese fenomene. Hy was die eerste sekretaris en direkteur van die Smithsonian Institution (gestig 1846).

HERKULES (ook HERAKLES)

Volgens die Griekse mitologie was **Herkules** die seun van Zeus en 'n sterfling Alkmene, halfgod van die Grieke en die nasionale held van ou Griekeland. Hy was die beskermer van atletiek en van reis, en draer van die kultuur. Herkules was verder die beliggaming van manklike krag en uithou vermoë en bedeel met baie ander deugde soos moed, energie en meegevoel. Na sy dood word Herkules na Olympus gevoer waar hy met onsterflikheid vir sy heldedade beloon word. Hy is veral bekend weens die verrigting van baie bemenslike dade, veral die uitvoer van die Twaalf Take wat (weens Hera se vyandigheid) deur koning Eurystheus aan hom opgelê is, naamlik:

1. die verwurg van die leeu van Nemea
2. die doodmaak van die Hydra van Lerna
3. die vang van die Kerunitiese takbok
4. die vang van die Erymantiese wildebok
5. die reiniging van die stalle van Augias
6. die wegjaag van die Stymphaliese voëls
7. die vang van die bul van Kreta
8. die vang van die wilde perde (merries) van Diomedes
9. die roof van die gordel van Hippolyte
10. die roof van die beeste van die reus Geryones
11. die roof van die goue appels uit die tuin van die Hesperides
12. die weghaal van Kerberus, die Hond van die onderwêreld.

In die beeldende kuns word hy gewoonlik voorgestel as 'n besonder sterk, forsgeboude, naakte man, met 'n leeuveld oor die arm en 'n knots in die hand. Die **Suile van Herkules** is die benaming vir die voorgebergte aan weerskante van die Straat van Gibraltar wat in die Oudheid veronderstel was om deur Herkules daar geplaas te gewees het.

Daar word dikwels na 'n besonder sterk man verwys as '**n Herkules**.

HERKOUTJIE

Herkou (werkwoord) beteken 'weer kou' en word gesê van plantetende diere wat hul voedsel, nadat dit effens gekou en voorlopig ingesluk is, later in klein hoeveelhede weer opbring en fyn kou om finaal ingesluk te word.

Herkoutjie: klein hoeveelheid voedsel, haarbal

Wanneer ons beweer **hy het sy herkoutjie verloor**, bedoel ons daarmee dat 'n persoon olik of uit sy humeur is. Hierdie uitdrukking het ontstaan na aanleiding van die volksgeloof dat 'n dier wat sy herkoutjie (haarbal) kwytgeraak het, siek word of selfs kan doodgaan.

HERNEUTERMES

Dit is die naam van 'n soort lang, skerp, ouderwetse jagmes, dikwels in 'n skei aan die gordvand op die heup gedra.

Dit is genoem na die **Hernhutters**, die sendelinge (ook bekend as Morawiese broeders) van Genadendal wat sulke messe gemaak en in die handel gebring het. **Hernhut** was die naam van die nedersetting wat hierdie genootskap in ongeveer 1722 op uitnodiging van graaf Nicolaus von Zinzendorf (1700-1760) op sy landgoed gestig het.

HERTZ

Dit is 'n frekwensie-eenheid gelyk aan een siklus per sekonde.

Dit is genoem na die Duitse fisikus **Heinrich Rudolf Hertz** (1857-1894). In die loop van sy eksperimente het hy J.C. Maxwell se elektromagnetiese teorie bevestig; hy produseer en bestudeer elektromagnetiese golwe (wat ook bekend staan as **hertzgolwe**/radiogolwe).

HINK

Hink op twee gedagtes beteken 'nie weet wat om te kies nie, maar wyfel tussen twee verskillende sake'. Dit is ontleen aan 1 Konings 18:21, waar Elia by Karmel vir die Israeliete aansê om God of die Baäls te dien. Die uitdrukking herinner aan iemand wat waggel, aan albei kante mank gaan.

HOENDERSPOOR

Om **die hoenderspoor te dra**, is om 'n bandiet te wees. Vroeër is die regeringsmerk wat die vorm gehad het van 'n hoenderspoor oral op staatseiendom, ook op bandietklere, aangebring. Dit is dus die teken van gevangenskap. Die bandietmerk word ook genoem **hoendervoet, -poot, hanepoot** en **kraaipoot**. Dit is dalk waarom die polisie soms Pote genoem word.

HOFFMANNSDRUPPELS

Dit is 'n kleurlose vloeistof, bestaande uit 'n mengsel van eter, alkohol en eteriese oliemengsel, 'n huismiddel gebruik as hartstimulans, byvoorbeeld by floute of teen krampe en nervositeit. Dit is genoem na die Duitse geneesheer **F. Hoffmann** (1660-1742).

HOLMIUM

Dit is 'n seldsame erdmetaal wat in gadoniet voorkom; die soute is geel tot bruinerig; in 1878 deur Soret ontdek; is nou verwant aan erbium. Van Nieu-Latyn **Holmia**, Latynse naam vir Stockholm, Swede.

HOMERUS (ook HOMEROS)

Homerus was die eerste en beroemdste digter van Ou Griekeland, wat volgens oorlewering in die negende eeu v.C. geleef het. Hy was die skrywer van die *Ilias* en die *Odyssee*. Hy lewer 'n waardevolle bydrae deur sy teboekstelling van die bekende Griekse eposse. Die gesegde **ook (die goeie) Homerus slaap (dut) soms** kom uit die woorde van die Latynse digter Horatius, naamlik **Quandoque bonus dormitat Homerus** wat figuurlik beteken dat die knapste hom ook soms vergis.

HOND

Die hond in die pot vind: te laat kom vir ete.

Bekend as die bont hond: 'n ongunstige reputasie hê.

Twee honde veg om 'n been, die derde stap daarmee heen: 'n mens het rede om te kla as jy sien iemand anders stap met die vrugte van jou eie arbeid weg.

Vergelyk Esopus se *Die Leeu en die Beer*: 'n Leeu en 'n beer het gelyk op 'n takboklammetjie afgekom en het kwaai gespook totdat hulle uitgeput en halfdood moes bly lê. Toe kom jakkals daar aangedraf, sien die twee daar kapot lê met die lam tussen hulle, gryp die lam voor hul neuse weg en maak dat hy daarmee wegkom. Hulle kon nie eers orient kom nie, en moes maar net sê: 'Is ons nie ongelukkig nie, dat ons vir 'n jakkals so swaar moes kry!'

HONGER

Honger is die beste kok van Latyn **Cum sale panis latrantem stomchum bene leniet** (Horatius, *Satirae* 2, 2, 17 sq).

HOOG

Hoog en droog bly sit beteken 'rustig, veilig, kalm sit'. Die uitdrukking is ontleen aan die seewese, naamlik aan 'n skip wat op 'n sandbank of ondiepte geloop het en wanneer dit dan laagwater is, lê die skip **hoog en droog**. Dit beteken dieselfde as die Engelse uitdrukking **high and dry**. Die uitdrukking **iemand droogsit** beteken om iemand 'n nederlaag te laat ly.

HORING

Die horing van oorfloed, 'n simbool van oorfloed wat dikwels as siermotief gebruik word in die vorm van 'n horingvormige mandjie waaruit 'n verskeidenheid van veral vrugte gerangskik

is, is afkomstig uit die Griekse mitologie. Die jong Zeus het opgegroeï op Kreta waar hy gesoog is deur die bokooi Amaltheia. Sy was so 'n besonderse wonderdier dat selfs die gode ontsag vir haar gehad het. Uit dankbaarheid vir haar troue beskerming het Zeus haar tussen die sterre geplaas: van haar vel waardeur geen pyl kon dring nie, het hy die gedugte skild laat maak. Zeus skenk een van haar horings aan die nimfe: hy gee aan die horing die vermoë om vanself te vul met watter kos en drank daar ookal versoek word.

HORTENSIA

Dit is die naam vir die krismisroos of -blom, 'n kweeksoort uit China en Japan; die blomme word onderskei in vrugbare kleintjies en onvrugbare groteres, en is gerangskik in groot, opvallende, samegestelde byskerms.

Ndl. en Eng. **hortensia** Franse naam **Hortense**, vrou van horlosiemaker Lepaute (1723-1788).

HOUT

Hy het dit **op eie houtjie** gedoen: 'op jou eie gesag, vir jou eie rekening'. Die **houtjie** was 'n kerfstok wat soos volg gebruik is: as iemand iets by die winkel op rekening gekoop het, het die winkelier 'n keep op die houtjie gemaak om aantekening te hou. 'n Ander moontlike uitleg is dat, aangesien **hout** in die 17de eeu 'skip' beteken het, dit op die seemanslewe slaan: as 'n kaptein die gesag op sy eie skip voer, het hy op sy **eie houtjie** gestaan en dus geheel en al op sy eie gesag opgetree.

Vergelyk Van Dale 1997, *Etymologiesch woordenboek*: "De uitdrukking **op zijn eigen houtje** [voor eigen verantwoording] schijnt (17e-eeuws) te betekenen 'op eigen schip'. Op eigen houtje, d.w.z. als schipper-eigenaar, is men dus verantwoordelijk voor alle risico's."

HUMEUR

Die woord **humeur** beteken letterlik 'vloeistof, vog' van Latyn (**h**)umor. Reeds die Grieke het die karakter van 'n mens toegeskryf aan die vogmenging in sy liggaam (sien *gal*). Die persoon wat 'n goeie vogmenging gehad het, was vanselfsprekend in 'n goeie bui, ofte wel **in sy humeur**. Die teendeel is natuurlik dié persoon wat **uit sy humeur** is, of iemand wat **sy humeur verloor** as hy kwaad word of hom vererg. Volgens Middeleeuse fisiologiese opvatting word die humeur van die mens bepaal deur een van die vier vloeistowwe van die liggaam, naamlik die bloed, fleim, gal en swart gal ("black bile"). Die vloeistof wat oorheersend is, bepaal die karakter en algemene gesondheid van die mens. Daarvolgens word mense verdeel in vier karaktergroepe: die *sanguiniese* ('n oormaat bloed lei tot optimisme), die *flegmatiese* ('n oormaat fleim lei tot gelykmatigheid), die *choleriese* ('n oormaat gal lei tot swaargehumeurdheid (swartgalligheid)) en die *melancholiese* ('n oormaat swart gal lei tot pessimisme).

HYDRA

Hydra was die naam van die reuse monsteraagtige waterslang wat in die moerasse by Lerna gewoon het. Die doodmaak van die Hydra was een van Herkules se twaalf take. Die waterslang het nege koppe gehad waarvan een onsterflik was. Sodra 'n kop afgekap word, kom daar twee nuwes in sy plek, maar as die wond onmiddellik toegeskroei word met 'n brandende stomp kom daar nie weer 'n kop uit nie.

'n **Hydra/hidra**: veelseortige euwel, euwel wat uit baie bronne spruit en nie met 'n enkele poging uitgeroei kan word nie, maar deur bestryding dikwels groter word (figuurlik gesproke); 'n skrikgedrog.

Latyn **Hydra** van Grieks **Hudra** van **hudra** 'watermonster'.

HYGENT

Hygent hert!

Hierdie uitroep is afkomstig uit 'n ou kerklied wat soos volg lui:

*Hygend hert der jacht ontkomen
skreeuwt niet sterker naar 't genot
van de frissche waterstromen ...*

I

ICARUS (IKAROS)

Icarus was die seun van Daedalus. Daedalus, die bouer van die Labirint op Kreta, het Adiadne gehelp toe sy Theseus daaruit wou laat ontsnap. Hiervoor sluit koning Minos vir Daedalus en Icarus op in die Libirint. Hulle het ontsnap deur na vryheid te vlieg met behulp van 'n paar kunstig vervaardigde wasvlerke wat Daedalus vir Icarus gemaak het. Teen sy vader se raad het Icarus egter te na aan die son gevlieg; die was waarmee die vlerke aan sy lyf vasgesit is, het gesmelt, waarna Icarus in die see geval het. Sedertdien staan dit bekend as die **Icariese See**.

'n **Icarus**: die versinnebeelding van onbesonnenheid en ligsinnigheid.

Icariese vleuels: iets is wat gevaarlik ontoereikend of ongeskik is om 'n grootste plan mee uit te voer of 'n onbetroubare middel om 'n mens uit 'n netelige toestand te red.

ILMENIET

Titaanystererts met donker rooibrui tot ysterswart kleur wat in die heksagonaalromboëdriese klas kristalliseer en effens magneties is.

Van Duits **Ilmenit**, ontdek by **Ilmen**, 'n gedeelte in die Oeralgebergte + **i(e)t**.

INDIGO

Plantaardige blou verf- of kleurstof; donkerblou. Frans **indigo** van Spaans **indico** van Latyn **indicum** van Grieks **indikón (pharmakon)** van Indiese kleurstof van **Indikos** 'Indiese'. **Indië**: Latyn **India** van Grieks **Indos** 'van die Indusrivier' van Ou-Persies **hindu** van Sanskrit **Sindhuh** van **sindhuh** 'rivier'.

INDIUM

Element, simbool **In**, 'n skaars, silwerwit metaal in klein hoeveelhede in sommige sinkerertse gevind, sagter as lood, pletbaar en rekbaar, as elektrobedekking op metale en legerings gebruik; dit is in 1863 deur Reich en Richter langs spektografiese weg ontdek en genoem na twee karakteristieke **indogoblou-lyne**. Vergelyk *Indigo*.

J

JAAP

Jaap is afgelei van **Jacob** wat beteken 'bedrieër' van **Jacobus**. Laasgenoemde het heelwat variante wat voorkom in die Afrikaanse idiomeskate, onder meer **Jaap**, **Jakob** en **Koos**. Wanneer ons sê dat hierdie of daardie persoon 'n regte **jaap/japie** is, beteken dit dat hy 'n nie-fynbeskaafde, agteraf, dikwels dom persoon is. Soos aangetoon onder Gawie, praat ons ook van **plaasjapie** teenoor **dorpsjapie** teenoor **stadsjapie**.

'n **Jaapsnoet/japsnoet** is 'n voorbarige, jong bog wat hom graag met sy meerderes se saak

bemoei, 'n snuiter wie se mening nie veel aandag verdien nie. Die woorde **japsnoeterig**: soos 'n japsnoet en **japsnoeterig**: snipperige gesig soos dié van 'n japsnoet, is afgelei van **japsnoet**.

JAKKALS

'n **Jakkals verander van hare, maar nie van streke nie** beteken 'n persoon wat van nature skelm is, verander nie van karakter nie, al verander hy van voorkoms'. Dit is afgelei uit 'n verhaal van Esopus waarin hy vertel van die tierboskat en Aphrodite (die Griekse godin van die liefde), maar omdat dié soort kat vir ons redelik onbekend is, word dit in Afrikaans aangepas by die skelm jakkals. In die klassieke verhaal word vertel van 'n tierboskat wat op 'n mooi jongman verlief was. Sy vra toe vir Aphrodite om haar in 'n vrou te verander. Omdat die godin haar jammer gekry het, het sy die tierboskat in 'n pragtige meisie verander. Toe die twee verliefdes eendag tuis ontspan, wou Aphrodite uitvind of die kat saam met haar liggaam ook haar geaardheid verander het. Sy laat toe 'n muis los in die vertrek waar die twee jongmense was. Toe die tierboskat die muis sien, vergeet sy heeltemal waar en wie sy is, en sit onmiddellik die diertjie agterna om hom te vang en op te (vr)heet. Toe die godin dit sien, het sy baie kwaad geword en die meisie net daar terugverander in 'n tierboskat.

Jakkals trou met Wolf se vrou: Jakkals het vir Wolf oom gesê, omdat hulle sogenaamd broerskinders van mekaar was. Daarby was Wolf en sy vrou Jakkals se peetouers. Jakkals doen egter iets wat indruis teen die sedelikegevoel van sy tyd- en bosgenote: hy vry na Wolf se vrou, sy peetma. 'n Ander snaakse natuurverskynsel, naamlik reën terwyl die son skyn, raak verenig in die volgende uitdrukking: As dit reën en die son skyn, trou Jakkals met Wolf se vrou: Vandag nog sê ons in Afrikaans op sangerige maniere: **Jakkals trou met Wolf se vrou, Jakkals trou met Wolf se vrou**

Tweegatjakkals: Skelm Jakkals weet dat al die diere in die bos altyd op loer was om hom by te kom. Hy was dus altyd bedag op gevaar. Oral in die bos het hy dus gesorg vir vluggate, maar elke vluggat het twee ingange gehad waarvan die een goed verborge was onder struik. Wanneer hy agtervolg is, het hy in die naaste gat ingevlug. Solank sy agtervolger voor die gat sit en wag, sluip Jakkals stilletjies by die ander uitgang uit.

Iemand wat altyd sorg dat daar vir hom 'n agterdeur oopstaan, staan dus bekend as 'n **tweegatjakkals** (sien *Janus*).

JAKKALSIES

As ons hoor van **die klein jakkalsies wat die wingerd verniel**, weet ons dit is die klein foutjies en swakhede wat dikwels die grootste skade of hartseer aanrig. Hierdie uitdrukking is ontleen aan Hooglied 2:15: "Vang vir ons jakkalse, die klein jakkalsies wat die wingerde verniel, ons wingerde wat al bot." In die Bybellande het die wingerdstokke, anders as by ons, plat op die grond gerank: dit was dus nie moeilik vir die klein jakkalsies om die wingerd by te kom nie.

JAKKET

Dit is die naam van 'n bepaalde soort baadjie, ook bekend as **swaelstert** van Ndl. **jacquet/jacuet**, soos Hoogduits **jackett** en Eng. **jacket**. Frans **jaquette**, verkleinwoord van Frans **jaque**.

Volgens oorlewering is dit genoem na **Jacques de Beauvais** (c. 1358).

JAKKIE

Dit is 'n kort of halflang, los, baadjieagtige vrouekledingstuk of oorbaadjie vir dag- en aandrags; dit kan ook kort moue hê of mouloos wees, na gelang van die doel waarvoor dit gedra word. In Engels staan dit bekend as **coatee**, verkleinwoord van Eng. **jak** (Laatmiddelnederlands **jacke**) uit Ou-Frans **jacque** (Frans **jaque**) en hou verband met **jacket** (sien *jakket*).

JAKOB

Jakob, ook genoem Israel, was die Ou-Testamentiese patriarg en die seun van Isak en Rebekka. Daar is 'n aantal idiomatiese uitdrukkings met hierdie persoonsnaam as kern:

'n **Jakob Eensnaar** is iemand wat met een idee behep is en wat letterlik net op een snaar tokkel. Uit Jakob se lewensgeskiedenis kom die volgende idiome:

Jakob vry na Ragel om Lea te kry, word gesê van iemand wat in sy planne teleurgestel is (Genesis 29).

Die uitdrukking **die ware Jakob** beteken die regte persoon of the regte ding: dit ontstaan na aanleiding van Genesis 27 waar Isak sy seun Jakob seën onder die indruk dat dit Esau is.

'n **Jakobregop** verwys nie net na 'n soort plant nie, maar ook na 'n persoon met 'n baie regop houding: **Dit lyk of ou jakobregop 'n laaistok ingesluk het** (dit is eintlik 'n dubbelsegging, omdat 'n jakobregop en iemand wat 'n laaistok ingesluk het, dieselfde liggaamshouding het.

JAKOBEWER

Dit is die benaming vir sekere rooi of oranjekleurige seevisse (fam. *Scorpaenidae*) ook bekend as **jakobevertse(n)**; in die besonder verwys dit na 'n rooi tot oranjekleurige seevis (*Sebastichthys carpensis*) met 'n groot kop en groot oë wat geneig is om opvallend uit te peul as die vis gevang is.

Dit is genoem na die Ndl. admiraal uit die 17de eeu, **Jacob Evertsen**, wat 'n rooi, gevlekte puisiegesig en groot oë gehad het. Kolb vertel omstandig hoe en waarom die vis na dié seeman genoem is. Nagenoeg die hedendaagse Afr. vorm lees ons die eerste keer by Teenstra **jacopeber**.

JAN

Jan is een van die algemeenste Afrikaanse mansname en is afgelei van **Johannes**. Die kombinasie **Jan** + 'n tweede selfstandige naamwoord (of soms 'n byvoeglike naamwoord) wat eintlik Jan se 'van' of 'n eienskap van Jan verteenwoordig, kom baie voor, soos die volgende:

Jan Alleman: elkeen, die gewone deursneepersoon.

Jan Balie: iemand met 'n groot maag, 'n gesette persoon.

Jan Burger: die gewone landsburger.

Dom Jan (ook **domjan**): 'n persoon wat dom dinge doen; oënskynlik 'n nie-briljante persoon wat tog soms die slimmes oortref; hierteenoor staan **Slim Jan** (ook **slimjan**) – albei is bekende spreekwoordfigure wat in baie swaapstories, volksverhale en uitdrukkings voorkom.

Jan Dooi (ook **jandooi**): 'n baie stadige, lustelose persoon.

Jan Dromer: 'n dromerige persoon wat nie prakties, nugter is nie.

Jan Grap: 'n grapmaker, geestige persoon.

Jan Kalbas: 'n verspote persoon, 'n grootprater, grootdoener.

Jan Kieser: die stemgeregtigde burger.

Jan Klaas (ook **janklaas**): 'n grapmaker en hanswors, so genoem na die hooffiguur uit die poppekas, **Jan Klaassen**.

Jan Laventel: 'n opgetooide, spoggerig-aangetrekte kêrel; 'n **laventelhaan** verwys ook na so 'n persoon. (Die Afrikaanse woord **laventel** (Vergelyk die Engelse **lavender**) hou verband met die Latynse werkwoord **lavare** 'was'.)

Jan Pampoën: 'n niksbeduidende vent, 'n dom persoon, stommerik.

Jan Pierewiet: 'n mens wil sommer saamsing (en glad nie stilstaan nie!) as jy hoor van hierdie man met wie ons kennis maak in die baie bekende en gewilde volksliedjie.

Jan Salie (ook **Jansalie**); 'n papbroek, 'n persoon sonder fut of energie' (na aanleiding van die Nederlander E.J. Potgieter (1808-1875) se verhaal: *Jan, Jannetjie en hul jongste kind*).

Jan Taks: die Minister van Finansies, die belastinggaarder.

Die volgende **Jan**-benamings word met 'n aanvangskleinletter geskryf: **bojan:** bobaas, die vernaamste; **jangroentjie:** 'n groentjie, nuweling veral aan universiteit, kollege of skool, of 'n onervare nuweling in 'n beroep; **janhen:** vrouagtige man; **janklaas:** hanswors, grapmaker, hooffiguur in die poppekas; **janknaphand:** 'n handige persoon wat allerhande takies knap kan afhandel; **janmaat:** matroos.

Die volgende idiomatiese uitdrukkings het **Jan** as kerndeel:

Eerder bang Jan as dooie Jan: dit is beter om bang en versigtig te wees as om jou lewe in gevaar te stel. In ooreenstemming hiermee kry ons die uitdrukking **eerder lui Jan as dooie Jan:** eerder lui wees en lank lewe as om fluks te wees en weens ooreising dood te gaan.

Dom Jan het vir Slim Jan gevang beteken dat eersgenoemde vir laasgenoemde uitoorlê of oortref het.

Mal Jan onder die hoenders verwys na die enigste manspersoon in die geselskap van dames. Die idiomatiese uitdrukking **Jan, Piet (Paul) en Klaas** verwys na iedereen, almal, selfs die slegste of laagste. Wat betekenis betref, stem die uitdrukking **Jan Rap en sy maat** hiermee ooreen. Die oorsprong van **rap** in **Jan Rap** staan deels onder die invloed van die byvoeglike naamwoord **rap** wat in Mnd. beteken het 'dartel', en deels onder die invloed van die selfstandige naamwoord **rapalje** wat beteken het 'die gewone mense', maar ook minder gunstig, naamlik 'die gepeupel'. Die volgende spelling word ook aanvaar, naamlik **janrap:** 'n niksbeduidende persoon, iemand van lae afkoms.

As 'n mens vir die vakansie moet tuisbly as almal ander weggaan, ry jy met **Jan Tuisbly se karretjie.**

Jantjie en **Jannie** is variasies op **Jan**. **Jantjie** verwys óf na 'n jaloerse persoon óf na jaloesie. Die uitdrukkings **Jannie/Jantjie se baadjie aanhê** beteken 'om jaloers te wees'. Die bywoord of byvoeglike naamwoord **jannie/jantjie** beteken dieselfde. **Janloers**, die wisselvorm van **jaloers**, kom dikwels in die spreektaal voor. **Jan** in **Jan/Jannie/Jantjie se baadjie aanhê**, is heel moontlik 'n gevolg van **jan-** in **janloers**; met die bygedagte aan die gewone persoonsnaam word 'n persoon uit jaloesie (as menslike eienskap) geskep.

'n **Jantjie-sonder-erg** is 'n onbekommerde persoon wat sy gang ongeërg gaan, terwyl 'n **jantjie-van-alles** iemand is wat allerhande werkies kan doen. Vergelyk ook **Janboel** (eienaam), **Janbruin** (eienaam), **Jandorie** (eienaam) en **Janklaassenspel** (eienaam + selfstandige naamwoord).

JANUARIE

Die eerste maand van die jaar is aan die Romeinse god **Janus** gewy (sien *Janus*). Dit is 'n vertaling van die Latynse **Januarius:** 'van Janus', oorspronklik **mensis Januaris:** 'die maand behorende aan Janus'. **Mensis** val later weg en **Januarius** geld nou as selfstandige naamwoord en nie meer as byvoeglike naamwoord nie. Die eerste maand van die jaar (**Januarie**), die eerste dag van die maand en die eerste uur van die dag is ook aan hom gewy; hy is ook eerste aangeroep tydens godsdienstige plegtighede. Sedert 153 v.C. het die Romeinse konsuls hul werksaamhede op 1 Januarie aanvaar – die datum was sedert daardie tyd die begin van die burgerlike jaar.

JANUS

Janus was die Romeinse god van die sonneloop en is uniek in dié opsig dat hy slegs in die Romeinse mitologie voorkom. Die oorsprong van sy naam is onbekend, maar dit word wel in verband gebring met die liggewende hemel. Hierdie verklaring strook daarmee dat Janus oorspronklik 'n songod was. Aangesien Janus die god van die sonneloop was, was hy die god van

alle begin: hy speel 'n belangrike rol in die skepping van die wêreld. Volgens mite is Janus eers Chaos genoem voor die skepping. Na die skepping en ordening van die vormlose massa, neem Chaos die vorm aan van Janus: die twee aangesigte waarmee Janus voorgestel word, dui op die wanorde wat geheers het tydens sy oorspronklike staat teenoor die latere orde.

Die twee gesigte van Janus is 'n simbool van aardse konflik, en die uitdrukking **om 'n Janusgesig (te) hê**, beteken dus om huigelagtig, geveins te wees.

Janus was die beskermer van alle deurgange; van openbare deurgange en privaatdeure. Met sy twee gesigte (*Janus bifrons* van *bi-* 'twee' + *frons* 'front, voorkop') kon hy sowel die binne- as die buitekant van 'n huis, asook die in- en uitgange van 'n openbare gebou waarneem. Janus was ook die god van afskeid en weersiens, en by uitbreiding die god van alle soorte kommunikasie. Hy was ook die god van hawens wat die kuns van navigasie ontdek het. Afbeeldings van Janus se kop met twee aangesigte kom op baie antieke Romeinse munstukke voor.

JAPIE

Dit verwys na 'n nie-fynbeskaafde, agteraf, dikwels dom persoon. Dit is afkomstig uit die eienaam **Jaap** van **Jakob/Jacob**, Vergelyk **plaas-** en **dorpsjapie**, asook **gawie** wat dieselfde rol vervul.

JAPONIKA

Dit is 'n soort Japanse plant met keurige blomme van Nieu-Latyn van Japannees **Japonia** 'Japan'. **Japan**: Maleis **Japang** van Sjinees **Jih-pen** '(land van die) opkomende son'.

JEREMIADE

Dit is 'n herhaalde, vervelende en dikwels oorbodige klag; klaaglied, jammerklag, murmurering; droewige relaas of tirade. Dit is so genoem na aanleiding van die Bybelboek *Die Klaagliedere van Jeremia* waarin die profeet weeklaag oor die lot van Jerusalem en die ellende van sy volk. Van Laat-Latyn **Jeremias** van Hebreeus **Yirmayah(u)** 'die Here is verhewe'.

JEROBEAM

Dit is 'n tweebottelmaat, dikwels met die fatsoen van 'n bottel, veral vroeër in die wynbedryf gebruik, teenoor **rehabeam**, 'n vierbottelmaat; verder verwys dit na 'n baie groot wynbottel, soms agt tot twaalf keer so groot soos die gewone. Dit is 'n skertsende benaming na aanleiding van koning **Jerobeam**, 'n dapper held' (1 Konings 11:28) wat Israel met sy sondes laat sondig het (vergelyk 1 Konings 14:16).

JOB

Hier word verwys na **Job**, 'n swaarbeproepte, godsvresende, deugsame man uit die Ou-Testamentiese Bybelboek met dieselfde naam. Dit beteken 'baie geduldige, verdraagsame man'. Vergelyk ook **Jobsgeduld** en **Jobstrooster**.

JOGGIE

Oorspronklik verwys dit na 'n seun of man wat 'n golfspeler se stokke dra, sy bal aanwys, die vlagstok op die setperk hanteer en soms ook raad gee in verband met die keuse van 'n stok en die setrigting; by uitbreiding verwys dit na 'handlanger'.

Ndl. **jochie** 'jong, jongen'; **jochie**, verkleinwoord van **jochie/jogje/jongske**. Moontlik is dit ook die verkleinwoord van die eienaam **Jochem/Joggem**.

JOKKIE

Dit is die naam van 'n beroepsryer by perdewedrenne. By uitbreiding is dit enigeen wat 'n perd by perderesies ry.

Ndl. (betreklik laat) soos Fr. **jockey** van Eng. **jocky**, oorspronklik **lad**, 'seun' verkleinwoord van die Skotse **Jock**, troetelnaamvorm van **Jack**.

JOOD

Israëliet. Afr. uit Ndl. **Jood** (**jode**, **jeude** in die persoonsname *Jan de Jude*, *Willem die Jode*, 1270) uit Latyn **Iudaeus** 'joods', 'jood' uit Grieks **Ioudaios** 'jood' uit Hebreeus *jəhūdāh* afgelei van *jəhūdā* 'Juda'.

Wandelende Jood: Volgens oorlewering was hy 'n skoenmaker in Jerusalem wat Christus voor sy huis weggejaag het toe dié daar wou rus op pad na Golgota. Volgens die legende is hy daarna deur Jesus veroordeel om rusteloos oor die aarde rond te swerf tot Sy wederkoms.

JOOS

Hoewel daar nie sekerheid is waar **Joos/Josie** in die betekenis 'duiwel' vandaan kom nie, word hierdie voornaam dikwels gebruik as eienaam om juis te verwys na die duiwel of 'n baie kwaai, opvlieënde persoon, 'n derduiwel. Die volgende uitdrukkings kom onder meer voor:

Gaan/loop na die josie toe: loop na die duiwel toe.

Iemand die joos/josie in maak: iemand baie kwaad maak, die duiwel in maak.

JOSEF

Josef was die aartsvader Jakob se veelbeminde seun by sy geliefde Ragel. Jakob het vir Josef 'n kleurvolle (veelkleurige) kleed met lang moue gemaak (Genesis 37:5) wat getoon het dat hy sy vader se witbroodjie was, en wat sy broers se jaloesie gaande gemaak het.

Josef is ook die naam van 'n silwerkleurige, haaiagtige kraakbeenvis; die naam **josef** sinspeel vermoedelik op die veelkleurigheid van die traDit isionele Josefsrok/-kleed en op die vis se oppervlak met weerkaatsende lig.

JOSEFSKLEED

Dit is die volksnaam vir enigeen van die plante (geslag *Coleus*, fam. *Labiatae*) wat veral gekweek word om hul bont blare; dit is ook die naam van die blomstruik *Brunfelsia calycina*, oorspronklik uit Brasilië afkomstig. 'n Opvallende eienskap is dat elke klompie blomme net ongeveer drie dae hou en in dié tyd van kleur verander, sodat hulle die eerste dag violetkleurig, die tweede dag ligpers en die derde dag amper wit is.

JOULE

Dit is die eenheid van arbeid in die meter-kilogram-sekondestelsel, naamlik die arbeid verrig deur die krag van een newton wat oor 'n afstand van een meter in die rigting van die krag uitgeoefen word; watt-sekonde.

Dit is genoem na die Engelse fisikus **James Prescott Joule** (1818-1889) wat onder andere navorsing gedoen het in verband met elektrisiteit en termodinamika; hy was die eerste persoon om die meganiese ekwivalent van hitte te bepaal.

JUKSKEI

Elke juk het vier skeie, so gemaak dat twee skeie se strop-kerwe na binnekant toe wys en twee na buitekant toe. As 'n skei breek, moet 'n mens 'n verkeerde een agterstevoor gebruik. Om dit te voorkom, het boere dikwels 'n klein jukskeijtjie gemaak met kerwe aan weerskante en 'n groot of

dubbele kop sodat hy in enige strofgat gebruik kan word. Dié hou die wabaas in sy wakies. Dit is 'n handige stukkie ding wat jy orals kan benut.

As 'n man só handig en talentvol is dat jy orals op hom kan staatmaak, word van hom gesê: **hy is 'n klein (juk)skeittjie met 'n groot kop.**

JULIE

Die naam kom van Latyn **Julius mensis**: 'die maand Julie'. Oorspronklik is dié maand in Rome **Quintillis** genoem, met ander woorde 'die vyfde maand' ná die aanvang van die destydse jaar in Maart. Ter ere van **Julius Ceasar** wat die kalenderhervorming deurgevoer het, is dit in 44 v.C. na hom vernoem. Hy was van adellike afkoms en was een van die bekendste militêre aanvoerders in die wêreldgeskiedenis. Na al sy oorwinnings en terugkeer na Rome in 44 v.C. oefen hy diktatoriale magte uit wat deur die Senaat aan hom toegesê is, hoewel hy weier om die titel 'koning' te aanvaar en verkies het om 'konsul', 'diktator' en 'generaal' te bly. In dieselfde jaar stel hy belangrike kalenderhervormings in wat lei tot die ontstaan van die Juliaanse kalender. Julius Caesar word op 15 Maart 44 v.C. in die Romeinse Senaatsaal vermoor. In sy testament word sy mag en geld bemaak aan sy kleinneef Octavius wat later Keiser Augustus word (sien *Augustus*).

JUNIE

Hierdie maandnaam kom van Latyn **Junius mensis**: 'die maand behorende aan **Juno**', 'n baie belangrike Romeinse godin. Sy was die vrou van Jupiter, die opperste godheid van die Romeine. Jupiter en Juno was albei gode van die lig, en daarby maangode. As godin van die lig was Juno die godin van kindergeboorte, want die pasgebore baba aanskou die eerste lewenslig. Sy het 'n baie belangrike rol gespeel in huwelikeremonies en in seremonies ná die huwelik. Sy was die beskermster van die vrou en van geboorte, en godin van vrugbaarheid.

K

KAAK

In die Middeleeue is misdadigers tentoongestel op die **kaak**, 'n soort houtskavot wat gewoonlik aangebring is teen die muur van die stadshuis of ander openbare gebou. 'n Misdadiger is aan die kaak vasgemaak met 'n ysterhandband terwyl sy hande geboei is. Persone wat ontorende misdade gepleeg het, soos bv. egbreuk, meined, bedrog en godslastering, is letterlik **aan die kaak gestel**. Vandag stel ons slegs iemand figuurlik aan die kaak wanneer die persoon/saak in die openbaar aan die veragting van die ander oorgegee word.

KAATJIE

Kaatjie is die verkorting van **Catherina**.

As ons van 'n sekere vrou sê dat sy 'n regte **Kaatjie Kekkelbek** is, beteken dit dat sy 'n babbelkous en skinderbek is. Hierdie benaming is afkomstig van 'n toneelstuk wat geskryf is in 'n mengsel van Engels en vroeë Afrikaans, getiteld *Kaatjie Kekkelbek*. Dit is in 1844 geskryf deur Andrew Bain en George Rex. Kaatjie Kekkelbek is die enigste toneelfiguur wat in die Afrikaanse spreekwoordeskat opgeneem is as 'n tipe grappige babbelkous wat alles uitlap en almal onder haar skerp tong laat deurloop.

Die **kaatjie van die baan** is die voorperd by plesiermakery of kwaaddoenery, of om voor op die wa en uitgelate te wees. In 17de-eeuse Nederlands was die uitdrukking bekend, maar dan word

daar van die huisdier **katjie** gepraat, terwyl **baan** 'n openbare pad beteken het. 'n Kat is 'n belangrike kat as hy die katjie van die grootpad is. Die Afrikaner ken nie baan as 'pad' nie, en vereenselwig dit met die dansbaan waarop Kaatjie (**katjie** vervorm tot die vroulike voornaam) te sien is.

KABAAL

Die woord **kabaal** in die uitdrukking '**n kabaal opskop** (rumoer, lawaai/drukte maak) is ontleen aan Frans **cabale** van Hebreeus **kabâllâh** wat beteken 'die ontvangs van tradisies' van die ww. **qabal** 'om te ontvang'. Hieronder word in die eerste plek verstaan die Bybeluitleg en die goldsdienstige simboliek wat alleen aan die priesters bekend is. Daarna het die betekenis 'rabbynse geheimeleer' ontwikkel en verwys later na 'geheime verwantskap' van 'heimlike verstandhouding' en 'sameswering'. Onder invloed van **kaboel** ('rumoer') kry dit dan ook die betekenis 'rumoer'.

Die WAT is meer spesifiek met die volgende beskrywing: 'naam van 'n geheime, mistieke Joodse leer met teosofiese inslag, aanvanklik mondeling oorgedra aan sekere uitverkore individue (volgens oorlewering allereers deur Moses, buite die Tora om), maar later, waarskynlik van die 7de eeu af, op skrif gestel en veral gedurende die Middeleeue ontwikkel tot 'n mistieke godsdienstige leerstelsel; elke letter, skrifteken, woord, getal, ens. van die Ou Testament sou 'n mistieke betekenis hê en die uitverkorenes sou die metode van vertolking weet, die geheime betekenis kan deurgrond en selfs daaruit die toekoms kan voorspel; verder soek die leer na eenwording van die mens met God, kennis omtrent die laaste verborgenhede en 'n aardse messianisme'.

KAJUIT

Die uitdrukking **kajuitraad hou** oftewel koukus, verwys na 'beraadslaging, oorlegpleging i.v.m. gewigtige of geheime aangeleenthede, veral in 'n noodgeval'. Oorspronklik is sodanige beraadslaging in die kajuit van 'n gesagvoerder ter see gehou.

KALANT

Geslepe vent, vabond, skelm, platjie.

'n **Ou kalant, lank in die land** is 'n listige, slu vent; ervare, uitgeslape, skerpsinnige persoon. (Vgl. *klant*)

KALENDER

Die woord **kalender** is afkomstig van Latyn **kalendarium** wat beteken 'geldskietter se boekhouboek/rekeningboek' (die maandelikse rente is betaalbaar op die **kalendae**). Volgens die antieke Romeinse kalender was dit die dag van die nuwemaan en die eerste dag van elke Romeinse maand, die dag waarop mark-, fees- en ander belangrike dae van die betrokke maand aangekondig is. Die Sumeriërs was die eerste mense wat sover bekend 'n rekenstelsel (wat werk!) daargestel het – 5 000 jaar gelede. Hulle het bepaal dat een uur uit 60 minute, en een minuut uit 60 sekondes, bestaan. In ongeveer 3500 v.C. het die Egiptenare 'n dag in 24 periodes verdeel. Die lengte van die uur het egter gewissel gedurende die jaar namate die nag langer en korter geword het. Die Babiloniërs aanvaar egter in 3000 v.C. die nou universele gebruik van 24 ewe lang uur per dag, afgesien van die sonsopkoms of -ondergang. In Europa is ewe lang ure eers in 1350 n.C. as standaard aanvaar (ongeveer 70 jaar na die ingebruikneming van meganiese horlosies). Die maandindeling word gebaseer op die tydperk waarin 'n maandsiklus voltooi word. Alle vroeë kalenders was groeperings van dae in maande: die Babiloniërs aanvaar 29- en 30-dagtydperke alternatiewelik; die Egiptenare en Grieke stel alle maande vas op 'n 30-dagtydperk, en die Romeinse en Juliaanse kalender gebruik 'n kompleksere indeling van een

28/29-dagtydperk en die ander f 30- f 31-dagtydperke.

Die vroeë Romeinse kalender was oorspronklik die plaaslike kalender van Rome en volgens oorlewering is dit opgestel deur Romulus, die stigter van Rome ongeveer agt eeue v.C. Die jaar het in Maart begin en het uit tien maande bestaan: ses met 30 dae elke en vier met 31 dae elke: 'n totaal van 304 dae. Die jaar het in Desember geëindig en is gevolg deur 'n onbenoemde wintertydperk. Volgens die oorlewering het Numa Pompilius (715-673 v.C.?) die twee ekstra maande, naamlik Januarie en Februarie, ingestel; die jaar het toe 354 dae gehad. In 46 v.C. het Julius Caesar vir Sosigenes opdrag gegee om 'n nuwe kalender daar te stel. Sosigenes het 'n kalender voorgestel wat gebaseer is op die sonjaar met 365 dae en 'n ekstra dag elke vier jaar – die instelling van die eerste skrikkeljaar. Maar voordat die Juliaanse kalender in gebruik geneem kon word, moes die diskrepansie tussen die seisoene en die datum van die Romeinse kalender reggestel word. Dit het tot gevolg gehad dat 46 v.C. uiteindelik 445 dae lank was! Dié jaar het daarna tereg bekend gestaan as die Jaar van Verwarring. Daar het geen weke bestaan in die Juliaanse kalender nie, maar die dae van elke maand is toegesê aan handelsdae en dae waarop die howe sitting gehad het. Daar was dus 'n vaste aantal dae wat toegesê is aan administratiewe sake; daar is sorg gedra dat hierdie dae nie bots met die datums van openbare byeenkomste, godsdiensfeeste en gewyde seremonies nie. Die amptelike instelling van die sewedagweek deur Konstantyn I in die vierde eeu n.C. het hierdie reëling omvergegooi. Sedert 153 v.C. is Januarie in plaas van Maart die eerste maand van die jaar. Al die lande wat aan die Romeinse Ryk behoort het, en later ook die Christenvolke, het die Juliaanse kalender gebruik.

In 1582 voer Pous Gregorius XIII 'n kalenderhervorming in waardeur die fout dat die Juliaanse jaar 11¼ minute te lank was vir die juiste sonjaar, reggestel word (hierdie fout het sewe dae per 1 000 jaar beloop). Die pouslike bul wat in Februarie 1582 verskyn het, bepaal dat geen eerste dag van 'n nuwe eeu 'n skrikkeljaar mag wees nie, tensy die getal deelbaar is deur 400. Derhalwe was die jaar 1700, 1800 en 1900 nie 'n skrikkeljaar nie, maar die jaar 1600 en 2000 wel. Die bul lê ook reëls neer waarvolgens die Paasfeesdatum bepaal word. Alle Protestantse lande aanvaar mettertyd hierdie Gregoriaanse kalender.

KALF

Met anderman se kalf ploeg (Rigters 14:18)

Die gemeste (vetgemaakte) kalf slag (Lukas 15:23,27)

Die goue kalf aanbid (Eksod. 32)

Die kalf in die oog slaan: iemand (onopsetlik) beledig

KALIKO

Katoenstof; fyn linneagtige stof van ongebleikte katoen.

Dit was oorspronklik afkomstig van **Kalikoet**, Indië, wat die ou naam was vir die huidige **Kozhikode**.

KAMERDOEK (sien Batis)

KANDIDAAT

Die s.nw. **kandidaat** is afkomstig van Ndl. **candidaat** van Latyn **candidatus**, 'die in wit geklede', of 'iemand wat meeding om 'n amp' van **candidus** 'wit'.

Dit was die gebruik in Rome dat iemand wat meeding om 'n amp, 'n wit toga dra.

KANNIE

Kannie, wat 'n samevoeging is van **kan** en **nie**, word in enkele idiomatiese uitdrukkings

aangetref as voornaam. Vergelyk die volgende uitdrukkings:

Sowel **Kannie staan in die berg** as **Kannie is lankal dood van kruise stoot**, word gesê aan iemand wat beweer dat iets nie gedoen kan word nie.

Kannie en Willie is tweelingbroertjies/-boeties beteken dat 'n mens nie iets kan doen as jy dit nie wil doen nie.

KANT

Kant en klaar beteken 'heeltemal klaar'.

Kant (b.nw.) beteken in Nederlands en ook in Nederlandse dialekte 'flink, handig, groot, die beste, netjies'. In Fries beteken **kant** 'haaks, reg' naas **kantich** wat beteken 'flink'; verwant hieraan is die Vlaamse **kantig** 'fraai, mooi'. Die oorspronklike vorm van **kant** was **gekant**, d.w.s. 'van kante voorsien, na behore afgeskaaf'. In Oos-Fries beteken **kant** 'glad (bv. van hout), netjies, klaar, geheel en al', terwyl **kantig** 'met hoeke' beteken. Die b.nw. **klaar** was in Mnl. **clær**, 'helder, glansend, luid, vrolik, skerp (gesê van die verstand) in aansien, suiwer, duidelik, bekend, versekerd', slegs (selde) 'gereed'. Waarskynlik is die voorgaande ook die Mnd. **klar/clar**, 'helder, glansend, suiwer' en Mhd. 'glansend, helder' afkomstig van Latyn **clarus**. Miskien is die Mnl. **clær** ten dele via Frans **clair** ontleen, waarop ook Engels **clear**, 'helder, klaar' teruggaan.

KAOLIEN

Fyn, gewoonlik wit klei, 'n uiteindelijke verweringsprodukt van alumineuse minerale (bv. veldspaat) met kaoliniet as 'n belangrike bestanddeel, wat wit bly as dit gebak word en hoofsaaklik in die keramiek en in vuurverwante stowwe gebruik word, en ook as absorbens, as vulstof; chinaklei porseleinaarde, porseleinklei, kleiaarde.

Frans van Mandarynse Sjinees **koa ling**, naam van 'n heuwel in die Kiangsi-provinsie, Suidoos-Sjina, waar dit ontdek is; dit beteken 'hoë berg': **kao** 'hoog' en **ling** 'berg, piek'.

KAPOKKIE/KAPOKHAANTJIE

'n **Kapokkie/kapokhaantjie** dui op 'n klein persoon wat baie veglustig is (of 'n persoon wat baie klein is): dit is 'n dwergagtige hoendersoort wat oorspronklik uit Bantam in Java kom. Bantam is die naam van 'n dorp in Noordwes-Java; dit was die plek van die eerste Hollandse nedersetting in Oos-Indië.

KAPUSYNERAAP

Dit is die naam van enige raap van die geslag *Celons* (fam. *Cebidae*), aangetref in Suid-Amerika van Paraguay tot Mexiko, en hoofsaaklik gekenmerk deur 'n bos swart hare op die kop, wat aan die kap van 'n **Kapusynermomnik** laat dink.

Die **Kapusyn(er)orde** is 'n priesterorde wat in 1525 in Italië gestig is onder leiding van Matteo di Bassi; die lede hou hulle baie streng aan die reël van die Heilige Franciskus, leef armoedig, loop kaalvoet, dra 'n baard en gaan gekleed in 'n bruin py met aangehegte puntklap (Italiaans **capuccio**).

KARPERDE

Hulle is twee goeie karperde: hulle werk goed saam

KARSAAI

Growwe, gekeperde wolstof. Dit kom van **Kersey**, 'n dorp in Suffolk, Engeland. Let op na die

interessante klankverandering en -aanpassing by die Afrikaanse uitspraak waar die **e** en **ey** verander na **a** en **aai**; lg. diftongaanpassing sluit aan by die bekende Afrikaanse vorme soos o.a. *hokaai, tamaai, lawaai*, ens.

KASJEMIER

Sagte, gekeperde, geweeftde stof vervaardig van die hare van 'n bok in Tibet en **Kashmir**; **kas(se)mier**. *Cassimere*, variant van Kashmir, Indië.

KASTAAIING

Wanneer een persoon die slegte, onaangename werk vir iemand anders moet doen, moet hy **die kastaaiings uit die vuur krap**. Dié uitdrukking word ontleen aan die fabel van die aap wat kastaaiings uit die vuur wou haal en toe die poot van 'n slapende hond daarvoor gebruik het.

KAT

Wie sal die kat die bel aanbind? word gevra wanneer gevaarlike werk gedoen moet word en na iemand gesoek word wat dit sal voorgaan. Hierdie segswyse het sy oorsprong in 'n verhaal van Esopus. Daar was 'n klomp muise in 'n huis waar daar ook 'n kat was. Elke dag het die kat 'n paar muise gevang en later het die muise wat nog oor was, 'n plan probeer beraam om die slagting te verhoed. Een ou muis stel toe voor dat een van hulle 'n bel of klok om die nek moet vasbind. Sodra die klok lui, sal hulle weet die kat is naby. Nie 'n enkele muis het egter genoeg moed gehad om dit so naby aan die kat te waag nie en skielik het elkeen 'n ander verskoning gehad. 'n Paar was te oud, en die ander was te klein. Die klok is nooit om die kat se nek gehang nie en hy het aangehou om die muise te vang.

'n Kat in die sak koop beteken om iets te koop sonder dat jy dit goed bekyk het en jy later teleurgestel is. Hierdie uitdrukking is waarskynlik ontleen aan die volksverhaal dat die duiwel 'n waardevolle muntstuk sou gee aan iemand wat daarvoor in ruil vir hom 'n kat sou gee. Toe hy egter die sak oopmaak, was daar iets anders in.

Die gelaarsde kat: hooffiguur in 'n sprokie van Moeder die Gans

KATS

Die **kats**, ook genoem 'n **gesel**, is 'n slaanding vir die toedien van lyfstraf van veroordeeldes. Die kats het gewoonlik nege stringe/toutjies gevestig aan 'n stok of steel. Aanvanklik was daar aan elke punt nege knope. Die wet lê dit neer dat die kats op die skouerblaaie gebruik word. Alvorens dié straf uitgedeel word, word die kats vir vier-en-twintig uur in pekelwater laat lê, vanwaar die uitdrukking **'n kats in die pekel lê**, dit wil sê iets doen wat in die toekoms pynlike gevolge kan hê. (Vgl. *pekel*)

KEESHOND

Die **Keeshond** is 'n honderas, ook 'spitshond' genoem, waartoe behoort o.a. die suiwer keeshonde, veral die **Hollandse keeshond**. Ndl. vermoedelik **Kees** troetelnaamvorm van die eienaam **Cornelis** van Latyn **Cornelius** is die naam van 'n Romeinse familie.

KEISER

Titel van 'n heerser oor 'n gebied wat 'n groep volke/nasies/state omvat, hoër as dié van koning; **Keiser** is nie 'n Germaanse woord nie, maar ontleen aan Lat. eienaam **Cesar**, wat aan die begin van die Christelike jaartelling onder die Germane bekend raak. Cesar was die eerste 'van' van die Julio-Claudiane in navolging van Augustus wat as aangenome seun van Julius Cesar die naam gedra het van **Gaius Julius Cesar Octavianus**; dié naam is van Etruskiese oorsprong.

KELDER

Na die kelder gaan beteken om in 'n skadelike rigting te gaan, of die sink of vergaan van 'n skip. Die betekenis van die ww. **kelder** wat hier ter sprake is, is 'laat vergaan, laat sink, in die grond boor, na die kelder stuur, die tot sink bring van skepe' en in figuurlike verband beteken dit 'te gronde rig, verongeluk, tot niet maak'.

KELVIN

Dit is o.a. die benaming ter ere van **Lord Kelvin** wat in 1892 voorgestel is deur die British Board of Trade vir die handelseenheid van elektriese energie: die kilowatt-uur.

William Thomson, Lord Kelvin, eerste Baron van Kelvin (1824-1907) was 'n Britse wis- en natuurkundige. Hy was die persoon wat talle verbeterings ingevoer het in o.a. die transmissie van boodskappe deur ondersese kables en in die reflekerende galvanometer; hy het ook die **Kelvin-temperatuurskaal** ingevoer.

KENTER

(nn. **kenteren**, Nederlands **kentern**: 'op die kant lê' van kant).

In die skeepsvaart word daar gepraat van 'n skip/boot/vaartuig wat **kenter**, d.w.s. 'n deel van die bodem daarvan word bo die water blootgestel deur dit te laat oorhel/met 'n afgaande gety te laat strand, of met takels oor te trek, sodat dit herstel/skoongemaak kan word. Gewigte word oor die skip se dek verskuif, sodat hy slagsy maak of **kenter**. Hierdie ww. word ook in 'n figuurlike verband gebruik, nl. '(laat) verander, omswaai'.

KERE

Om **te kere (te) gaan** beteken om groot lawaai te maak, 'n gedoente op te skop, te raas. Die ww. **keer** is afkomstig van die Mnl. ww. **kêren**: 'wend, keer'. In die 16de eeu kom die woord voor in die betekenis: 'om jou van iets/iemand weg te keer, jou te verset teen iets/iemand'. Dit is heelwaarskynlik ontleen aan die skermkuns of vuiggevegte waarby daar onder **keer** bedoel is: 'die wegkeer, afwend van 'n hou/steek'. Verder word dit ook verklaar as synde: 'om jou teen iemand te keer', vandaar 'teen iemand uit te vaar, te raas en te tier'.

KIELWATER (-SOG)

Die idioom **in iemand se kielwater (-sog) vaar**, verwys daarna om weens gemak- of voordeelshalwe iemand te volg wat vooraf gaan, en wat dus die weg baan.

Kielsog verwys na die sog of suiging/trekking wat ontstaan deur die beweging van die kiel van 'n vaartuig deur die water. Vandaar die woord **kielwater** wat op sy beurt verwys na die streep skuimende, borrelende water wat deur die kiel van 'n varende boot agtergelaat word en wat veroorsaak word deur die draaiende skroef (skroewe) en/of die beweging van die romp deur die water. Hierdie idioom is al sedert die 17de eeu in gebruik.

KIND

Iemand wat **nog kind nog kraai het** of **geen kind of kraai het nie**, is ontleen van die Nederlands uitdrukking **kind noch craet**, dit wil sê geen kind of kraai (haan) nie. Die haan was in die outydse volksgebruik die huisgenoot wat by die doodslag die dader aanwys as daar geen ander getuie is nie. Daardie persoon was geen kind het om vir hom in die bresse te tree nie en geen haan om vir hom te getuig nie, is dan beslis heeltemal alleen op die wêreld.

KLAAS

Klaas is afgelei van **Nicolaas** van Latyn **Nic(h)olaus** van Grieks **Nicolaos**, 'n samestelling van **oorwinning** en **volk**.

Klaas Vakie is volgens die sprokie van Hans Christian Andersen (1805-1875) die verpersoonliking van die slaap wat kom in die liggaam van 'n mannetjie om teen slapenstyd sand in die kinders se oë te strooi sodat hulle vaak word. Klaas Vakie word derhalwe ook soms 'sandmannetjie' genoem.

Daar is heelwat uitdrukkings met **Klaas/klaas** (meervoud: **klase**) in die betekenis van 'ondergeskikte, kneg, sukkelaar', veral in verbinding met **baas**:

Eers baas en nou Klaas: iemand wat van 'n selfstandige posisie tot die van 'n ondergeskikte daal, die meerdere geniet voorrang

Klaas is soos baas is: 'n mens se werknemers handel soos jy

Klaas wees: 'n dienskneg, 'n mindere wees

Liewer baas wees as klaas: eerder verantwoordelik as ondergeskik

Sommer 'n ou klaas: 'n sukkelaar.

KLAASLOUWBOS(SIE)

Dit is die volksnaam vir verskeie plantsoorte van die fam. *Compositae*, veral vir *Athanasia*-soorte en in die besonder vir *A. trifurcata*, 'n struik tot een meter hoog, wat as onkruid op oulande in die winterreënvalstreek voorkom.

Dit is vermoedelik so genoem omdat 'n sekere **Klaas Louw**, deur toe te laat dat dié plant sy lande vervuil, daartoe bygedra het dat dit ontwikkel het tot 'n lastige onkruid op oulande; soms verkort tot **klaaslouw**, plaaslike ook genoem **klaaslouwlat** en verder bekend as 'louterbos(sie)', 'savooibos(sie)', 'sysiebos(sie)' en 'taaitrek'.

KLANT

'n **Klant** is iemand wat gereeld by iemand anders koop, of redelik gereeld iemand se dienste huur, ook iemand wat iets koop of bestel. In Afrikaans en Nederlands val die **a**-klinker weg voor die beklemtoonde deel van die Mnl. woord **calant**, wat op sy beurt teruggaan op 'n Pikardiese vorm van Frans **chalant**, 'klant'. **Chalant** is 'n deelwoord van **chaloir** wat oorspronklik beteken 'warm wees', van Latyn **calere**. Die woord **klandisie** kom van Ndl. **klandizie**, van die ouer vorm **kallandijse** wat aan Frans **chalandise** ontleen is.

'n **Rare klant** is 'n lastige klant/vent. (Vgl. *kalant*)

KLERK

Hierdie s.nw. verwys na iemand wat help om goed in 'n winkel te verkoop, na iemand wat in 'n kantoor werk, briewe skryf, ens., of na die beampte van owerheidsdiens.

In Mnl. beteken **clerk** '(laer) geestelike, geleerde, literator, skoolmeester, skolier, student, sekretaris, griffier'. Dit is ontleen aan Middellatyn **clericus** van **clerus**, 'geestelikheid' van Grieks **klerikos** van **kleros**, 'erfnis, lot'. Oorspronklik het **klerk** dus na 'n geestelike verwys, maar met verloop van tyd het 'klerk' teenoor 'geestelike' ontwikkel.

KNEPE

(Mnl. **knepe**: 'klem, knip'; Ndl. **knippen**: 'knyping, knyp, moeilikheid, moeilike situasie'.) Die uitdrukking **al die knepe ken** beteken 'weet hoe om uit die moeilikheid te kom of iets te bereik'.

KNYP

Die alledaagse idiomatiese uitdrukking **in die knyp sit**, beteken 'in die moeilikheid wees' en verwys oorspronklik na die moeilike tegniek van 'n seilskip om so hoog moontlik aan die wind te lê sodat dit sonder om te laveer 'n vaarwater kan beseil. Dié tegniek het bekend gestaan as **knippen**. (Vgl. *knepe*)

KOEËL

Die uitdrukking **die koeël is deur die kerk** beteken: 'die saak is beslis en daar is niks meer aan te doen nie'. Die rede vir die ontstaan van hierdie spreekwoord word gevind in die Pousdom waar sonderlinge eerbied betoon is vir kerkgeboue. Daar is geglo dat die Almagtige, aan wie die kerkgebou toegewy is, beledig en onteer word wanneer sodanige geboue beskadig word. Om hierdie rede het die kerke probeer om tydens beleëring en verwoesting verskoon te word. Indien 'n kerkgebou egter aangeval word en skote word daarop gevuur, is dit 'n bewys dat die aanvallers deur geen ontsag afgeskrik word nie en hardnekkig oorgaan tot geweld. Diegene wat tydens oorlog die 'heilige' kerkgeboue nie ontsien nie, sal ongewyde plekke nog minder respekteer. Die persone wat dus nie hiervoor terugdeins nie sal vir niks anders die aftog blaas nie; daar bly vir hulle niks verder oor as om maar voort te veg nie, want die koeël is nou maar eenmaal deur die kerk.

KOM

Iemand te na kom beteken 'iemand beledig, sy eer of gevoel seermaak, hom kwes of krenk'. Vroeër (in Mnd.) het dit beteken 'om te naby aan iemand te gaan' en 'om iemand met 'n vyandelike doel te nader'. Dit het dus oorspronklik 'n letterlike verwysing gehad, maar vandag word dit slegs in figuurlike sin gebruik.

KONING

Die koning is dood, lank leef die koning! (Le roi est mort; vive le roi!) Met hierdie woorde, driemaal agtereenvolgens uitgespreek, is die dood van die Franse konings uit die Huis van Boerbon deur 'n kamerheer voor die opstaande venster van die koninklike slaapkamer in die slaapkamer in die Paleis van Versailles aan die volk bekend gemaak.

Die uitdrukking **koning kraai**, is ontleen aan 'n hanegeveg waarin die haan wat wen, as oorwinnaar te voorskyn tree. Die hanegeveg word nog in sekere lande as sportsoort beoefen en behoort tot die beste volksvermaak in die Indiese Argipel, België en Frankryk. Dit is 'n geveg tussen hoenderhane (veghane) wat spesiaal afgerig is. Daar word veggrasse geteel, soos dié in Indië, België, Engeland (Conwallishoender) en Rusland (Orlow). Gewoonlik is hierdie hane gewapen met metaalspore en hul kamme en oorlelle is afgeskeer. So 'n stryd is 'n spannende tweegeveg wat slegs eindig met die dood van een van die hane. Groot somme dobbelgeld word gewoonlik tydens sulke haangevegte verwed.

KONJAK

'n Brandewynsoort. Dit word vervaardig in die omgewing van **Cognac**, Wes-Frankryk.

KOP

Kop bo water hou: Ndl. **'t hoofd boven water houden**, beteken om 'n saak aan die gang te hou ten spyte van groot finansiële moeilikhede; nie moed opgee nie. Ontleen aan 'n drenkeling.

KOPER

Rooibruin metaal; voorwerp van koper; kopergeldstukke; geelkoperinstrumente in 'n orkes.

Germaans **kupar** van Laat-Latyn **cuprum** van Latyn **Cyprium (aes)**, ‘koper van Cyprus’. **Cyprius** – van **Cyprus** van Grieks **Kuprius** van **Kupros**. **Cyprus** is sedert die antieke tyd bekend daarvoor dat die beste gehalte koper daar aangetref word/is.

KORDEWAAN

Fyn, glansende Spaanse bokleer. Hierdie fyn leer is afkomstig van **Crdoaba** in Suid-Spanje, en geleë aan die oewer van die Guadalquivier. Spaans **cordobn** van Crdoaba. Ook in dié geval is die klankverandering opvallend, daar die kort vokaal van die Spaans verander na 'n lang **aa**-klank.

KORENT/KORINT

Klein, pitlose swart rosyntjie van Oud-Frans (**raisins de**) **Corinthe** – **Korinthe**.

Korinthe was 'n gebied van antieke Griekeland, asook die naam van 'n stad in daardie gebied geleë aan die **Golf van Korinthe**. Vandag is dit die naam van 'n moderne stad wat ongeveer 2 km. noordoos is van die antieke stad Korinthe.

KRAWAT

Dit verwys na 'n serp wat as das gebruik word. Van Fr. **cravate**, oorspronklik 'n nekdoek wat deur die Kroatiese handelaars in diens van Frankryk, gedra is van **Cravate** – 'n Kroaat van Vlaams **Krawaat** van Serbo-Kroaties **Hrvat** – Kroaat.

KRETIN

Dit is 'n soort geestelik en liggaamlik onvolgroeide mens met 'n groot kop, ens., d.w.s. 'n psigofis, minderwaardige mens. Eng. (sedert 18de eeu) **cretin**, verg. Fr. **Crétin**, Christen (Fr. **Chrétien**) en ‘diermens’, dit hou verband met die Latynse eienaam **Christianus** en verderop met Lat. **Christus** van Gr. **Xristos**.

KRETON

Sterk katoenstof, meestal met groot patrone of bont blomme bedruk, wat veral vir gordyne en meubelbekleding gebruik word. Frans **cretonne** van **Creton**. Lg. is 'n dorp in Normandië, Frankryk, waar die materiaal oorspronklik vervaardig is.

KROKODIL

As iemand **krokodiltrane huil**, is hy nie werklik opreg hartseer nie, en huigel of veins hy maar net. Hierdie uitdrukking kom van die 16de eeu af in Nederlands voor en ook in Afrikaans, Engelse, Duits, Frans en ander Europese tale. In die Middeleeue het die mense geglo dat die krokodil 'n vals, huigelagtige dier is wat in die riete op die loer is. Hy boots die stem van 'n huilende kind na om 'n verbyganger aan te lok, hom dan te vang en dood te maak. Nadat hy sy slagoffer verslind het, het die krokodil kwansuis trane gestort daaroor! Dit was 'n uitleg wat oorspronklik gegeld het vir die harpye (wraakgierige monsters), en wat later op die krokodil toegepas is. Die oorheersende kenmerk van die krokodil as simbool is dié van wreedheid.

In baie wêrelddele is daar tot onlangs nog geglo dat ‘n krokodil trane huil nadat hy sy prooi doodgemaak het en voordat hy sy ete geniet. Die Arabiere van die Soedan het geglo dat ‘n Nylkrokodil wat sy prooi versuip het, dit eers na ‘n eensame sandbank sleep om daar baie trane van verdriet te stort voordat hy dit opvreet. Dit is nie so nie. Dit is wel so dat krokodille van hul oormaat sout ontslae raak deur hul neuskliere, sodat dit lyk asof hulle huil. Sommige voëlsoorte (en boksoorte?) het gelyksoortige neuskliere.

KRYT

In die kryt tree, wat beteken om iemand te verdedig of in bekerming te neem, of om iemand se saak te verdedig, het sy ontstaan te danke aan die 17de eeuse uitdrukking **in die perk tree** (vergelyk die gesegde **paal en perk stel**). Letterlik verwys dit na die deelneem aan 'n wedstryd. Die selfstandige naamwoord **kryt** (Mnd. 'kring, kampplek') bewaar in bogenoemde uitdrukking nog die ou betekenis, naamlik 'kampplek, strydplek' wat dit in die Middeleeue gehad het. Die oorspronklike betekenis was dié van 'kring, sirkel', waaruit later die verwysing na 'afgeperkte ruimte, strydperk' (vergelyk 'grasperk' in Afrikaans) ontwikkel het.

KWARTEL

So doof soos 'n kwartel: stokdoof, kan hoegenaamd nie hoor nie

In die verre verlede het die boere geglo dat die kwartel doof is omdat die voëljie wat in graandistrikte hou, nie opvlieg wanneer gevaar dreig nie. Hy verberg hom egter so goed moontlik deur vlakby die grond te koeshardloop. Op hierdie manier lyk dit nie of hy enigiets hoor nie, want dit lyk nie op hy vlug nie.

KWEPER

Geel, harde, peervormige vrug van die kweperboom, die *Cydonia vulgaris*. Ndl. **kwee** van Mnd. **quede** van Latyn **cotoneum, cydoneum (malum)** – **Kudoniese appel** van Grieks **Kudoniun** van **Kudonia** en **Kudonia** > **kwee** en **peer** (> **per**). Kudonia is die antieke naam van Canea (**Khani**). Lg. is sedert 1841 die hoofstad van Kreta en geleë aan die noordwestelike kusgebied van die eiland.

KWEPERLAT

'n Lat wat uit die kweperboom (*Cydonia vulgaris*) gesny is, was vroeër algemeen as strafmiddel gebruik, vandaar die uitdrukking **onder die kweperlat deurloop** as iemand 'n pak slae ontvang. Vgl. *kweper*.

L

LABIRINT

Van Grieks **laburinthos**, moontlik verwant aan **labrus, tweekantbyl**, 'n woord moontlik geleen uit Karie.

Die Athener Daedalus (sien **Icarus**) was die beroemde bouer en beeldhouer van sy tyd, en daar is gesê dat hy die eerste man was wat standbeelde gemaak het. Na die ongelukkige moord op sy leerling en mededinger Talus, vlug hy na Kreta. Koning Minos vra Daedalus om 'n plek te bou waarin die gruwelike Minotaurus, wat half mens en half bul was, gehou kon word. Hierop bou Daedalus die **Labirint**, 'n doolhof met soveel kronkelende gange dat niemand wat daarin beland het, ooit weer sy weg na buite kon vind nie. Daarin kon die Minotaurus met veiligheid opgesluit word. Later het Theseus die ondier in die Labirint gedood.

As ons dus van **'n labirint** praat, verwys ons na 'n verwarde, ingewikkelde saak/kwessie.

LAKONIES

'n Lakoniese antwoord beteken 'n kort en bondige, pittige antwoord. Die woord **lakonies** is ontleen van Latyn **laconucus** van Grieks **lakonikos**: 'van of in ooreenkoms met die Spartane' wat bekend was vir hul bondige en pittige spreekwyse; van **Lakon**, inwoner van **Laconia** ofte wel Spartaan. Laconia was die antieke gebied van die Peloponnesus en Sparta was die hoofstad.

LAM

Soos 'n lam na die slagbank gelei word (Jes. 53:7, Jer. 11:19)

LANDAUER

Vierwielige, ouderwetse perderytuig vir vier persone met neerslaanbare kap. Die rytuig is vernoem na die stad **Landau**, Beiere, Duitsland.

LANS(IE)

Ook die uitdrukking '**n lans(ie) vir iemand breek** (om 'n persoon of saak aan te prys of te verdedig, of om hom 'n guns te bewys), ontwikkel uit die riddertydperk – in die geveg, maar veral in die steekspel. Die steek(paal)spel was 'n vaardigheidstoets. Voor die ridder het 'n draaiende houtbeeld gestaan (meestal in die drag geklee van die vyande die Sarasene of More). Die ridders moes probeer om hierdie beeld in volle vaart met sy lans raak te steek. Daarna moes hy vinnig padgee, anders kom die uitgestrekte arms van die draaiende beeld (waaraan soms swaar ysterkoeëls gehang is) hom 'n kwaai hou gegee het.

LAPPE

Wanneer iets **op die lappe kom**, kom dit ter sprake. Die oorspronklike uitdrukking het gelui dat **iemand iets op die lappe bring**.

Lappe het oorspronklik 'skoensole' beteken, iemand het dus opgestaan en op sy voete geko om 'n saak te bespreek.

LASARET

Dit is 'n inrigting vir melaatses en is genoem na **Lasarus** (Luk. 16:19-25), die melaatse bedelaar van die betrokke gelykenis; **lasarus** as soortnaam verwys na 'n melaatse, bedelaar'. Van Ndl. **lazaret** (sedert begin van die 17de eeu) via Fr. **lazaret** of direk uit It. **lazzaretto** van **lazzaro** 'melaatse, bedelaar'.

LAVAS

Skermblommige, kruieagtige plantsoort (*Levisticum officinale*); met **lavassaad**-gegeurde brandewyn. Van Oud-Frans **luvache**, **levesche** van Laat-Latyn **levesticum (aprium)** liturgiese (pietersielie), variant van **ligusticum** en van **Ligurië**. Ligurië is die naam van 'n gebied in Italië met Genoa as hoofstad.

LAWAAI

Groot lawaai, weinig wol (meer lawaai as wol)

Hierdie uitdrukking hou blykbaar verband met die volgende verhaal van Eusopus:

Die leeu en die brulpadda

'n Leeu het 'n brulpadda hoor kwaak en gaan kyk waar die klank vandaan kom, met die verwagting om 'n groot dier te sien. Na 'n rukkie se wag het die padda uit die water gekom. Toe die leeu hom sien, trap hy die padda plat met dié woorde: 'Groot lawaai en weinig wol!'

Vir 'n man wat tongsiekte (?) het en niks meer kan doen as net praat nie.

Volgens 'n ander bron hou die uitdrukking verband met die oumense se gesegde: 'Veel geskree, maar weinig wol, sê die duiwel toe hy die vark probeer skeer'.

LAWRENCIUM

Dit is 'n bepaalde sintetiese transuraan-element. Dit is genoem na 'n Amerikaanse fisikus, **Ernest Orlando Lawrence** (1901-1958); ontvang in 1939 die Nobelprys vir Chemie vir die ontwikkeling van die siklotron en navorsing i.v.m. atoomstruktuur.

LEDIGHEID

Ledigheid is die duiwel se oorkussing: van Latyn **Otia dant vitia**

LEEU

Die uitdrukking **die leueaandeel kry**, het vroeër 'n negatiewe betekenis gehad, aangesien dit eers verwys het na die grootste deel van iets wat 'n maghebbende persoon hom aanmatig in plaas daarvan om dit volgens reg en billikheid met ander te deel. Dit is ontleen aan een van Esopus se fabels waarin 'n koei, 'n bok en 'n skaap saam met 'n leeu op jag gaan; hulle kom toe ooreen dat elkeen 'n gelyke aandeel van die buit sou kry. Toe daar uiteindelik 'n hert in die bok se vangnet beland en hulle die buit onder mekaar moet verdeel, neem die leeu alles vir homself omdat hy die sterkste is.

'n Ander weergawe handel oor die leeu, die donkie en die jakkals:

'n Leeu, 'n donkie en 'n jakkals het maats gemaak en saam gaan jag. Nadat hulle baie wild gevang het, dra die leeu dit toe aan die donkie op om die buit onder hulle te verdeel. Die donkie het drie hopies gemaak en die leeu versoek om te kies. Toe vererg die leeu hom, byt die donkie dood en sê die jakkals aan om te deel. Die jakkals het die hele buit in een hoop bymekaar gesit, behalwe vir so 'n klein stukkie wat hy vir homself eenkant laat lê het, en toe die leeu versoek om vir homself te kies. En toe die leeu hom vra wie hom so goed leer deel het, was die jakkals se antwoord: 'Die arme donkie!'

Die volgende verhaal vanuit eie bodem sluit aan by Aesopus se verhaal, maar het pragtige aanpassings om by ons geografiese omgewing en diersoorte tereg te kom:

Wat die meeste mense 'n wolf noem, is eintlik 'n hiëna. Sy verkrimpte agterlyf het hy op 'n eienaardige manier gekry. Jakkals is altyd daarop uit om hom 'n streep te trek. Op 'n dag bewerk hy wat Jakkals is, dit so dat Leeu, Wolf en hy saam gaan jag. Nadat hulle 'n bok gekry het, bewerk Jakkals dit so dat Leeu opdrag gee aan Wolf om die bok tussen hulle drie te deel. Dis toe dat Wolf wys hoe dom hy is: Hy verdeel die vleis en bene presies in drie gelyke dele en sê toe dat Leeu eerste moet kies. Leeu word baie kwaad omdat Wolf hom as koning van die diere gelykstel met sy onderdane. 'Onnosel,' raas hy, 'weet jy nie ek kry van alles die leue-aandeel nie!' Me sy groot poot klap hy na Wolf en tref hom op sy heup. Van toe af hink hy in sy agterlyf. Leeu gee toe vir Jakkals die opdrag om die vleis te verdeel – wat hy toe ook doen. Leeu kry al die sagte vleis, die lekker happies, lewer en niere, terwyl Jakkals die kop en 'n klompie bene kry en bly lewe.

LENDENE

Julle moet die lendene omgord beteken om klaar te maak (gereed te maak) om iets te doen, gereed te wees om iets te doen. Die uitdrukking verwys na die gelykenis van die tien maagde in Mattheus 25:1-13, maar kan teruggevoer word na die gewoonte van die Oosterlinge om hul bokleed op te skort en vas te knoop aan die gordel wanneer hulle op reis wil gaan of aan die werk wil spring.

LEPEL

Mense praat nie graag van die dood nie, veral nog as jy deur sy naam te noem, die ding kan nader roep nie. Aanvanklik was die uitdrukking **lepel in die dak steek** 'n uitdrukking van 'n lewensgewoonte. Dis uit die dae toe die binnelanders in hartbeeshuise gewoon het, veral in die jagveld. Die grasdak is maar laag en die jagters of huismense sit op veldstoeltjies en eet. En as daar nie vrouens in die groep is nie, steek elke man somer sy lepel in die grasdak totdat dit weer tyd is om te eet. Die eerste stap om te beken wat hy nie sê nie, kry ons waar dit beteken: Die ete is nou afgeloop, nou bêre ons ons lepels in die dak. Die tweede stap kom wanneer die

betekenis verskyn: die lewe is afgeloop (d.w.s. hy het gesterf, is dood), nou kan hy maar sy lepel vir goed in die dak steek.

LES

Die **les** waarna verwys word in die uitdrukking **hy lees haar die les** (sy word streng berispe) verwys na die voorlesing van wettelike bepalings wat geld in die kloosters of ander geestelike verenigings. Wanneer hierdie bepalings nie streng gehoorsaam word nie, word ‘die les gelees’: dit verwys dus na die tug in die kloosterorde.

LEWENSdraad

Die oorsprong van die uitdrukking: **die lewensdraad afsny** (om te sterf) word gevind in die geloof aan die Skikgodinne, naamlik *Kloto*, *Lachenis* en *Atropos*. Kloto spin die lewensdraad, Lachesis lei die draad uit die spinwiel en dit word deur Atropos deurgesny. Die Skikgodinne was die godinne van die Noodlot en het beskik oor die lewens van mense. Op die presiese oomblik dat die lewensdraad gesny word, sterf daar 'n persoon. Die opvatting dat elkeen van die drie godinne 'n besondere taak gehad het, dagteken eers uit die Middeleeue.

LEWER

Iets het oor jou lewer geloop, is 'n beskuldiging van omgekraptheid, opvleiëndheid, slegte bui, of wanneer iemand onverklaarbaar en onverwags van gemoedstoestand verander, gewoonlik na die negatiewe kant toe. (**Lewe** word soms as variant naas **lewer** gebruik.) Die verband tussen lewer en slegte bui lê in gal, die bitter vloeistof wat deur die lewer afgeskei word. Reeds in die antieke Griekse tyd het die geloof bestaan dat die gal wat deur die lewer afgeskei word, 'n mens se gemoedstoestand beïnvloed.

LEWISIET

Dit is 'n olierige, kleurlose tot violet of bruin vloeistof waaruit 'n hoofsaaklik giftige gas vervaardig word wat gebruik kan word in chemiese oorlogvoering.

Dit is genoem na die Amerikaanse chemikus, **Winford Lee Lewis** (oorl. 1943).

LIDDIET/LIDIET

Ontploffbare stof. Dit is vernoem na **Lydd**, 'n dorp in Kent, Engeland, waar dit vir die eerste maal getoets is.

LIG

Die uitdrukking **lig in die duisternis** word spottenderwys gebruik wanneer 'n lig op 'n donker nag of in 'n donker vertrek aangesteek word. Soms word dit ook gebruik van persone wat in 'n tyd van domheid of bygeloof helder kennis versprei, bv. van wetenskaplikes soos Galileo of hervormers soos Luther. Die lg. betekenis kom ooreen met Joh. 1:5 (‘Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie’). Hier word die Woord van God (Grieks *λόγος logos*) gelykgestel aan die lig wat vroeër of later die strale van goddelike waarheid in die onwetende en met sonde vervulde wêreld laat skyn.

LILLIPUTTER

Dit verwys na ‘n klein, onbeduidende persoon’ (ook op sake toegepas): ‘dwerpie’.

Van Ndl. **lilliput(ter)** van Fr. **lilliputien** van Eng. **lilliputian** van Swift se denkbeeldige eiland **Lilliput** in sy *Gulliver's Travels* (1726).

LIMOUSINE/LIMOESIEN

Geslote motor, toe motor. Die naam is afkomstig van **Limousin**, 'n streek en vroeër 'n provinsie van Frankryk.

LOBELIA

Dit is die naam van enigeen van 'n aantal plante (genus *Lobelia*) met dragte verskillende gekleurde blomme.

Dit is genoem na die Vlaamse plantkundige, **Matthias de Lobel** (1538-1616).

LOEF

As 'n mens **iemand die loef afsteek**, uitoorlê jy hom of spring jy hom voor. Vroeër is die uitdrukking gebruik vir 'n skip wat die wind voor ander skepe se seile wegkeer.

Ndl. **loefzijde** van On. **loef** = riem wat die roer teen die wind hou

LOGANBESSIE

Dit is 'n braamagtige, eetbare soort bessievrug verkry deur die kruising van brame en frambose (*Rubus ursinus loganobaccus*).

Dit is genoem na die Amerikaanse plantkundige en regter, **James H. Logan** (1841-1928) van Kalifornië wat die kruising in 1881 bewerkstellig het.

LOUERE

Die uitdrukking **op sy louere rus**, beteken dat jy jou tevrede stel met behaalde sukses en nie verder lof probeer inoes nadat jy dit deur eie inspanning behaal het nie. Die woord **louere** (Nederlands **lauweren** van Latyns **laurus** = lourier), beteken 'roem, eer, onderskeiding, bekroning, prys, erepalm'. Hierdie segswyse kom uit die krygsgeskiedenis en verwys na die bekroning met groen lourierblare deur die Grieke en Romeine en impliseer dat 'n veldheer wat die oorwinning behaal het, letterlik rus op sy lourierkroon as hy hom dan verder uit die krygsdiens terugtrek.

LYNCH

Dit verwys daarna om die wet in eie hande te neem ('n volksmenigte), en 'n beskuldigde of verdagte persoon op 'n geregtelik ongemagtigde wyse summier tereg te stel. Ndl. **lynchen**, maar in Afr. waarskynlik uit Eng. **lynch**; internasionaal.

Dit is 'n prosedure wat toegeskryf word aan **Regter Charles Lynch** (1736-1796) van Bedford, Virginië, V.S.A. wat in 1780 persone langs nie-wettige wyse gevange geneem het en wat in 1782 t.o.v. sodanige optrede gevrywaar moes word.

M

MAAG

Sy oë is groter as sy maag: hy wil meer hê as wat hy kan opeet (behartig)

Jy kan dit op jou maag skryf en met jou hemp afvee: daar sal niks van kom nie

'n Maag soos 'n volstruis hê: alles kan eet

MAAN

Die verwensing **Gaan na die maan!** hang saam met 'n ou towergebruik om bepaalde soorte siektes of aandoenings mee te bestry. Daar was naamlik die opvatting dat siekte 'n soort wese

'n persoonlikheid was wat jy kon verdryf of uitdryf. Een van die gewildste metodes was om dit weg te blaas. En dan moet jy versigtig wees om dit s weg te blaas dat dit nie weer kon terugkeer nie. Die maan as onbereikbare oord en as towerland was derhalwe 'n gewilde plek om vratjies en ander groeisels op hande en arms heen te verban. Dit het s gebeur: die aand met volmaan, as dié liggaam se krag maagdelik sterk was, net by sononder, staan die persoon met die vratte met sy handpalms voor hom en dan sodat die vratte bo lê. Nou blaas jy drie keer oor die vratte heen in die rigting van die maan, en ewe plegtig sê jy: Gaan na die maan! 'Gaan na die maan' was dus 'n towerformule vir die verdrwyng van iets waarvan jy ontslae wou wees. En van verdrywende towerformule het dit baie maklik omgeslaan tot verwensing.

Gaan/vlieg na die maan/hoenders/duiwel!: 'n verwensing

Vir die maan blaf: iets gevegeefs doen; verniet uitskel

Aan die maan wil vat: die onmoontlike probeer doen

MAANDAG

Maandag is 'n vertaling wat dagteken uit die Romeinse tyd en kom van die Latyn **dies Lunae** ('dag van die Maan'). Die naam is behou in die Romaanse tale (vergelyk Frans **Lundi** en Italiaans **Lunedì**.) Maandag was volgens bygeloof 'n ongeluksdag:

'n blou Maandag is vandag nog dié dag waarop alles verkeerd loop; dit is moontlik ontleen aan die gedagte dat alles blou of beneweld lyk op die eerste werksdag van die week. In die Middeleeue het dit na 'n Christelike kerkgebruik verwys. Onder **blou Maandag** word die Maandag voor die begin van die vastydperk verstaan. In die kerke is die beelde, altaar, doopvont en kansel alles met blou doeke behang en sodoende bedek.

In die Middeleeue is dit ook **goeie Maandag** genoem, waar die bedekking met violetkleurige doeke reeds twee weke voor die eerste Vassondag plaasgevind het.

Elke blou Maandag: af en toe

MAART

Hierdie maandnaam is in die vyfde eeu v.C. oorgeneem uit Latyn **mensis Martius**: 'die maand Maart'. Die byvoeglike naamwoord **Martius** beteken 'aan Mars gewy, van Mars'. Dit is interessant dat die **-t** in Afrikaans behoue gebly het in sowel die uitspraak as die spelling.

Die Latynse eienaam **Mars** verwys na die oorlogsgod self, en beteken 'stryd, geveg, oorlog'. Dit was oorspronklik die eerste maand van die Romeinse jaar en is gewy aan die historiese baie belangrike god Mars wat volgens die mitologie op 1 Maart gebore is. **Mars** was die seun van Juna (na wie **Junie** vernoem is) en die man van Rhea Silvia. Hulle tweelingseuns Romelus en Rhemus, wat volgens legende deur 'n wolf in grootgemaak is, was die stigters van Rome in 753 v.C. Aanvanklik was Mars die Romeinse god van vrugbaarheid en die oes. Hy was die god van die Lente waartydens sy belangrikste feeste gevier is. Die reinigingsfees van die Ambarvalia is op 29 Mei in Rome gevier. Tydens hierdie feeste het die Romeine 'n bul, 'n ram en 'n vark aan Mars geoffer. As god van die oes was Mars verantwoordelik daarvoor om die gesaaides te beskerm en om die diere vrugbaar te maak. In **Oktober** is daar 'n perd aan hom geoffer.

Later word hy al meer en meer geassosieer met die krygskuns en hy word die Romeinse krygsgod. Voordat die Romeine na die oorlogfront vertrek het, is daar eers aan hom geoffer en eer aan hom betoon in sy tempel in Rome. Na 'n oorwinning het hy sy deel van die buit ontvang. Mars was oorwinnaar en wreker, maar ook vredemaker.

MACADAMISEER

Dit is 'n manier om 'n pad met padgruis of steengruis te bestraat of te verhard.

Dit is genoem na 'n Skotse ingenieur en padinspekteur, **John L. McAdam** (1756-1836).

MADRAS

Dit verwys na 'n soort weefsel van sy en katoen. Dit kom van **Madras**, Indië. Madras is die ou naam vir die provinsie Tamil Nadu, maar verwys nou ook na die hoofstad en belangrikste hawe van dié provinsie en is geleë by die Baai van Bengale.

MAGDALÉNA

Van **Magdala**, 'n gebied op die oewers van die See van Galilea (Matt. 15).

MAGENTA

Donkerrooi kleursel. Dié kleurstof is ontdek in 1859, die jaar waarin die bloedige veldslag van **Magenta** plaasgevind het. Magenta, Italië, is ook die plek waar dit ontdek is.

MAGNEET

'n **Magneet** is 'n stuk ystererts of staal met groot aantrekkingskrag; figuurlik dus 'n persoon of saak wat ander aantrek of met groot aantrekkingskrag.

Mnl. **magneet** is ontleen van die Latynse **magnes** uit Grieks **magnes**, kort vir **Magnes lithos** – die Magnetiese steen van **Magnes**, verwysend na **Magnesia**. Magnesia is 'n pleknaam in Thessalië, Griekeland.

Verwys figuurlik na iemand/iets met groot aantrekkingskrag: Iemand/iets trek jou soos 'n magneet.

MAGNESIA

Magnesiumdioksied, bitteraarde. M.E. Latyn van Laat-Grieks **magnesia**, naam van verskeie minerale van **Magnesia**, 'n pleknaam in Thessalië, Griekeland.

MAGNOLIA

Dit is genoem na die Franse plantkundige **Pierre Magnol** (1638-1715).

Dit is die naam van 'n struik of boom met wit en rooi, tulpvormige blomme (spp. *Magnolia*, fam. *Magnoliaceae*); Eng. en Ndl. **magnolia** (albei sedert die 18de eeu).

MAJOLIKA

Italiaanse erdewerk met tinglasuur en beskilder. **Majolica**, M.E. vorm van **Majorka**, die plek waar dié besondere keramiekstyl ontstaan en ontwikkel het. Majorka: Italiaans van Latyn **major** 'groter'.

MAKASSAROLIE

Vetterige olie o.a. as pommade en invryfmiddel gebruik, verkry van 'n boom in **Makassar**, hawe van Celebes, Verre-Ooste.

MAKOU

Soort mak eend (*Cairina moschata*). Genoem na die provinsie Macao en die Macao-skiereiland aan die kus van S.O.China, asook die hoofdorp Macao, administratiewe sentrum daarvan.

MALVESY(WYN)

'n Soet, gefortifiseerde witwyn, oorspronklik in Griekeland gemaak, maar nou word dit ook op Madeira, die Kanariese Eilande, die Asores en in Spanje vervaardig. Frans **malvoisie** van Italiaans **malvasia** van M.E. Latyn **Malmasie**, verwysing van Grieks **Monembasia**. Lg. was die naam van die Griekse hawe vanwaar dit verskep is. In Engels staan dié wyn bekend as **malmsey**.

MAMMON

Rykdom gesien as 'n god, en dus as 'n kwade invloed; geldgod. Van Aramees mamon 'rykdom'. **Mammon dien** (Matt. 6:24)

MAMPOER

Sterk tuisgestookte brandewyn van vrugte. Wsk. uit **Mampuru**, naam van 'n eertydse kaptein van die Pedi's. In hulle woongebied was maroelas volop en baie mampoer is daar gestook.

MARABOE

Dit is die naam van 'n soort sprinkaanvoël of ooievaar, kropooievaar met pragtige stertvere (*Leptopilus crumenifer*). Van Frans **marabout** uit Portugees **marabuto** uit Spaans uit Arabies **marabit** 'heilige, kluisenaar'.

Die voël kry sy naam na die heilige voorkoms soos dié van 'n Berber-heilige. Die **Marabouts** ('toegewyde, kluisenaar') was lede van 'n Berber-Moslemsekte wat in die 11de en 12de eeu vanaf Noordwes-Afrika na Spanje versprei het. Hulle het meestal as heiliges en profete in kloosters en moskees gewoon en aldaar diens gelewer.

MARCONIGRAM

Dit is 'n berig per **marconigraaf**/radiogram; radiotelegram met skepe ter see gewissel. Dit is genoem na die Italiaanse fisikus, **Guglielmo Marchese Marconi** (1874-1937) en **gramma** 'skrywe'. Marconi het in 1909 die Nobelprys vir Fisika gedeel vir die ontwikkeling van draadlose telegrafie. Sy navorsing was gebaseer op vroeëre werk in verband met elektromagnetiese golwe. Hy het daarin geslaag om lang golfseine in 1895 en transatlantiese seine in 1901 oor te sein.

MARIONET

Dit is 'n klein figuurtjie of pop waarvan die bewegings d.m.v. drade of toutjies beheer word; toneelpop, willose persoon. Ndl. **Marionet**, Eng. **marionette** (1620) van Fr. **marionette**, afleiding van die eienaam **Marion**, verkleinwoord van **Maria/Marie** en die verkleiningsuffix **-ette**, dus dubbel verkleinwoord Frans **Marionette** van **Mariolette**, verkleinwoord van **Mariol**: klein beeldjie van die **Maagd Maria**.

MAROKYN(LEER)

Fyn soort korrelige leer. Ndl. van Frans **maroquin** 'bokleer' uit **Marokko**. Marokko: Italiaans **marocco** van Arabies **agrib-al-aqsa** – die verste wes: **magrib** – wes en **al** 'die' en **aqsa** 'verste'.

MAS

Mnl. **mast**: 'mas, paal, kruishout', algemeen Germaans, verkleinwoord. Lat. **Malus** 'mas'. **Elkeen moet sien dat hy sy eie mas opkry/ophaal/opkom** : elkeen moet sonder hulp vir sy eie sake moet sorg/moeilike werk verrig.

Dit is 'n duidelike herhaling van die seemanslewe waar die Nederlandse idioom : **hij mog zien hoe hij de mast opkrijgt** net soos dié in Afrikaans is.

MASOCHIS

Iemand wat aan **masochisme** ly. Dit is 'n abnormale, seksuele drang waarby liggaamlike mishandeling 'n noodsaaklike middel tot seksuele bevrediging is; die strewe om die doel te bereik deur volledige onderworpenheid. Dit is genoem na die Oostenrykse novelleskrywer, **Leopold von Sacher-Masoch** (1836-1895), wat so 'n toestand in sy werke beskryf het.

MASURKA

Soort Poolse dans en klaviermusiek daardeur geïnspireer. Ndl. **mazurka** van Pools **Mazurka** van **mazurek** verkleinwoord van **mazur**, 'n vrou afkomstig uit die **Mazovia**-provinsie in Pole.

MAUSER

Dit is 'n soort koeëlgeweer, veral in die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 gebruik. Ndl. **mauser**, Hoogduits **mauser**. Dit is genoem na die maker, die Duitse uitvinder en wapensmid, **Peter Paul Mauser** (1838-1914).

MAUSOLEUM

Dit is 'n ryklik versierde grafmonument, praalgraf, graftombe. Latyn **mausoleum** van Grieks **Mausoleion**: graf van **Mausolos** wat deur sy vrou vir hom gebou is. Mausolos was die koning van Karië, oorlede 353 v.C. Die praalgraf by Halicarnassus, Klein-Asië, is in ongeveer 353 v.C. opgerig. Dié wit marmarstruktuur wat ryklik versier is deur die beeldhouer Scopas en moontlik ook Praxiteles, was een van die sewe wonders van die Antieke Tyd. Twee ander baie bekende mausoleums is dié vir Hadrianus, Castel Sant'Angelo, en die bekende Taj Mahal, Indië.

MAYONNAISE

Eiersous met olie, mosterd en asyn, slaaisous. Frans, waarskynlik vernoem ter herdenking van die orname van die stad **Mahon**, hoofstad van Minorka, in 1756 deur die Hertog de Richelieu.

MAXIM

Dit is 'n soort swaar snelvuurwapen en is genoem na **Sir Hiram Stevens Maxim** (1840-1916) wat gebore is op Stangerville, Maine, maar verhuis het na Engeland waar hy die **Maxim-masjiengeweer** gemaak het. Sy ander uitvindings sluit ploffstof en 'n swaarder-as-lug-vliegtuig in. Ander lede van die Maxim-familie het ook bekendheid verwerf as ammunisievervaardigers en -uitvinders.

MEDUSA

Medusa was een van die Gorgone, drie aaklige susters wat slange in plaas van hare gehad het. Hulle het ook slagatende soos dié van wildevarke, hande van brons en goue vlerke gehad. Enigeen wat hulle in die gesig gekyk het, het in 'n klip verander. Van die drie susters was net Medusa sterflik. Sy is gedood deur die Griekse held Perseus.

MEI

Dit verwys na die bloei-/groeimaand, en is ontleen aan Latyn **Maius** 'Meimaand' wat moontlik kom van die godenaam **Jupiter Maius** (die god wat die groeikrag bring), of van die godin **Maia**. Die vernaamste bronne skryf egter die maandnaam toe aan die godin Maia. In die Griekse mitologie was Maia die dogter van Atlas en Pleione en die suster van die Plejade. Sy het in Arkadië op die berg Cyllene gewoon. Sy was een van die minaresse van Zeus en hul seun was die bekende Hermes (in die Romeinse mitologie bekend as Mercurius met die gevleulde helm en sandale – maar met 'n beurs in sy hand – as die god van die handel!)

In die Romeinse mitologie was die godin Maia, wat 'n inkarnasie was van Moeder Aarde, die vrou van die vuurgod Vulcanus. As Moeder Aarde het sy wasbaarheid en vrugbaarheid verteenwoordig.

MEISIE

'n Meisie wat fluit, word die deur uitgemyt/word die mond toegesluit: berispending gesê van 'n meisie wat met die mond fluit

MELK

Die volgende is 'n guitige verhaaltjie: 'n Jong predikantjie willig in om die heildronk in te stel op 'n bruilof, maar hy gebruik nie sterk drank nie. Hulle kom toe ooreen dat hulle hom 'n glas melk in die hand sou stop. Maar die strooijonker was 'n regte karnallie. Hy dokter die melk toe met 'n yslike dop blits. Die predikant stel die heildronk in, en drink sy eie glas dolleeg. 'Maar dis lekker melk dié,' sê hy. 'Ja, dominee,' sê die jonker, dis **Blommetjie se melk.**' 'Wêreld,' sê die predikant, 'onthou, die eerste verskalfie van Blommetjie is myne.'

MENEER

Ek meneer en jy meneer, wie sal die wa dan smeer?: Dit is as teregwysing gesê vir die persoon wat nie die wa wou smeer nie, omdat dit benede sy waardigheid was.

MENTOR

Mentor was Odusseus se troue vriend en raadgewer, aan wie se sorg Odusseus sy hele huishouding toevertrou het toe hy met sy skepe vertrek het. Die godin Athena het Mentor se gestalte en stem aangeneem en het so Telemachus (Odusseus se seun) se beskermer en raadgewer geword.

Mentor: 'n ervare leidsman, raadgewer of gids

MERCERISEER

Dit is genoem na die uitvinder van dié proses, **John Mercer** (1791-1866), 'n Engelse tekstielvervaardiger.

Dit is die verglansing en syagtigmaking van katoenstowwe deur behandeling met sterk alkaliese oplossing (sodium-hidroksied); weefstowwe in gereedheid bring om hulle te verf.

MERINO

Dit is die wolstof verkry van 'n soort Spaanse skaap met kort, gekrulde fyn wol, ook mof-, wol- of **merinoskaap**. Van Ndl. **merinos**, eintlik bepaalde woltekstiel. Eng. **merino** (1781), Fr. **mérinos** (1835) van Sp. **merinos** (mv. van **merino**). Dit hang volgens sommige etimoloë saam met L.-L. **merinus** van **majolinus** van Latyn van **major** – groter. Volgens ander navorsers is dit waarskynlik afkomstig van Spaans van die naam van die Berberstam **Berni Marin**, wat by die teel van dié skape 'n rol gespeel het.

MESMERISME

Dit is genoem na die Oostenrykse geneeskundige, **Franz (Friedrich) Anton Mesmer** (1734-1815).

Dit is die leer en toepassing van die sg. dierlike magnetisme in die geneeskunde; die algehele oorgawe t.o.v. dierlike magnetisme van 'n mens se wil aan dié van 'n ander.

METTE

Korte mette maak van iets beteken om iets haastig af te handel, letterlik loopsgewyse. Die woord **mette** verwys na die Rooms-Katolieke 'vroegmis'. Hierdie uitdrukking het betrekking op die optrede van die monnikke wanneer hulle hul **mette (lectiones matutinae)** vinnig aframmel om byvoorbeeld vanweë ongure weer gou daarmee klaar te kry.

MIDAS

Midas, die koning van Frigië, het Bacchus eendag 'n groot guns bewys. Uit dankbaarheid het die god gesê dat Midas enigiets kon wens wat hy wou, en dat dié wens vervul sou word. Midas het toe gewens dat alles waaraan hy raak, in geel goud verander. Hoewel die god teleurgestel was in so 'n dwase wens, staan hy dit tog toe. Midas het egter nie vooraf aan die gevolge van sy wens gedink nie. Hy was die rykste man in die wêreld maar ook die ongelukkigste: hy kon niks eet of drink nie, want alles het goud geword. Te midde van sy rykdom sou hy van honger omgekom het as Bacchus nie medelye met sy smekinge gehad het nie. Op sy bevel gaan was Midas hom in die rivier wat verby Saris vloei en Midas se wonderkrag gaan op die rivier oor. Volgens legende voer daardie rivier sedertdien goudstof in sy waters saam. Vandag noem ons 'n geldelik baie suksesvolle mens of 'n gierigaard '**n Midas**.

MOESELIEN

Dun, losgeweefde stof van katoen, wol of sy (veral vir gordyne en damesklere). Frans **mousseline** van Italiaans **mussolina (materiaal van) Mosoel** van Arabies **M_slin**.

Oorspronklik is die materiaal vervaardig in **Al-Mawsil, Mosoel**; 'n stad in Irak, geleë aan die Tigris teenoor Nineve.

MOET

Moet is gedwonge, huil is kindergesang: As iemand moet aanhoor: 'Jy moet dit doen', en rebels daarop antwoord: 'Moet is gedwonge!' Kom die teregwysing: 'Pasop, netnou sing jy: Huil is kindergesang.' Dan leef hy voort in sy teenstelling.

MOGOL

Dit is iemand met veel mag en invloed. Dit is afgelei van **Mogol**, die titel van 'n lid van die Indiese potentaatdinastie van Ndl. (sedert 17de eeu) **mogol/mogor**, Eng. en Hd. **mogul**, Fr. **mogol**, Port. **mogol/mogor**, Persies **mugal**; dit hou blykbaar verband met **Mongool**.

Die Moslemse **Mogol-ryk** van Indië (1526-1857) is gestig deur Babel wat daarop aanspraak gemaak het dat hy afstam van die Mongoolse veroweraar, Genghis Kahn.

MOKER

Wanneer 'n mens jou bloedig vir iemand vererg, sal jy hom maklik afransel of **moker**. Die werkwoord (**om te moker**) is afgelei van die s.nw. **moker**, 'n kort, swaar, vierkantige yster-/houthamer gebruik deur messelaars, timmermans, ens. Dit is ook die werktuig wat gebruik word om hoepelspykers in kiste deeglik in te dryf.

MOKKA(KOFFIE)

Geurige, Arabiese koffie. Dit is vernoem na **Mokka**, 'n hawe van Jemen aan die Rooi See.

MORPHEUS (MORFEUS)

Morpheus, die god van drome, was die seun van Hypnos en het ook in Hades (die onderwêreld) gewoon. In Ovidius se *Metamorfoses* was Morpheus die god van drome en van dit wat slapendes sien wanneer hulle droom. In moderne literêre werke word Morpheus ook beskou as die god van slaap, of Slaap self, vandaar die uitdrukking **in die arms van Morpheus** wat beteken 'in diepe slaap'.

MORSDOOD

Dit beteken ‘meteens/, plotseling, geheel en al dood’. **Mors** beteken ‘geheel en al’ van Latyn. mors: dood. Toon verwantskap met die ww. **vermorsel**.

MOSES

Moses was die groot Israelitiese leier wat sy volk in opdrag van God uit hul Egiptiese slawerny verlos het en die Ou-Testamentiese wetgewer. Sy Hebreeuse naam (**Môsheh**) beteken ‘uit die water getrek’ en herinner aan hoe hy deur die Faraos se dogter uit die water gered is (Eksodus 2). In die uitdrukking **jou moses teenkom** verwys dit na ‘(bo)baas, oorwinnaar wat almal oortref en nie 'n gelyke het nie – iemand wat sterker is, wat jou kan baasraak’.

Die woord is etimologies verwant aan **moesoek, moesoep**: Moses met vermenging van Maleis **moesoek** ‘vyand’. 'n Ander uitdrukking wat minder bekend is, naamlik: **Van Moses tot Moses was daar geen beter Moses nie**, het die waarskynlikste onder die sterk Joodse gemeenskap in Spanje ontstaan. Die eerste Moses was die Bybelse Moses, terwyl die tweede Moses ene **Moses Maimonides**, 'n befaamde Joodse Middeleeuse wysgeer uit Spanje was. Tussen Moses die Wetgewer en Moses die Wysgeer het daar nog nie 'n Moses gekom wat uitnemender was nie. Dus: hy is die uitnemendste.

MOSSIE

In verskillende tale en dialekte is dit die gebruik om na **so dood soos ...** die naam van die een of ander dier wat 'n mens dikwels dood sien, te noem. In die Afrikaanse uitdrukking, **so dood soos 'n mossie**, is die woord **mossie** die verkleinwoord van die dialektiese Hollands **mos** wat in Standaard-Nederlands **mus** is. Ons uitdrukking is waarskynlik uit die volkstaal van Nederlands in die 17de eeu geërf. In 'n Vlaamse streek bekend as die land van Waas kom die uitdrukking **zo dood als een mus** inderdaad voor.

MUISNESTE

Iemand wat **die kop vol muisneste het**, kan nie sy aandag by die werk hê nie, aangesien hy allerlei sake en gedagtes, veral liefdesake, in die kop het. Die uitdrukking **met muizenesten** kom in Nederlands reeds in die 16de en in Duits in die 17de eeu voor. Indien ons ander tale en dialekte naslaan, kom sowel muisneste as spinnewebbe (Engels) in soortgelyke uitdrukkings voor. Ander name, soos muise, krieke, bye, spinnekoppe en wespe kom ook in hierdie verband voor.

MUSE

Die Muses was die godinne van sang, digkuns en digterlike inspirasie. Hulle was die nege dogters van Zeus en Mnemosyne wat elkeen heerskappy gehad het oor 'n bepaalde kuns of wetenskap. Hulle was Erato, Euterpe, Kalliope, Klio, Melpomene, Polyhymnia, Terpsichore, Thalia en Urania.

Verwante woorde:

Mosaïek (van Frans **mosaique**, van Oud-Italiaanse **mosaico**, van Middeleeuse Latyn **mosaicus**, van Laat-Grieks **mouseion**: 'n mosaïek, van **mouseios** ‘behorende aan die Muse’, van **Mousa**: ‘muse’)

Museum (van Latyn **museum**, biblioteek, van Grieks **mouseion**, tempel van die Muse van **mouseios**, van die Muse, van **Mousa**, muse)

musiek (van Frans **musique**, van Latyn **musica**, van Grieks **mousike (tekhne)**, (kuns) van die Muse van **mousikos**, aan die muse, van **Mousa**, muse)

N

NA

Iemand te na kom: iemand beledig, kwes of krenk. In Mdn. het die uitdrukking letterlik beteken om te naby aan iemand te gaan, of om iemand met 'n vyandelike doel te nader.

NAGMERRIE

Die ou Nederlandse vorm **nachtmare** het niks te doen met 'n merrieperd nie. 'n **Mare** is 'n bonatuurlike wese wat die mens vyandiggesind is en wat by hom spook, veral deur sy asemhaling tydens sy slaap te belemmer. Reeds in die Middeleeue is hierdie woord in die volksmond gewysig tot **merrie**. In volksoorlewings leef die nagmerrie voort, asook die maniere waarop hierdie kwelgees verjaag kan word, byvoorbeeld deur jou skoene voor jou bed te sit met die tone na buite gedraai of deur 'n mes op jou bors te laat staan met die punt na bo. (Die Middeleeuse Kerk het die kruis as afskrikmiddel gebruik.)

Hoewel die woord eintlik niks met 'n merrieperd te maak het nie, neem die nagmerrie dikwels die gestalte van 'n dier of mens aan. In Nederland dink die mense inderdaad dat dit 'n merrieperd is wat die slapende ry, deur die verwarring van die woorde **mare** ('bonatuurlike wese') en **merrie** ('perd'). Die bygeloof kom ook in Engeland voor waar die nagmerrie vir dié wat daaraan glo, 'n werklike of fabelagtige **mare** is.

Nagmerrie: 'n aaklige, benouende droom; alles wat verbyster of verontrus; skrikbeeld

NARCISSUS

Narcissus was die seun van 'n riviergod en 'n nimf. Hy was 'n baie mooi jongman en al die meisies was op hom verlief. Die nimf Echo (vgl. Echo, eggo) raak ook dolverlief op hom. Echo kon egter nooit eerste begin praat nie, maar kon net altyd die laaste woorde van iemand anders herhaal. Dit was die gevolg van 'n straf wat haar deur Hera opgelê is.

Aangesien Echo nie kon praat nie, kon sy nie na Narcissus gaan nie, en het hom net op 'n afstand gevolg. Narcissus verwerp egter haar liefde met minagting, waarna sy haar terugtrek in die bosse; van toe af leef sy eensaam in grotte. Haar hartseer oor Narcissus word al groter en sy kwyn weg totdat net haar weerklink oorbly.

Narcissus is egter gestraf vir sy wreedheid teenoor Echo. Eendag het hy by 'n pragtige, ongerepte fontein aangekom en sy beeld in die water gesien. Hy het dit probeer omhels, maar toe hy sy hande in die water steek, het die jongman verdwyn. Narcissus kon hom nie van die fontein wegskeur nie en het daar gekwyn; van binne is hy deur 'n verborge vuur verteer. Echo het na hom toe gegaan in sy sterwensuur en het sy laaste vaarwel aan sy spieëlbeeld herhaal. Op die plek waar hy gesterf het, het daar 'n pragtige blom opgekom wat sy naam dra: die narsing.

NEKSLAG

Die **nekslag** ('n slag op die nek) is 'n **genadeslag**, die laaste slag wat die dood veroorsaak en waardeur daar 'n einde kom aan lyding. Figuurlik gesproke is 'n **nek-/genadeslag** een of ander ramp wat 'n persoon tref wat reeds baie gely het, en waardeur hy heeltemal te gronde gerig word.

Die nekslag toedien: die doodhou, genadeslag (toedien). Gewoonlik word die uitdrukking figuurlik gebruik vir 'n slag wat iemand heeltemal te gronde sal bring of ruïneer. In Mnl. word dit ook **halsslag** genoem; dit staan weer in verband met halsmisdad ens.

NEMESIS

Nemesis was die godin van wrekende geregtigheid en was voortdurend daarvoor verantwoordelik dat orde gehandhaaf word. Soms is sy voorgestel met 'n vinger op die lippe – om aan te toon dat

stilte verkieslik is sodat die gode se argwaan nie dalk opgewek kon word nie.

Die nemesis van die geskiedenis: die wraak, straf van die geskiedenis

Nemesis van Grieks wat beteken 'vergelding' van Grieks **nemein** 'toewys' van Grieks **nemo**: 'gee wat verplig is'.

NESTOR

Die gryse, ervare **Nestor** was koning van Pylos. Hy was die oudste en een van die dapper, gevierde Grieke wat deelgeneem het aan die beleg van Troje. Nestor was 'n wyse raadgever wat selfs sy koning en aanvoerder, Agamemnon, goeie raad gegee het.

Nestor: die oudste en mees geëerde van 'n groep wat wyse raad gee

NEWTON

In die meter-kilogram-sekondestelsel is dít die eenheid van krag wat nodig is om 'n massa van 1 kg. 'n versnelling van 1 meter per sekonde kwadraat te laat ondergaan.

Dit is genoem na **Sir Isaac Newton** (1642-1727), 'n Engelse wiskundige, wetenskaplike en filosoof. Sy belangrike navorsing sluit o.a. in: die teorieë van universele gravitasie en die ontdekking van differensiaalrekening.

NIKOTIEN

Dit is 'n gif wat in die blare en sade van tabak voorkom, olierige tabakgif.

Van Frans, vroeër **nicotaine, Nicotiana/nicotiana**. Dit is die naam van enige van verskeie blomtabakplante, genus *Nicotiana*, wat inheems aan die Amerikas is. Nieu-Latyn **herba nicotiana** – kruid van **Nicot**.

Dit is genoem na **Jean Nicot** (1530-1604), die Franse ambassadeur in Lissabon, wat in 1560 die eerste van dié tabak na Frankryk ingevoer het en daarvan aan Catherina de Medici gestuur het.

NIOBE

Niobium is 'n sagte, grys smeebare metaal.

Niobe was die vrou van Amphion, koning van Thebe. Hulle het sewe seuns en sewe dogters gehad op wie Niobe baie trots was. Sy het die godin Leto vertoorn, want sy het gesmaal omdat Leto net twee kinders gehad het. Daarop stuur Leto haar seun Apollo en dogter Artemis om wraak te neem. Hulle het die sewe seuns gedood, en ten aanhoor van hierdie nuus het hul vader Amphion selfmoord gepleeg. Daarna word ook die sewe dogters gedood, sodat slegs Niobe in haar smart agterbly. Sy het s lank stilgesit tussen die lyke van haar kinders en haar man, dat haar groot smart haar heeltemal laat versteen het. Alleen uit haar oë het die tranes onophoudelik gestroom. 'n Sterk warrelwind het haar opgeraap en haar na 'n hoë bergtop in haar gteboorteland Lidië gevoer. Daar gaan sy steeds voort om die dood van haar kinders te beween.

NOPPIES

'n Mens is **in jou noppies** as jy hoog in jou skik is. 'n **Nop** is 'n pluisie of vlokkie, bv. op wolstof of fluweel, die pluus van 'n pluiskeil of die haartjies of wollerigheid op nuwe klere. As **iemand in sy noppies is**, beteken dit dus letterlik dat so 'n persoon 'n nuwe uitrusting aanhet en baie in sy skik is daarmee.

NORIET

Soort blouysterklip, blou graniet. Van Noorweegs **norit**, 'n Noorweegse klip van **Norge** 'Noorweë' van Oud-Noors **Norvegr, Novegr** 'Noorweë'. **Noorweë** van Oud-Noors **Norvegr** 'noordelike gebied': **northr** 'Noord' en **vegr** 'weg' (in plekname), 'gebied'.

NOVEMBER

Dit is afkomstig van die Latyn **mensis November**: ‘Novembermaand’, van Latyn **novem** wat beteken ‘nege’, met ander woorde dit is die negende maand van die Romeinse jaar. Vergelyk Italiaans **nove**: ‘nege’.

O

OCEANUS

Oseaan: wêreldsee, watermassa wat die vastelande van die aardbol omspoel.

Die vroeë Grieke het geglo dat daar ‘n geweldige rivier was (’n buitesee) wat soos ’n gordel om die aarde gelê het. Dié rivier, bekend as Oceanus, se water het nie vermeng met die seewater nie. Uit Oceanus wat self geen oorsprong/bron of uitloop gehad het nie, het al die riviere, bronne en die see voortgevloei. Die Titaan Oceanus was die seun van Uranus en Ge, en volgens die mite wat hy een van die kragte wat bygedra het tot die skepping van die Aarde. Hy was die vader van drieduisend rivier- en seegode, asook van drieduisend riviere.

OHM

Dit is 'n eenheid van elektriese weerstand, elektrisiteit en magnetisme.

Dit is genoem na die Duitse fisikus en elektrisiën, **Georg Simon Ohm** (1787-1854).

OKTOBER

Hierdie maand is direk oorgeneem van Latyn **mensis October** en beteken ‘die agste maand’ na die begin van die Romeinse jaar in Maart. Vergelyk Latyn **octo** en Italiaans **otto**, wat albei ‘agt’ beteken.

OLIMPUS

Olimpiade: Tans internasionale Olimpiese spele wat elke vier jaar elke keer in ’n ander land/wêreldstad gehou word.

Olimpus is die hoogste berg in Griekeland (2 972 m) tussen Macedonië en Thessalië waar die Griekse gode volgens oorlewering gewoon het. Dit verwys ook na die godedom as sodanig.

Die Spele het die eerste keer in 776 v.C. plaasgevind en daarna is dit elke vier jaar tot 393 n.C. in die vallei Olimpia gehou ter ere van die Olimpiese hoofgod, Zeus. Die Griekse held Hercules het volgens oorlewering die Olimpiese Spele ingestel. Hy het ’n mooi vlakte op die oewer van die rivier Alpheios daarvoor uitgekies en die spele gewy aan Zeus. Hy het ook bepaal dat ’n krans (vgl. **louere**) die enigste prys sou wees. Toe die spele vir die eerste keer gehou is, het Hercules glo al die pryse gewen omdat niemand dit gewaag het om met hom mee te ding nie.

ONBEKEND

Onbekend maak onbemind: van Latyn **Ignoti nulla cupido** (Ovidius, *Ars amatoria*, 3, 397)

ONDERSPIT

Die werker wat **die onderspit delf** is die een wat 'n moeiliker taak as ander moet verrig en dus figuurlik oorwin word of 'n neerlaag ly. Letterlik gesien is dit natuurlik moeiliker om 'n dieper laag grond te spit as wat dit is om sommer so oppervlakkig te spit.

ONDERVINDING

Ondervinding is die beste leermeester(es): Van Latyn **experientia optima rerum magistra**.

ONGELOWIG

Ongelowige Thomas: Thomas was een van Jesus se twaalf apostels, maar was nie teenwoordig toe Hy die eerste keer na sy opstanding aan die ander verskyn het nie. Hy het gesê dat hy die opstanding eers sou glo as hy Jesus self kon sien en aan Hom kon raak (Johannes 20).

ONGELUKSVOËL

Iemand wat baie teenspoed kry en baie ongelukke maak, staan as 'n **ongeluksvöel** bekend. Oorspronklik het die ongeluksvoël verwys na 'n voël wat ongeluk voorspel of veroorsaak het. Die Romeinse *auguren/auspices* – die voëlwaarnemers – het op die vlug van die voëls gelet om die toekoms te voorspel. Hierdie waarsêers het hul gesigte na die suide gedraai en die voëls wat uit die ooste aangevlieg kom, was dan die ongeluksvoëls. Vroeër is rawe as ongeluksdraers beskou, maar by ons is dit veral die kraaie, want hulle word as die boodskappers onder die voëls beskou.

OOR

By die een oor in en by die ander oor uit: gou vergeet wat jy gehoor het.

Loop was jou ore!: Nou moet daar geluister word na wat gesê word!

Ter verduideliking van waarom daar juis in die uitdrukking van die ws van ore ter sprake is, kan daar op 'n sekere ou volksgeloof gewys word: kennis en insig is uitsluitlik afhanklik van die reinheid van die sintuie. Deur die ore te was, so is gedink, word 'n beter begrip verkry van sake – en omgekeerd: deur die vuilword van die ore, word hierdie gawe weggeneem. Vuilheid het die mag om die gees te verstomp en doofheid te veroorsaak.

OORBOORD

Wanneer (**iets**) **oorboord (ge)gooi** word, word dit laat vaar/opgegee of van ontslae geraak. Dit kom van die 17de-eeuse Nederlandse uitdrukking **overboord werpen**. Oorspronklik het **boord** plank beteken en 'n seilskip se boord was sy plankdek. Dis ook verwant aan die woord **bord**, wat nog steeds in die betekenis van 'plank' gebruik word in 'n woord soos 'hardebord', letterlik harde plank. Die uitdrukking **alles is oorboord** beteken dat alles in die war is.

OORHAND

Hierdie woord verwys na 'die meeste in krag of aantal, 'n oormag'. Hier is twee gesegdes, naamlik **die oorhand kry** ('baas word') en **die oorhand hê** ('baas wees'). Die **hand in oorhand** is die ou woord vir mag, d.w.s. **oorhand**: 'oormag'. Daar bestaan in die 17de eeu nog die b.nw. **overhandig** wat 'seëvierend, oorwinnend' beteken.

OORSTUUR

Oorstuur wees beteken 'om in die war te wees, heeltemal van stryk te wees'. Eintlik verwys **oorstuur** na 'in die rigting van die stuur', d.w.s. agteruit. Hierdie uitdrukking is aanvanklik gebruik om na skepe te verwys in die betekenis van 'agteruitdryf'.

OOSTE

So ver soos die Ooste van die Weste (Psalm 103:12)

OPGESKEEP WEES/SIT

Om **met iets/iemand opgeskeep (te) wees/sit** beteken 'om iets/iemand tot las te hê'. Onder **opgeskeep** word verstaan dat goedere op 'n skip gelaat/gebring word, m.a.w. 'om iets/iemand in sy skip te hê waarvan hy nie veel goed verwag nie of wat hy om die een of ander rede liever nie by hom wou gehad het nie'. Hierdie uitdrukking is al sedert die 17de eeu bekend.

OPHEF

Die uitdrukking '**n ophief van iemand maak**, beteken om oordrewe lof aan iemand te betuig, om hom te roem en prys; andersins verwys dit na die optel, ophig van 'n voorwerp. Hier word gedink aan die plegtige ophief van die wapens van die teenstanders voor die aanvangs van 'n toernooi. Die uitdrukking kan egter ook ontleen wees aan die skermkuns.

ORGANDIE

Dun, deursigtige katoensy.

Van Frans **organdi** (boekmoeselian). Dit is moontlik verwant aan **organsyse**.

ORGANSYNSE

Soort sydraad waarvan die hoofwinding in die teenoorgestelde rigting loop as dié van die stringe. Frans **organzin** van Italiaans **organzino**, vernoem na **Urgandi, Urgench**. Dit is die naam van 'n antieke stad in die weste van Oesbek, Oesbekistanse Republiek.

OS

In die uitdrukking: **van die os op die esel (spring)** het die woord **os** niks te doen met 'n os nie, maar verwys eintlik na **ros** (wat **perd** beteken soos ook in die woord **roskam**).

OTTOMAN

Dit verwys na 'n bepaalde tipe lae sofa sonder rugleuning. Ndl. (19de eeu) **ottomane** van Fr. **ottomane**, vroulik van **Ottoman**; gesubstantiveerde adj. **Ottoman** 'Turks' van M.E. Latyn **Ottomanus** van Arabies **Othmani** 'Turks' van Turks **Osman: Osman I** (1259-1326), grondvester/stigter van die Turkse dinastie in 1299.

P

PAAL

Paal en perk stel aan iets beteken om binne sekere grense te hou (vergelyk: **in die kryt tree**); 'n einde te maak aan iets. Hier word verwys na die bepaling van die grens wat nie oorskry mag word nie, deur die letterlike inplant van die grenspaal. Die woord **perk** (wat uit dieselfde woord afkomstig is as **park**), beteken 'begrensing, grens, strydperk, arena; afgebakende ruimte, grasperk, blomperk/-vak'. Die woorde **paal en perk** beteken dus albei 'grens'. Dit is 'n voorbeeld van alliterasie of voorletterrym. Dit herinner aan die strydperk by 'n (ridder)toernooi waaragter die bediendes en kleinboere vergader het. Die ou ridders en adellike dames het 'n spesiale paviljoen aan die een kant van die arena gehad, terwyl die beoordelaars hul eie paviljoen gehad het.

PAMPIERE

C.J. (Neelsie) Langenhoven vertel hy sit op 'n dag op sy stoep en sien 'n vreemdeling te voet met 'n wye draai die plaashek nader om die volstruiskamp heen. Die vreemdeling kom soek werk. Ja, hy het allerhande kwalifikasies en sertifikate en goeters. Hy stel sy saak welsprekend, haal al sy sertifikate uit, wys en lê uit. Langenhoven het hom geduldig aangehoor, naderhand vir hom koffie en beskuit gegee, en toe beduie dat al sy sertifikate op 'n plaas – daarby 'n volstruisplaas – g'n waarde het nie. Tot siens. Taamlik verlep val die vreemdeling weer in die pad, verleë en mismoedig. Hy het ook nie meer lus om die wye draai van die pad om die volstruiskamp te volg nie. Kortpad loop hy deur die draad en stap kordaat aan na die volgende draad. Maar daar was broeivoëls in die kamp. 'n Mannetjie storm hom, loop hom skoon disnis. En hy gaan aan die

skreeu om hulp. Langenhoven het die saak met smaak sit en aanskou en opgespring om te gaan help. Sover as hy hardloop, skreeu Langenhoven: **Man, wys hom jou pampiere!** En so het ons aan 'n spreekwoord gekom waarmee ligweg die gek geskeer word met 'n man met sertifikate – d.w.s. 'n geleerde man – wat tog nie deug vir die werk wat hy doen of waarvoor hy aansoek doen nie.

PAN

Pan was die veld-, bos- en herdersgod met die kop en lyf van 'n man, maar met die pote, horings en ore van 'n bok. Eendag het Pan die nimf Sirinks gejaag, maar voordat hy haar kon vang, het haar vader, die riviergod Ladon, haar in 'n riet verander. Hierna het Pan van die riete gepluk waarmee hy toe 'n nuwe soort fluit gemaak het wat sedertdien bekend staan as die sirinks of **panfluit**. Pan was baie trots op sy spel met die rietfluit waarmee hy die nimfe elke dag bekoor het. Hy was berug daarvoor dat hy eensame reisigers hewig laat skrik het deur sy plotselinge verskyning (vandaar die woord **paniek**).

Die uitdrukking **Paniese skrik (angs)** is ook van hierdie legende afgelei, en beteken 'n plotselinge, algemene skrik wat meestal ongegrond is.

PANDORA

Pandora was die eerste (mense)vrou, gestuur na die mense as straf daarvoor dat Prometheus 'n kool vuur by die gode gesteel het. Sy het 'n doos as huweliksgeskenk van Zeus ontvang. Uit nuuskierigheid maak sy die doos oop, waaruit allerhande rampe vir die mensdom ontsnap. Net Hoop het agtergebly toe sy gou die deksel toeklap.

Die doos van Pandora is iets wat baie onvoorsiene omstandighede veroorsaak, die bron van eindelose ellende.

PARAFFIEN

Paraffine is die Ndl. vorm van hierdie internasionale woord wat in 1830 deur die geleerde Reichenbach gevorm is: Duits **Paraffin**, van Latyn **parum** '(te) min en **affinis**, 'verwant', dus: 'min verwant aan ander stowwe'.

PARNASSUS (PARNAS)

Die berg **Parnassus** se naam is aan die Griekse mitologie verbind, en is aan die Muses en Apollo gewy. Dit staan ook bekend as Sangberg. Parnassus is ongeveer 2 457 m hoog en geleë in Suid-Griekeland, noord van die Golf van Korinthe. Vandag word dit Laikoura genoem.

Parnassus: die woonplek van die digters; ook, die digters en die digkuns.

Parnassus bestyg beteken dus verse maak, digter word.

PASKWIL

Vroeër is daar nog onderskei tussen **paskewil** 'gedoente' en **paskwil** 'skimpskrif, klug', maar in latere tye is dit net **paskwil**. Dit is 'n geskrif ens. waardeur 'n mens iemand/iets belagrik maak, beledigende spottery in woord of beeld. Ndl. **paskwil** (sedert 16de eeu), Fr. **pasquille/pasquin**, It. **pasquillo**, Lat. **pasquillus**, verkleinwoord van **pasquino** van **Pasquino**. Lg. is die naam van 'n grappige kleremaker; 'n standbeeld in Rome is na hom genoem, waarop satiriese geskifte geplak is. Die tweede beskrywing van die omstandighede is dat **Pasquin** die naam van 'n persoon was wat digby die plek gewoon het waar 'n beeld opgegrawe is na aanleiding waarvan jaarliks 'n skou gehou en spotverse voorgedra is.

PASTEURISASIE

Volgens dié metode word vloeistowwe deur herhaalde verhitting tot benede kookpunt van siektekieme bevry.

Dit is genoem na die Franse bakterioloog, **Louis Pasteur** (1822-1895). Ndl. **pasteurise(e)ren**, Eng. **pasteurize**, Fr. **pasteuriser**. Pasteur se toetse op wyn, asyn en bier het gelei tot die proses van pasteurisasie; hy het ook verskeie belangrike ontdekkings gemaak i.v.m. immunologie en mikrobiologie. Die Pasteur-instituut wat in 1888 in Parys gestig is, het vandag ook takinstitute in heelwat ander lande.

PAVANE

Ou statige Italiaanse dans met langsame tempo wat in die 16de en 17de eeu gewild was; musiek vir dié dans en ook as konsertmusiek uitgevoer.

Oud-Frans **pavane** van Oud-Spaans **pavana** van Oud-Italiaans (**danza**) **pavanna** dans van **Padua**, dialektiese variant van **padovana**, vroulik van **padovano** 'van **Padua**' van **Padova**: Padua, Italië.

PEGASUS

Pegasus was die pragtige gevleuelde perd van die digters (oorspronklik van Bellephoron) wat gebore is uit die bloed van die Gorgone. Die fontein van die Muse op die berg Helicon het opgeswel wanneer Pegasus een van sy hoewe daarteen gekap het.

Pegasus bestyg: gedigte maak (vgl. *Parnassus bestyg*).

PEKEL

Die woord **pekkel** in die uitdrukking **in die pekkel beland/wees/sit** vir iemand wat in 'n onaangename toestand of groot moeilikheid is, verwys na die water waarin baie sout opgelos is en wat veral gebruik word om kos teen bederf te bewaar, dus sterk soutwater.

Die Mnl. woord **pekkel** is moontlik genoem na Willem Beukelz (oorlede 1398). Hy was 'n Hollandse visserman aan wie die ontdekking van die pekkelproses toegedig word.

PEKING(SY)

'n Soort symateriaal wat gestreep is of gedrukte figure het as patroon. Frans **pékin** van **Pékin**: **Peking**. Peking is die vorige naam van die Sjinese hoofstad, Beijing, en is geleë suid van die Groot Muur in die noordoostelike deel van die land.

PERD

Buiteperd: (a) 'n perd wat aan die buitekant trek (b) 'n onbekende renperk met min kans om te wen (teenoor gunsteling)

Bulperd (fig.): gawe, flukse kêrel

Hansperd: orige of ekstra perd wat 'n ruiters op 'n lang rit soms saamneem en aan 'n langerige riem in die hand hou

Iemand vir 'n handperd (aan)hou: (a) haar/hom as 2e nooi/kerel aanhou (b) van iemand notisie neem net wanneer jy hom nodig het of kan gebruik.

As 'n mens **gou op jou perdjie is**, word jy gou kwaad. Dié gesegde is uit Oud-Nederlands oorgeërf en het te doen met die Middeleeuse ridder wie se perd vir hom onontbeerlik in die stryd was. Oorspronklik het dit daarop gedui dat jy vinnig op jou perd moes klim om 'n geveg te begin. Daar was nog twee ander uitdrukkings wat hiermee saamhang, naamlik

Van jou perdjie afklim: 'n minder aanmatigende toon aanslaan en meer toeskietlik wees, en

Oor jou perdjie getel wees: hoogmoedig wees omdat jy te veel geprys word. Sedert die Middeleeue is dit algemene uitdrukkings en kom steeds voor.

PÊRELS

Jou pêrels voor die swyne werp (gooi) (Matt. 7:6)

PERSKE

Sappige somervrug met donsige sagte skil en groterige harde skurwe pit (*Amygladus persica*). Ndl. **perzik** van Laat-Latyn **persica** van Latyn, meervoud van **persicum (malum)** – **Persiese appel** van **Persicus**: Persië.

Persië was 'n antieke land in die suidweste van Asië. Dit is in 1935 amptelik hernoem tot Iran.

PETOORS

In die uitroep van bewondering, waardering, goedkeuring by die een of ander prestasie, naamlik **Skote, Pretoors/Perdoors!** (met die spreekspelling) herken ons die van Pretorius.

Pretorius is die Latynse vertaling van **Schulze** of **Schout** wat beteken ‘dorpsregter’. Die stamvaders, Johannes en Dirk, kom onderskeidelik in 1666 en 1671 in die Kaap aan.

PETRUS

Petrus was dié apostel wat tydens Jesus se verhoor voor Pilatus ontken het dat hy 'n volgeling van Hom was (Matt. 26, Markus 14, Lukas 22, Joh. 18). Jesus het Petrus pas tevore gewaarsku dat hy Hom drie maal sal verloën voordat die haan kraai n.a.v. sy versekering dat hy Hom nooit in die steek sal laat nie. Toe Petrus dus vroeg die volgende oggend die haan hoor kraai net nadat hy wél drie maal ontken het dat hy Jesus ken, het hy uitgegaan en ‘bitterlik geween’. Hoewel Jesus Petrus vir sy lafhartige ontkenning vergewe het en hy later die leier van die kerk in Jerusalem en een van die aartsapostels geword het, sou dit steeds 'n sensitiewe punt gebly het. As ons iemand se gevoelens wil spaar, sê ons dus: **as Petrus by is, praat jy nie van die haan nie.**

PIERROT

Dit is die hanswors, grapmaker van die Franse toneel; 'n maskeradefiguur wat in 'n wit kostuum met puntmus of swart kappie geklee is. Dit is die Fr. verkleiningsvorm van die persoonsnaam **Pierre**, terwyl **pierrette** die vroulike vorm van **pierrot** is.

PIET

Piet is afkomstig van **Petrus** van Grieks **petros** wat beteken ‘rots’, 'n vertaling van Aramees **kephas** wat beteken ‘rots’. Jesus (wat Aramees gepraat het) het dié naam gegee aan Simon, seun van Jona, waarn hy bekend was as **Simon Petrus** (Mattheus 16:18).

Die mansnaam Piet kom in die volgende uitdrukkings voor:

Piet, Paul en Klaas: almal, Jan Rap en sy maat

Hy is 'n hele piet: hy is 'n groot meneer

So help my Piet: dit is die woorde van 'n grappige eef

Piet Verniet wil altyd graag iets verniet hê, terwyl **Piet Verdriet** gedurig loop en kla.

PINSBEK

Goudkleurige legering van koper en sink. Ndl. **pinsbek**, Fr. **peinchebec**, Hd. **pinscheback**, Eng. **pinchbeck**. Dit is genoem na Eng. uitvinder, **Christopher Pinchbek** (oorl. 1732) van Londen.

PLUIMPIE

As iemand 'n **pluimpie kry**, kry hy 'n komplement or word lof toegeswaai. Dit verwys letterlik na die handeling om 'n pluim/veer op jou hoed vas te steek, dus as sierraad. Die persoon wat in die outyd tot ridder geslaan is, mog 'n pluim/veer op sy helm dra.

PLUIS

In Nederlands beteken **pluis** om iets glad en netjies te maak, en in Afrikaans word dit nog s gebruik, bv. as 'n voël sy vere pluis of uitstryk. S het **alles is nie pluis nie** eers beteken dat alles nie netjies is nie, maar later die betekenis gekry van 'n agterdog dat daar iets verkeerd is.

POINSETTIA

Dit is die naam van 'n tropiese Amerikaanse struik, familie *Euphorbiaceae*, wat in die najaar kleurige blomme aan die punte van die uitloopsels kry; 'karlienblom'.

Dit is genoem na die Amerikaanse diplomaat in Mexiko, **J.R. Poinsett** (1799-1851) wat dit ontdek het.

POLKA

Soort dans, oorspronklik Boheemse volksdans met vinnige, springende bewegings in 2/4 maat. Ndl. van Frans van Tsjeggies van Pools **polka** – Poolse vrou: **pol** 'veld', naam van 'n gebied wat geassosieer word met Pole en **ka**, vroulike suffiks. Volgens oorlewering is dit in 1831 gedans deur 'n Boheemse meisie en in 1835 in Praag so genoem.

POLONAISE

Die musiek van die **polonys**; lg. is 'n matig vinnige dans van Poolse oorsprong in 3/4 maat. Van Frans van vroulik van **polonais** 'Pools' van M.E. Latyn **Polonia** 'Pole' van Pools **Polanaine** 'veldebewoners'.

POLONIUM

Radioaktiewe element van Latyn **Polonia** 'Pole', geboorteland van Marie Curie wat dit in 1898 ontdek het.

PONTIUS

Iemand stuur van Pontius na Pilatus klink Bybels – 'n mens kan dink dat dit na Jesus se verhoor verwys toe Hy van bakboord na stuurboord rondgestuur is omdat nie een van die destydse Romeinse leiers Hom kon of wou veroordeel nie. Pontius Pilatus is egter één mens, die Romeinse goewerneur van Israel. Die Nederlandse taalkundige, Jac. J van Ginneken, het toe egter op 'n verhaal uit die Middeleeue afgekom waarvolgens daar in een van die Nederlandse dorpieë twee sakemanne, Pontius en Pilatus, was. Hul twee winkels was regoor mekaar aan weerskante van die straat. As iemand nou iets by Pontius kom koop, en dié het dit nie, stuur hy hom na Pilatus toe oorkant die straat, gewoonlik om te vind dat Pilatus dit ook nie in voorraad het nie.

POPELIEN

Glanssy; 'n fyn, gladgeweepte, sagte systof met 'n hoë glans.

Mnl. **satijn** van Oud-Frans van Spaans **acetuni** van Arabies **zaytuni** van **Zaytun**, die Arabiese vorm van Sjinees **Tseutung**. Tseutung is die ou benaming van **Tsinkiang**, 'n stad in Suid-Sjina vanwaar dit die eerste keer uitgevoer is.

PORTWYN

Donker, Portugese wynsoort. Verkorting van **O Porto** (wyn) van Portugees **Oporto** – die hawestad. Oporto is 'n geïndustrialiseerde Portugese hawestad aan die Duorivier.

PROKRUSTESBED

Prokrustus was 'n legendariese Griekse reus en rower wat sy slagoffers vermink het deur hul bene af te kap en sodoende te verkort, of deur hul bene uit te rek en sodoende langer te maak sodat hulle op een van sy ysterbeddens kon pas. Die held Theseus het Prokrustus laat boet deur dieselfde met hom te doen.

Op die prokustesbed lê beteken (letterlik) om vermink te wees deur grofweg af te kap, te verkort of uit te rek; (figuurlik) om deur geweld eenvormigheid te probeer afdwing.

Q

QUENSELIET

Dit is die naam van 'n bepaalde gesteente.

Dit is genoem na die Sweedse mineraloog, **P.D. Quensel** (geb. 1881).

QUENSTEDIET

Dit is die naam van 'n bepaalde gesteente.

Dit is genoem na die Duitse mineraloog, **F.A. Quenstedt** (1809-1989). Hd. **quenstedtit**.

QUISLING

Dit is iemand in 'n leidende, politieke posisie wat met die besetter heul en sy land aan eg. uitlewer; ondermyner; verraaier.

Dit is genoem na **Vidkun Quisling** (1887-1945), die Noorse facisteleier wat gehelp het met die Duitse inval in Noorweë (1940) en in 1940 en 1942-1945 die poppeleier van die land geword het. N die oorlog is hy skuldig bevind aan hoogverraad en gefussileer.

R

RADBRAAK

'n Persoon geradbraak is se ledemate is op 'n rad gebreek. As jy vandag jou taal verknoei/skend vanweë swak taalgebruik, gebruik jy **geradbraakte taal**.

RAGLANPATROON

Dit is 'n patroon waarby die mou van 'n baadjie, jas of trui aan een stuk met die lyf gemaak is.

Dit is genoem van **Veldmaarskalk, Lord Raglan** (1788-1855), 'n Engelse generaal in die Krimoorlog.

RATEL

Dié dier (*Mellivora capensis*) is 'n vleiseter wat bekend is dat hy 'n groot uithou vermoë het en dat hy baie sterk is. Dit is omtrent so lank soos 'n mens se arm en verwant aan die otter en die muishond. Die ratel het baie sterk kloue waarmee hy kan grawe en stinkklieë wat as afweermiddel gebruik word. Sy dik vel wat soos 'n los rubberjas aan hom hang, beskerm hom teen enige vyandige tand, slag tand of angel. Hy sal enige indringer bestorm, selfs 'n groot bok of

'n buffel. Waar die ratel eers eenmaal vasgebyt het, verslap hy nie sy greep nie – en met hierdie taaiheid breek hy sy slagoffer of aanvaller se weerstand. In die Kalahari Gemsbok Nasionale Park word hierdie kalant dikwels opgemerk waar hy sy groot gebied deurkruis, waar hy grawe agter insekte aan en waar hy klein diertjies jag – soos die sandakkedis wat vinnig uitgegrawe en verorber word.

'n Eienaardige verhouding het ontwikkel tussen die ratel en die heuningvoëltjie. Indien die ratel in die omgewing is wanneer die heuningvoëltjie 'n reeks note fluit, sal eg. die voëltjie volg na die byenes. Daar breek hy die nes oop en albei sal dan kan feesvier met die heuningkoeke en die larwes. Sterk kloue waarmee die ratel grawe, asook onwelriekende reukklere dra by tot sy reputasie as 'n vreeslose jagter. Sy dik vel wat soos 'n los rubberjas aan hom hang, beskerm die ratel teen enige tand, slagtang of angel. Die ratel storm uit sy gat in die grond op enige indringer/vyande – selfs 'n groot bok of buffel. Waar die ratel eers eenmaal vasgebyt het, verslap hy nooit sy greep nie – totdat die slagoffer se weerstand afbreek.

So taai soos 'n ratel: dit verwys letterlik na die feit dat die ratel 'n gedugde vegter is wanneer hy vasgekeer word; figuurlik verwys dit na iemand wat baie taai is en groot uithou vermoë openbaar.

REP

Die Afrikaanse uitdrukking **in rep en roer** ('deurmekaar, in beweging, in opskudding') kom nog nie in Mnl. voor nie, maar wel in Ndl. waar in **rep en roeren** die oudste aangetekende vorm is.

Rep is afkomstig van die Mnl. ww. **reppen** 'aanraak, opper'. In Mnd. beteken **reppen** 'aanraak, beweeg; (die seile) hys, opper, opnuut te berde bring, jou haas'. **Roer** (wat op beweging dui) was in Mnl. **roer(e)** en het ook onder andere beteken 'beweging, opskudding'; dit hou ook verband met die Mnl. en Nieu-Nederlandse ww. **roeren**, Oud-Fries **hrera**, Angel-Saksies **hreran**.

RIDDER (s.nw.)

'n Ridder op 'n wit perd: 'n held.

Die woord **ridder** beteken oorspronklik 'ruiter', afgelei van werkwoord **rijden** 'om te ry'.

RIEM

Die idiomatiese uitdrukking: **iemand 'n riem onder die hart wees/steek**, wat beteken dat ons iemand bemoedig, is 'n verdraaiing van die Nederlandse **iemand een hart onder de riem steken**. Volgens een verklaring is dit ontleen aan die soldaatuitrusting waartoe 'n riem wat skuins oor die bors loop, behoort het. Aan hierdie riem (later die gordel om die middellyf), het die soldaat dan 'n ekstra hart (dit wil sê 'n hartvormige stuk leer waarin die swaard gesteek is), gedra in geval die een wat hy gebruik, stukkend sou raak. Daar is ook verder gedink dat die riem onder die hart moes sorg dat die soldaat se moed nie (af)sak nie! Onder **hart** kan daar ook verstaan word 'moed'.

Die tweede verklaring lui dat die oorspronklike uitdrukking uit die Nederlandse seemanstaal kom en dat dit beteken dat 'n hartvormige stuk hardhout ingelas is in die roeimik van 'n skuit waar die roerriem alreeds die hout weggeslyt het.

Die Afrikaanssprekende wat kwalik meer roerrieme geken het maar net osrieme, verdraai die volgorde van die Nederlandse uitdrukking.

As iemand **riemspring** (d.w.s. met 'n riem 'n pak slae kry), spring hy ook maar goed rond soos iemand wat in 'n kinderspeletjie met 'n riem spring om sy voetvaardigheid te toets.

ROEDE

Die **spitsroede** is, soos sy naam aandui, 'n roede wat op 'n lang dun punt uitloop. Dit was 'n militêre straf om 'n skuldige **deur die roede (te laat) gaan**, dit wil sê om met sy ontblote rug

tussen twee rye soldate deur te hardloop, terwyl hulle hom met spitsroedes gesel. In 'n figuurlike sin word 'n mens hierdeur sterk gekritiseer en verneder.

RÖNTGEN

Dit is die internasionale eenheid vir die meet van X-strale of gammabestraling.

Dit is genoem na die Duitse fisikus, **Wilhelm Conrad Röntgen** (1845-1923) wat in 1895 dié strale ontdek het. Hy het in 1901 die Nobelprys vir Fisika ontvang vir die ontdekking van X-strale.

ROOK

Volgens 'n volksgeloof staan daar rook bokant die kop van 'n leuenaar – as ons dus sê **die rook slaan by hom uit**, beteken dit dat ons nie glo wat die man sê nie.

ROSKAM

Die **roskam** (**ros** 'perd' en **kam**) is van yster en het rye fyn tandjies om 'n perd se hare mee skoon te kry. Indien ons vandag **iemand roskam**, betig/berispe ons hom ernstig of haal hom oor die kole.

RUBICON

Die Rubicon oorsteek/oortrek: 'n beslissende stap neem

C. Julius Caesar het in 49 v.C. met sy leër die **Rubicon**, die grensrivier van sy provinsie, oorgesteek en daarmee sy bevoegdhede oorskry.

RUITER

Hy is 'n ruiter te voet/'n sandruiter (sien *saal*)

RUTHERFORD

Dit is 'n eenheid van radioaktiwiteit (aktiwiteit van materiaal is die aantal disintegrasies/sekonde $1 \text{ rd} = 10^6 \text{ dis/sek.}$).

Dit is genoem na **Ernest Rutherford**, eerste **Baron Rutherford van Nelson** (1871-1937). Hy was 'n Britse fisikus wat in 1908 die Nobelprys vir Chemie ontvang het vir navorsing i.v.m. radioaktiwiteit. Sy navorsing het baie bygedra tot die kennis i.v.m. die struktuur van die atoom.

RYSWATER

Ryswater is 'n aftreksel van water in rys wat voorgeskryf is vir balhorige gevangenes.

S

SAAI

Wat jy saai, sal jy ook maai van Latyn **Ut sementem feceris, ita metes** (Cicero, *De Oratore* 2, 65, 261)

SAAL

Vandag beteken **iemand uit die saal lig** om iemand uit 'n posisie te kry en om dit self in te neem, om iemand te verslaan. By die Middeleeuse toernooie het die ridders mekaar tot 'n tweegeveg met swaarde uitgedaag. Die doel was nie om jou teenstander te dood nie, maar net om hom uit sy saal te lig en so van sy perd te laat val. Wanneer 'n ridder sy opponent met sy speer ('wapen met

'n sterk, plat ysterpunt aan 'n lang stok; lans; spies') uit die saal gelig het, maak hy dus die verloorder 'n **sandruiter** (vergelyk die uitdrukking: in die stof byt)

Twee ander gesegdes wat ook **saal** as trefwoord het, is:

Iemand in die saal help: iemand help om sy verlore posisie te herwin

Vas in die saal sit: die publiek se vertroude geniet.

SABBATSREIS

'n **Sabbatsreis** is die afstand van 2 000 treë wat die ou Israeliete op die Sabbat van hul wonings mog aflê.

Om 'n **sabbatsreis (te) onderneem**, is dus om 'n kort reisie te onderneem. As ons egter sê: **Dit is 'n hele sabbatsreis daarheen** beteken dit dat dit ver van hier is.

SADIS

Dit is iemand wat hom aan 'n sieklike neiging to wreedheid oorgee; iemand wat uit wellus ander pynig.

Dit is genoem na **Compte Donatien Alphonse Franois de Sade**, bekend as **Markies de Sade** (1740-1814), 'n Franse romanskrywer en libertyn. Sy ongeoorloofde, skandalige optrede het hom jarelange gevangenisstraf in die Bastille op die hals gehaal. Hy het later aan die Franse Rewolusie deelgeneem. Later is hy opgeneem in die Charentongestig, waar hy oorlede is. Sy romans, o.a. *Justine* (1791) en *Histoire de Juliet* (6 volumes in 1797) is bekend/berug vanweë hul onweloweglikheid.

SAK

Wanneer 'n mens **in sak en as sit**, is jy in rou/groot droefheid gedompel; dit is 'n verwysing na die Oosterse manier van rou (vgl. Jona 3:6 en Matt. 11:21). In Bybeltaal word die mens gelykgestel met stof en as vanweë sy nietigheid in vergelyking met die Almagtige. Vandaar dat die Israeliete as teken van rou of verootmoediging hul koppe met as (of stof) bestrooi; dan trek hulle ook 'n swart, harige sak aan sonder moue en alleen met mousgate in.

SAK, SAREL

Dit is 'n mooi teregwysing aan die grootprater. Hieraan hang 'n mooi volksverhaal. 'n Man se seun, Sarel, was 'n onverbeterlike grootprater. Sy pa het alles gedoen om hom dit af te leer. Op 'n goeie dag stap hy en sy pa 'n ent. Hy vertel dat hy maklik so hoog as die kerk kan spring. 'Sarel, vorentoe is 'n brug; elke grootprater wat daarvoor loop, breek sy been. Nou pasop, sak Sarel.' So 'n entjie verder sê Sarel hy sal darem oor 'n huis kan spring. Sy pa sê net: 'Sak, Sarel!' Naderhand kan hy maklik oor 'n doringdraadheining spring. Sy pa sê: 'Sak, Sarel!' En toe hulle by die brug is, sê Sarel benoud hy kan maar drie voet hoog spring.

Hierdie verhaal is moontlik 'n verwerking van 'n verhaal van Esopus wat soos volg lui:

Die grootbek-atleet

'n Sekere atleet is dikwels deur sy landgenote sleggesê oor sy swak prestasies. Maar toe gaan hy eendag oorsee en kom na 'n lang ruk weer terug. En toe spog hy en sê: 'Ek het goed geprester daar, onder andere in Rome eenmaal so ver gespring dat die Olimpiese kampioen nie daarby kon kom nie. Enigeen van die toeskouers daar sal dit kan bevestig, as hy hier te lande kom.'

Maar toe val een van sy toehoorders hom in die rede en sê: 'Maar wag, ou kêrel, as dit waar is, het jy nie getuies nodig nie. Hier is net so goed soos in Rome, spring maar!'

Die storie bewys dat woorde oortollig is by enigiets wat met die daad bewys kan word.

SALOT (ui)

Soort ui wat in trosse groei; groenteplant van dié uiesoort.

Van Frans **eschalote** van Vulêr-Latyn **escalonia** van Latyn **Ascalonia (caepa)** van **Askelon(-ui)** van **Ascalo** ‘Askelon’. Askelon is 'n Filistynse pleknaam van dié hawe in Suid-Palestina.

SARDIEN(TJIE)

'n **Sardien(tjie)** is 'n vissie van die haringsoort wat in die Middellandse See (Sardinië) en die Atlantiese Oseaan (Brittanje) hou en netjies verpak in blikkies bemark word (vandaar die uitdrukking **gepak soos sardiens/sardientjies**); effens groter vis wat in Suid-Afrikaanse waters aangetref word, ook genoem pelsers, sardyn. Oud-Nederlands **sardijn** van Oud-Frans **Sardine**, van Latyn **Sardina**, van Grieks **Sardinios** van **Sardo – Sardinië**. Sardinië is op een na die grootste eiland in die Middellandse See en is 'n selfregerende gebied van Italië met Cagliari as hoofstad.

SARDIS

Oranje of geel (melksteen).

Van Latyn **sarda**, moontlik 'n variant van Grieks **sardion** van **Sardios**. **Sardis/Sardios** was die naam van 'n antieke stad in die weste van Klein-Asië en die hoofstad van die Lidiese Ryk.

SATERDAG

Saterdag is die laaste dag van die week. Dit is 'n weergawe van die Latynse **Saturnus dies** (die dag van die god **Saturnus**) in die tyd toe die Romeinse weekname in 'n groot mate met inheemse Germaanse ekwiwalente vertaal is. Hierdie dagnaam is die enigste geval waar ons 'n (onvertaalde) Romeinse godenaam behou het. Saturnus was die beskermmer van die landbou en die vader van Jupiter (vergelyk Engels **Satur-day**).

As ons praat van **iemand wat laat Saterdaggaand klaargekom het**, verwys ons na 'n ou sukkelaar of na 'n persoon met min gawes bedeed.

As 'n mens vir 'n vrou sê: **Jou Saterdag is langer as jou Sondag**, wys jy haar daarop dat haar onderrok uithang.

SATYN

Glansy is 'n fyn, gladgeweeftde, sagte systof met 'n hoë glans. Mnl. **satijn** van Oud-Frans van Spaans **acetuni** van Arabies **zaytuni** van **Zaytun** – Arabiese vorm van Sjinees **Tseutung**. Tseutung is die ou benaming van **Tsinkiang**, 'n stad in Suid-Sjina vanwaar dit die eerste keer uitgevoer is.

So sag soos satyn: vergelyking vir baie sag

SAXOFOON

Dit is 'n (metaal)blaasinstrument van die klarinettipe.

Dit is genoem na die Belgiese musiekinstrumentmaker, **Adolphe Sax** (1814-1894), wat dit uitgevind het plus die Gr. **phone** ‘klank’. Sax het ook die **saxhoring** en die **saxtromba** gemaak.

SCYLLA

Scylla was 'n verskriklike seemonster wat op 'n gevaarlike rots aan die Italiaanse kant van die Straat van Messina gewoon het. Volgens legende was Scylla eers 'n pragtige nimf wat deur die godin Circe in 'n monster verander is. Terwyl Scylla geswem het in 'n poel water waarin Circe towerkruid gegooi het, het daar ses monsteragtige lang nekke met ses afskuwelike koppe uit

haar skouers gegroei. Aan die ander kant van die seestraat, regoor die rots van Scylla, het die ander seemonster **Charybdis**, onder 'n gevaarlike rots gewoon. Sy het die vorm van 'n vreesaanjaende draaikolk gehad wat skepe heel ingesluk het. Hierdie verraderlike seestraat is met reg gevrees deur die matrose.

Tussen Scylla en Charybdis wees: om tussen gevare te wees wat aan weerskante dreig

Van Scylla in Charybdis verval: om van die een gevaar in die ander te kom

SEËL

Hy druk sy seël daarop beteken hy bekragtig, bevestig iets of gee afdoende antwoord (op 'n argument). Hierdie uitdrukking is afkomstig van die ou gebruik om 'n seël wat in was gedruk is, aan 'n akte te heg/hang d.m.v. 'n lintjie of 'n strokie perkament. Toe die mense in die tweede helfte van die 16de eeu seëlpapier uitgevind het, het die papier-stempels in gebruik gekom.

SEPTEMBER

Dit kom van Latyn **September**, wat op die sewende maand na die begin van die jaar in Maart dui. Vergelyk Latyn **septem** en Italiaans **sette** wat albei 'sewe' beteken.

SIBARIET

Beteken (vandag) 'verwyfde, weeldeliewende persoon'.

Van Latyn **Sybarita** = inwoner van **Sibaris** van Grieks **Subarites** van **Subaris** ook gespel **Sibaris**. Sibaris is die naam van 'n antieke Griekse stad in Suid-Italië by die golf van Taranto; dit het in 720 v.C. ontstaan waarna dit 'n sentrum van buitensporige prag en praal geword het voor sy ondergang in 510 v.C.

SIËNIET

Grys kristal van veldspaat en horingblende. Van Latyn **Suenites (lapis)** 'gesteente van **Syene**' (waar dit die eerste keer ontgin is) van **Syrene** van Grieks **Suene**. Syrene is die naam van 'n ou Egiptiese stad waar siënië ontdek is.

SIEKE

Die uitdrukking **die sieke dra die gesonde**, is ontleen aan 'n verhaal van Esopus. Jakkals was op pad na sy nooi toe en wou graag op 'n galop by haar aankom. Hy oortuig toe vir Wolf (wat nog erg lyfseer was van 'n pak slae wat hy van Boer gekry het), dat hy wat Jakkals is, baie siek is en asseblief geabba moet word. Baie onwillig laat Wolf toe vir Jakkals op sy rug klim, terwyl die skelm in sy vuur lag want kyk net, die sieke dra die gesonde.

SIEKOMSA

Iemand sê nou onlangs: 'My kat se stertjie staan **siekomsa**' – d.w.s. sommer so alkant toe. Die Franse sê nog sy stert staan **comme ci comme ca**, d.w.s. só en só, en wys hulle met die hand.

SIËNNA

Bruingeel, natuurlike klei, gekleur deur yster en mangaan, wat gebruik word as pigment; die kleur self. **Terra-sienna** van Italiaans **terra di Sienna** 'grond van Sienna'. Sienna is 'n kultuurstad in Toskane, Sentraal-Italië.

SIKSPENS

Hy lyk soos 'n nuwe (blink) sikspens is 'n spreekwoord waaragter 'n pragtige spottery met grootdoenerigheid skuil. Die volksvertelling wil dat 'n baie ryk vryersklonk op 'n Saterdagand

gestewel en gespoor aankom by sy uitverkore nooi. Hy klop aan, sy maak oop en nooi hom binne. Dit was reëntyd. Eers hang hy sy reënjas aan die kapstok. ‘Hang daar, jou tien pond se jas,’ spog hy. Toe kom sy hoed aan die beurt: ‘Hang daar, jou vyf pond se hoed,’ hou hy aan met groot praat. Toe sy wandelstok met die mooi gedraaide silwerknop: ‘Staan daar, jou drie pond se kiere.’ Die nooi kyk hom sonder erg aan, en sê naderhand: ‘Sit daar, jou blink sikspens!’

SILHOEËT

Hierdie woord beteken ‘skadubeeld, -omtrek, -portret, die omtrek van 'n persoon of saak teen die lig gesien’.

Dit is vernoem na **Etienne de Silhouette** (1709-1767) met verwysing na sy kortstondige beroep (Maart-November 1759) as die Franse Kontroleur-Generaal. 'n Ander verklaring lui dat hy as Minister van Finansies in 1759 ter wille van spaarsaamheid 'n buitelynpotret verorden het.

SIMONIE

Dit is die koop of verkoop vir geld of geldwaarde van iets suiwer geesteliks. Van Oud-Frans van Laat-Latyn **simonia** van **Simon Magus**, 'n Samaritaanse towenaar wat vir die apostels Petrus en Johannes geld aangebied het in ruil vir die mag om die Heilige Gees op enigeen wat hy begeer het, uit te stort (Hand. 8:18-19).

SIRENE (eienaam)

Aanvanklik is 'n sirene voorgestel as 'n voël met die kop van 'n vrou. Die Sirenes het die pragtigste stemme gehad waarmee hulle enige verbyvaarder probeer naderlok het. Hierdie vreemde wesens – half vrou, half voël – het hulle slagoffers summier gedood en niemand kon uit hul houvas ontsnap nie. Eers later is hulle beskryf as verleidelike meerminne (pragtige vroue met die onderlyf van 'n vis) wat seevaarders gelok het na hul strande.

SISAL

Vesels van Amerikaanse garingboom; aalwyn met skerp blare vol dorings. Van Mexikaanse Spaans **Sisal**, 'n dorp in Yscatn, Mexiko.

SJAMPANJE

Bepaalde soort bruiswyn, vonkelwyn. Frans **Champagne**, die plek waar dit die eerste keer geproduseer is. Van Laat-Latyn **campania** van Latyn van **Campania** – **Campagna**, provinsie in Sentraal-Indië van **campus** – ‘gelyk wêreld’.

SJANTOENG

Eenvoudige weefstof gekenmerk deur 'n enigszins onreëlmatige oppervlak a.g.v. growwe plekke in die weefsy of garing. Dit is afgelei van **Shantung**, 'n provinsie in die ooste van Sjina, insluitend die **Sjantung-skiereiland** in die suide en die Golf van Po Hai in die noorde.

SJERRIE

Wit wynsoort uit Xeres met 14-22% alkohol; ander namaaksels uit ander lande. Vroeër sjerries ‘wyn van **Jerez**’ van **Xeres**, ouer vorm van **Jerez (de la Frontera)**, 'n stad in die suidweste van Spanje.

SKADUWEE

Iemand soos 'n skaduwee volg. Van Latyn: **Quasi umbra persequi** (Plautus, *Casina* I, I, 4(92)).

SKANDPAAL

Misdadigers is vroeër aan 'n **skandpaal** ten toon gestel.

As ons **iets aan die skandpaal nael**, ontmasker ons iets skandeliks.

SKIET

Te kort skiet beteken: 'nie genoeg (krag) hê nie, nie uitkom nie; die doel nie bereik nie, nie aan (gekosterde) verwagtinge of behoeftes voldoen of beantwoord nie, nie opgewasse wees nie, nie iemand se pligte behoorlik vul nie; nie voldoende wees nie'.

Eintlik is hierdie segswyse ontleen aan die skietkuns en beteken letterlik dat daar nie ver genoeg geskiet is nie; die koeël val dus ver duskant die teiken.

SKILD

Iets in die skild voer beteken om geheime planne of oogmerke te hê. Die skild verwys na 'n plat, enigsins geboë verdedigingswapen van 'n harde of taai stof tot beskerming in die stryd. Op die skild van elke ridder was sy geslagswapen of te wel heraldiese wapen (wat daarop aangebring is deur 'n **skilder**, oorsponklik die skildemaker en later die persoon wat die wapens skilder). Die wapen toon duidelik aan wat sy leuse is, d.w.s. wat hy hom ten doel stel, en ook aan watter party of familie hy behoort. Dit was die gewoonte dat die ridder wat aan 'n toernooi deelneem, sy naam geheim hou. Slegs die beoordelaars weet wie hy is en hulle verleen hom verlot om sy wapen met 'n swart doek te bedek.

SKIP

Die uitdrukking **jou skepe agter jou verbrand** verwys daarna om 'n onherroeplike stap te doen, en om jouself die geleentheid om terug te keer, ontnem. In die geskiedenis word meermale gewag gemaak van die verbrand van die skepe waarmee die veroweraars geland het. Dit is ontleen o.a. die vroue van Troje wat hul skepe verbrand het toe hulle op Sicilië geland het

SKITTER

Skitter in hul afwesigheid: van Latyn **Praefulgebant, quod non videbantur** (Tacitus)

SKOONSKIP

Figuurlik gesproke beteken die uitdrukking **skoonskip maak** 'om alles te verkoop/verwyder; almal te oorwin/baasraak; al die pryse in 'n mededinging weg te dra'. Dit is afkomstig van die Nederlands **schoon schip maken**.

SKRAPNEL

Dit is 'n langwerpige, hol projektiel wat behalwe 'n springlading ook 'n aantal koeëls bevat; granaatkartets; veral bekend sedert die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902). Ndl. **shrapnel/shrapnel** van Eng. **shrapnel**.

Dit is genoem na die Britse **genl. Henry Shrapnel** (1761-1842) wat dit in 1803 uitgevind het.

SLAAF

'n **Slaaf** is iemand wat die eiendom van 'n ander is; sonder vergoeding vir hom werk, en wat geen persoonlike regte het nie, 'n lyfeiene, onvrye. Mnl. **slave**, alg. Wes-Germaans van M.-Latyn **sclavus**: 'verkoopte slaaf'. Dit is eintlik die persoonsnaam, nl. '(verkoopte) Slawiër' wat soortnaam geword het. Die Slawiërs is verkneg en verslaaf a.g.v. die verowering deur ander volke.

Slaafs is ‘soos 'n slaaf, onderworpen; onselfstandig, gedwee’ soos gesien in die uitdrukking **iemand slaafs navolg, slaafs vasklou aan ou norme** en **'n slaafse** (te letterlike) **vertaling**.

SLAG

Die idiomatiese uitdrukking **sonder slag of stoot** beteken ‘sonder die minste teenstand’. Letterlik beteken dit: ‘sonder dat die ridder één slag (Ndl. **slag**: ‘doodslag, doodsteek’) met sy swaard of een steek (Ndl. **stoot**) met sy lans hoef te gee. Die wapens val alle deelnemers aan die toernooi is voor die tyd stompgemaak; sodoende kon geen ernstige beserings veroorsaak word nie. Die beoordelaars moes voor die toernooi seker maak dat dit wel gedoen is.

SLAGPEN

Groot veer uit 'n vlerk, slagveer.

Iemand se slagpenne uittrek: hom van sy kragte beroof.

SLANG

Van oudsher staan die slang in die geskiedenis van die mens se geestelike en godsdienstige ontwikkeling. Sy eienaardige bewegings het aan die slang sy naam besorg in ons taalgroep: slang – slingerende/kronkelend voortkruip, in bogte beweeg.

'n Regte slang in die gras: daar skuil gevaar, die omstandighede lyk verdag

'n Slang aan jou boesem koester: 'n skurk met weldade oorlaai

Was dit 'n slang, dan het hy jou lankal gebyt: gesê teen iemand wat vlak by 'n voorwerp is wat hy soek, sonder om dit te sien

SLEEPTOU

Iemand aan die sleeptou hê/hou/laat bly beteken ‘om iemand aan die lyntjie te hou en hom nie vryheid van beweging toe te laat nie’. Dieselfde betekenis word geheg aan die Nederlandse uitdrukking: **iemand op sleeptouw houden**. In Afrikaans het die suggestiwiteit van **sleeptou** in die voorstelling verskuif van die seevaart na die gebied van die vervoerberyf. In Afrikaans kom daar nog 'n uitdrukking voor, nl. **iemand op sleeptou neem**; dit beteken ‘iemand vooruithelp’.

SLIMJAN/SLIMKOOS

'n **Slimjan** of **Slimkoos** is iemand wat alles beter wil weet as 'n ander persoon en wat vir alles 'n onmiddellike oplossing het.

SLOOT

Daar word vertel dat die Boere selfs op kommando die nuwe dag begin het met Skriflesing, gebed en sang. Een belangrike oggend het die leier die slotgesang aangegee: ‘Ag, Heer, waar dan heen?’, toe val die eerste vyandelike bomme tussen hulle. Benoud roep iemand uit: ‘**Slote toe, Boere, slote toe!**’ (ook: ‘Gate toe, gate toe’). Vandag word dit gesê om 'n mens ligweg met grap en kwinkslag oor 'n erge toestand heen te help.

SMELTKROES

'n **Smeltkroes** is 'n vuurvaste kroes, houer vir die smelt van metale met hoë smeltpunte of figuurlik omstandighede wat deur beproewing 'n suiwerende invloed het.

In/deur die smeltkroes gaan of **iets op die smeltkroes werp** beteken om op 'n swaar, moeilike proef gestel te word of gelouter te word.

SMITHSONIET

Dit is 'n soort glasagtige, wit, groen of blou ruithoekige sinkkarbonaat.

Dit is genoem na die Britse chemikus en mineraloog, **James Smithson** (1765-1829), wie se oorspronklike naam **James Lewis Macie** was. Hy was die buite-egtelike kind van sir Hugh Smithson en Elizabeth Macie; sy nalatenskap is gebruik vir die stigting (1846) en instandhouding van die **Smithsonian Institute** (V.S.A.)

SMOUS

As s.nw. dui dit op 'n rondreisende kleinhandelaar wat goedere al reisende vent/(ver)koop (ww.) Ndl. **smous** (sedert die tweede helfte van die 17de eeu), vroeër ook **smaus**, selfs **maus**, Hd. **Schmaus**, na bewering van **Mausch(I)**, 'n Joodse koopman, van **Moseh** (ontwikkel ongeveer: **Moses** na **Jood** na **marskramer**); hierby Ndl. ww. **smousen** 'bedrieg' (waaruit Eng. 19e eeu **smouch** 'oneerlik verkry'). Heelwat etimologiese onsekerhede bly nog onopgelos.

SODOM EN GOMORRA

Tipeer plekke waar die mense uiters goddeloos optree en dus onder uiteindelijke goddelike oordeel is (Gen. 13:10, Judas 7). **Sodomiet**: in Bybelse terme 'n manlike kultusprostituut (1 Kon. 14:24, 15:12, 22:46, 1 Kon. 23:7), maar dit verwys méér dikwels na 'n homoseksuele man in die algemeen. Die manlike inwoners van **Sodom** wou met alle geweld seksueel verkeer met die mans (engele) wat by Lot gekuier het en het geensins belang gestel in sy dogters nie (Gen. 19:4-11).

SOLFERINO

'n Purperkleurige rooi. Dié kleurstof is, net soos magenta, ontdek in 1859, die jaar waartydens die slag van **Solferino** plaasgevind het. Solferino is 'n plek in Italië.

SONDAG

Sondag is die eerste dag van die nuwe week, die Sabbatdag. In die derde eeu n.C. is Sondag vertaal uit Latyn **dies Solis** ('dag van die Son'). In die kerktaal is die woord in die vierde eeu n.C. vervang deur **dies Domenica** (wat ons nog vind in Frans **Dimanche** en Italiaans **Domenica**). Die Germaanse taalfamilie het egter die oorspronklike heidense naam behou, hoewel in vertaalde vorm.

Die bygeloof het vroeër bestaan dat Sondag 'n geluksdag is en dat 'n kind wat op Sondag gebore word, voorspoedig en gelukkig sal wees (vgl. **hy is 'n Sondagskind**: hy is 'n gelukskind). In die outyd het die bygeloof bestaan dat 'n Sondagskind die 'tweede gesig' het, m.a.w. dat hy geeste kon sien en dat hy gebeurtenisse vooruit kon sien. Ons kry ook die volgende uitdrukkings met **Sondag** as kernwoord in Afrikaans, naamlik:

Dis nie elke dag Sondag nie: 'n mens kan nie elke dag rus nie

Sondag is langer as Maandag: die onderrok hang uit

SONDEBOK

Die **sondebok** was die bok wat deur die Israeliete op die Groot Versoeningsdag sinnebeeldig met die sonde van die volk belaaie en die woestyn ingejaag is. Twee bokke word geneem en die lot word dan oor hulle gewerp. Een bok is as sondeoffer berei en die lewendige bok is deur 'n man wat gereed staan, na die woestyn gestuur: 'So moet die bok dan op hom al jul (die Israeliete) se ongeregthede na die woeste land wegdra; en hy (die man) moet die bok in die woestyn los.' (Levitikus 16:22). As daar dus na iemand verwys word as 'n **sondebok**, is hy iemand wat vir alles die skuld kry.

SORGHUM

Grassoort. Nieu-Latyn van Italiaans **sorgo** van Vulgêr-Latyn **syricum (granum)** (onbevestigd) – Siriese (graan) van Latyn **Syricum** – **Sirië**.

SPANJOEL

Hondesoort. Oud-Frans **sepiagnol** ‘Spaans’ van Vulgêr-Latyn **spaniolus** van **Hispana** ‘Spanje’.

SPARTA

Sparta was die belangrikste stad in Suid-Griekeland en geleë op die Griekse Skiereiland Peloponnesos. Dit was 'n militêre staat met staatsopvoeding vir die kinders en militêre dienspelig vir die mans. Die heersende klasse het nie gewerk nie, maar hulle uitsluitlik vir oorlogvoering bekwaam. Sparta is in 375 n.C. deur Alarik en sy Gote verwoes. Selfs vandag nog word gepraat van 'n **Spartaanse opvoeding** wanneer verwys word na 'n uiters streng metode van opvoeding. 'n **Spartaan** is 'n dapper, geharde persoon; **spartaans** beteken dapper en gehard, afkerig van weelde.

SPEK

Iemand wat **skiet (met) spek (spek skiet)** lieg of oordryf baie. Oorspronklik het dit verwys na brandstiging op 'n vyandige skip d.m.v. 'n van spek voorsiene brandkoeël wat afgeskiet word na die dek van die ander skip. Daar het 'n hele betekenisontwikkeling plaasgevind: van bg. betekenis van ‘geweldig skade berokken’ van ‘met grofgeskut toetakel’ (vergelyk grofgeskut) van lieg, oordryf

SPINET

Dit is 'n snaarinstrument in tafelvorm wat met toetse bespeel is en die voorloper van die klavier was. Van It. **spinetta** van L. **spina** ‘doring’; of anders is dit genoem na die uitvinder, **Giovanni Spinetti**, die Venesiaanse spinetmaker (ongeveer 1503).

SPIT

Die spit afbyt beteken om die moeilikste of gevaarlikste werk te moet verrig, die vuil werk doen. In Afrikaans het die eintlike woord wat hier sou pas, nl. **spits** (die punt van 'n gevelde lans, swaard of degen), verander na **spit**. Oorspronklik is die gesegde gebruik om te verwys na die vegtendes. Wanneer die vyand die spits uitsteek om aan te val, was daar diegene van die teenparty wat moedig die dodelike, skerp punte tegemoet geloop het en sodoende verwarring gesaai het onder die vyand want so is die werking van die spere (tydelik) onderbreek. Die vegters wat op die hakke van daardie dappere voorste linie volg, kry dan nie soveel teenstand nie en hulle kan oorgaan tot die aanval. Die voorste soldate het as 't ware die skerp van die wapens ‘afgebyt’. 'n Ander uitdrukking wat hiermee saamhang, is **om 'n saak tot die spits te dryf**, d.w.s. ‘iets tot die hoogtepunt te voer’. Dit beteken eintlik: ‘die deurdryf totdat die saak met die spits van die wapen beslis word,’ d.w.s. ‘deurgaan met iets tot die alleruiterste’.

SPITSROEDE

Die spitsroede is soos sy naam aandui, ‘n roede wat op 'n lang dus punt uitloop. Dit was 'n militêre straf om 'n skuldige deur die roede (te laat) gaan, dit wil sê om met sy ontblote rug tussen twee rye soldate deur te hardloop, terwyl hulle hom met spitsroedes gesel. In figuurlike sin word 'n mens hierdeur sterk gekritiseer en verneder.

SPOOR

Die spoor byster raak: verdwaal wees, ook geestelik of moreel

Hy het sy spore verdien: hy het bewyse van bekwaamheid en geskiktheid gelewer, presteer. Hierdie idiomatiese gesegde is ook ontleen aan die riddertydperk. Die woord **spoor** verwys na die prikkel aan die skoen van 'n ruiter. Hierdie spore was deel van die versiering van 'n eertydse ridder of edelman, en iets waarop hulle baie trots was. Die spore (eintlik die regterspoor) is aan diegene toegeken wat genoegsame bewys gelewer het van hul dapperheid en behendigheid, en slegs daardie persone is tot ridders geslaan.

SPIUGATE

Dit loop die spuigate uit beteken 'dit is te erg!' **Spuigat** hou verband met **skuiwergat** wat verwys na die ronde gat aan die kant van 'n skeepsdek om water buite die skeepsboord te laat wegloop.

SPRAK (imperfektum van **spreek**)

Sprak is 'n imperfektum van 'spreek'. In die uitdrukking **hy sprak geen sprook** beteken dit hy het geen woord gesê of te sê gehad nie.

STAPEL

Die **stapel** in die uitdrukking **goed van stapel stuur/loop** is die plek/stelling waar 'n skip gebou word. Die figuurlike betekenis van die uitdrukking is dat dit goed afgeloop het. Dit word eintlik gesê van 'n skip wat van die stapel of plek af waarop dit gerus/gelê het in die skeepsbouwerf gedurende die aanbou of herstel daarvan, 'n gladde en suksesvolle tewaterlating het. Dit verwys figuurlik gesproke na die sukses waarmee iets/'n onderneming begin word. (Mnl. **stapel**: 'stut, fondament, suil, stapel'; Ohd. **staffal**; OS **stapal**, AS **stapol** = 'verhewenheid, basis, steunsel'.)

STEEN

Iemand wat **steen en been kla**, is iemand wat geweldig baie kla. Die Germane het hul leed by heilige stene bekla en daarby gesweer; in die Christendom het hulle dit gedoen by die graf van 'n heilige of by die voet van 'n altaar of beeld. In navolging van die uitdrukking **steen en been sweer**, d.w.s. sweer by al wat heilig is, ontwikkel later die uitdrukking: **steen en been kla**.

STEENWERP/-WORP

Dit is die afstand sover as met 'n steen (klip) gegooi kan word; 'n klein afstandjie. Die uitdrukking **verder as 'n steenworp en nader as 'n sabbatsreis** beteken dus nie juis ver nie (vgl. *sabbatsreis*).

STEG

'n **Steg** is o.a. 'n leertjie, trappie of stel leertjies of trappies om oor 'n muur of 'n draad- of ander heining te klim. **Oor heg en steg** beteken 'oral heen'.

STENGEWEER

Dit is 'n ligte masjiengeweer wat 550 skote per minuut afvuur.

Dit is afkomstig van Engels **sten**, 'n naam gemaak uit die beginletter in die name van die ontwerpers en van die land van vervaardiging: **Maj. Sheppard** (leëroffisier) en **mnr. Turpin** (amptenaar), albei van Brittanje in die huidige eeu, en **ENgeland**.

STENTOR

Stentor was 'n Griekse herout (aankondiger) voor Troje. Hy het 'n baie swaar en deurdringende stem gehad en kon glo harder skreeu as vyftig manne saam (dit is seker waarom hy gekies is as herout!) Grieks **Stentor** van **stenein**, wat beteken om te kerm en te kla.

Iemand met 'n **stentorstem** het 'n baie sterk, deurdringende stem.

STERTVEER

Iemand se stertveer uitpluk (vgl. *slagpen*).

STOF

Die uitdrukking **in die stof byt** beteken: 'val, sneuvel'. Dit is ontleen aan die steekspel. Die verloorder val met sy neus in die stof (sand). In die Middeleeue is die grasveld waar die toernooi gehou sou word, met sand bedek. Die Ndl. uitdrukking het **sand** in plaas van Afrikaans se **stof**. **Het Zand** was byvoorbeeld die ou naam van die Grote Mark in Haarlem waar daar vroeër gereeld steekspele/toernooie gehou is.

'n Uitdrukking wat met bg. saamhang, is: **iemand sand in die oë strooi**, d.w.s. iemand bedrieg of mislei. Een verklaring daarvoor is dat die teenstanders tydens 'n stoeigeveg in die outyd werklik sand in mekaar se oë gestrooi het om mekaar sodoende te verblind.

STOK

Kinders het vroeër jare dikwels graag 'n speletjie genaamd pou-pou net na sonder gespeel, veral met 'n outjie wat lastig en snaaks was bedags. Die een wat die meeste vies vir hom is, haal hom oor om saam te speel. Jy vat dan 'n lang riet of stok, trek sy punt deeglik deur mis of iets sterkers. Nou is jy die pou met die lang stert. Die ander outjie word oorreed om die pou aan die stert te vang, wat 'n mens maklik regkry. Maar dan word die stert vinnig deur sy hand geruk. Sy hande en gesig is dan deeglik besmeer met wat jy ookal aan die stok gesmeer het. En s ontstaan die spreekwoord: **Jy het die stok aan die verkeerde punt/end beet**.

STREEPSUIKER

In die uitdrukking **streepsuiker kry** word gesinspeel op die outydse lekkergoed, soos 'n gedraaide stok met allerhande kleure in. Nou kry jy strepe met 'n stok, oftewel 'n pak slae. En dink net: 'n *pak* slae, asof dit klere is.

STRONSIUM

Wit-geel metaal, effens harder as lood.

Dit is ontdek in **Strontium**, 'n myndorp in Argyllshire, Skotland.

STROOMOP

Daar word vertel van 'n bejaarde man wat bly sit het met 'n versuurde dogter wat nooit getrou het nie. Uit verydeling het sy naderhand met alles en almal dwarsgetrek. Sy was somer net weerbarstig. Op 'n dag sê haar vader moedeloos: 'My kind, as jy eendag in die rivier val en verdrink, moet hulle jou **stroomop** soek!'

STROP

Die **strop** is die tou met 'n oog aan sy een punt waardeur die ander punt gestee word om veroordeeldes op te hang. As 'n kind goddeloos opgroei, word hy **vir die strop groot**. 'n Pasgetroude is kamstig in die moeilikheid omdat hy nou **die strop om die nek kry**. Die uitdrukking: **onder die strop deurloop** beteken om afgeransel te word.

STRYDBYL

Die **strydbyl** is 'n byl wat in die oorlog as wapen gebruik word, bv. deur die Amerikaanse Indiane. As jy vrede sluit, word **die strydbyl begrawe** en wanneer die stryd weer begin, word **die strydbyl weer opgegrawe**.

STRYK

Daar bestaan 'n hele paar idiomatiese uitdrukkinge met **stryk** as trefwoord. Dit is interessant om daarop te let dat die Nederlandse **streek** in Afrikaans 'n klankverandering ondergaan het waar dit in lg. taal in die ooreenstemmende vaste uitdrukkinge gebruik word en in al die gevalle word die vorm **stryk** gebruik. Die Nederlandse uitdrukking **van streek zijn/raken** het sy Afrikaanse ekwivalent, nl. **van stryk/streek wees/raak**. Onder die Nederlandse **streek** word verstaan elk van die 32 deeltjies van die wind-/kompasroos; die kompasroos is 'n kaartblad waarop die 32 windstreke aangedui/getrek is. Vandaar dat **streek**, later **stryk** in Afrikaans, die betekenis aanneem van 'rigting/koers'. Vergelyk in hierdie verband **regstreeks** wat beteken 'reguit, langs die kortste weg, sonder oponthoud'. Indien 'n mens **die rigting/streek kwyt raak** voordat die kompas weg van die pen is, is jy **van streek/stryk**, d.w.s. 'uit die koers', oordragtelik gesproke 'in die war'. Daarenteen kan jy weer **op stryk kom** en dan gaan dit 'voor die wind'! Die volgende uitdrukkinge wat hierop betrekking het, kom ook algemeen voor:

Een stryk/streek deur: 'sonder ophou'

Nog stryk hou: 'nog aanhou'

Hulle kan nie met mekaar stryk nie, d.w.s. 'nie klaarkom nie'

Dit gaan nog maar die ou stryk, d.w.s. 'soos altyd'

Dit wil nie stryk nie; 'dit gaan nie goed nie'.

STUURMAN/STUURLUI

Die beste stuurman/stuurlui staan aan wal: hierdie idiomatiese uitdrukking wat aan die seelewe ontleen is, beteken 'dit is maklik om ander te kritiseer as jy jou nie in hul posisie bevind nie'. Die **stuurman** is die skeepsoffisier belas met die stuur van die skip en hy is die eerste offisier in rang onder die skeepskaptein. Hierdie uitdrukking is seemanstaal vir die raad wat daar van die hawehoof af gegee word by 'n moeilike landing.

SUÈDE

Sweedse leer. Frans (**gants de**) **suède** (handskoene uit) 'Swede'.

SWAAP (eienaam)

Domoor, onhandige, onnosele mens. Dit verwys aanvanklik na iemand afkomstig van Schwabe, 'n streek in Duitsland

SWAAN

Iemand se **swanesang** is sy laaste poging, die laaste gedig of komposisie van 'n ontslapte digter of komponis; dit kan ook verwys na die gehuil van 'n kind. Volgens oorlewering sing 'n swaan wanneer hy voel hy gaan sterwe. Die volksgeloof het betrekking op die wilde swaan (ook bekend as die 'huilswaan') wat in die winter uit die noorde kom en pragtig sing, selfs al is dit nie vlak voor sy dood nie. Sy Latynse naam is dan ook *cycnus musicus*: 'die musikale swaan'. Hierdie swaan was reeds aan die Grieke bekend en is opgedra aan Apollo, die Griekse god van musiek.

SWAARD (s.nw.)

Die swaard van Damocles. **Damocles** was 'n howeling van die tiran Syracuse, Dionysius I. Aangesien Damocles die vors geweldig beny het, het lg. 'n swaard tydens 'n feesmaal aan 'n perdehaar bo die koppe van sy gaste laat hang om te bewys dat die vorstelike grootheid nie onvermengde geluk inhou nie. (Cicero, *Tusc. Disp.* V, 21, 6)

SWAELTJIE

Een swaeltjie maak nie die somer nie, of een goeie teken is nie deurslaggewend nie. Aristoteles het hierdie uitdrukking die eerste keer gebruik. Reeds in Antieke Egipte, Griekeland en China is die swaeltjie met die koms van die lente geassosieer. Die gekwetter van die swaeltjie het die Grieke herinner aan die verhaal uit hul mitologie: Tereus wat getroud was met Procne, raak verlief op haar sus Philomela. Omdat hy bang was dat Philomela vir sy vrou van sy ontrouheid kon vertel, sny hy haar tong uit. Die gode verander dié drie toe in voëls. Tereus is van daardie dag af 'n hoep-hoep, Philomela 'n nagtegaal en Procne 'n swaeltjie. Van toe af maak die swaeltjie slegs onverstaanbare geluidjies.

T

TAFEL

Die tafel is gedek beteken in die Kaap dat die wit wolk oor Tafelberg hang. Verbyvarende seevolk aan die Kaap langs het reeds lank dié wolk of kombes oor Tafelberg leer ken en uit ervaring geweet dat dit 'n woeste windstorm voorspel. Die spreekwoord was dus eintlik 'n waarskuwing van gevaar. Die belangwekkende is egter dat dié gesegde reeds in die mond van Hollandse matrose vorm gekry het voor die stigting van die Kaap. Met die volksplanting het ons eie goed teruggekom na die land waaruit dit gebore is. Die meeste mense weet waarskynlik dat dié tafeldoek of kombes toegeskryf word aan die woeste ou Hollandse matroos, Van Donk, wat 'n rookwedstryd aangeknoop het met die duiwel. Die twee ouens het so sterk twak geproe dat die wolk toe ontstaan het.

TAMARINDE

Tropiese boom uit Afrika, Asië en Amerika, met bruinrooi blomme en lang peule waarvan die vrugte as lakseermiddel gebruik word; tamaryn; geneesmiddel; hout van die boom; suurdadelboom (*Tamarindus indica*). Ndl. via Spaans, Portugees, Italiaans van M.E. Latyn **tamarindus** van Arabies **tamr hindi** 'Indiese dadel': **tamr** 'dadel' en **hindi** 'van Indië' van Persies **Hind** 'Indië'.

TAMBOEKIEDORING

Dit is die naam van 'n soort wag-'n-bietjie (*Erythina scanthocarpa*) van die oostelike Kaap, met mooi blomme. Die naam is afkomstig van Xhosa **Themboe**, naam van dié swart stam van die Oos-Kaap.

TANTALUS

Tantalus, die koning van Lidië, was 'n groot vriend van die Griekse gode. Maar nadat hy hoogmoedig daaromtrent geraak het, van hul goedheid misbruik gemaak het en later ook sy seun Pelops geslag en aan hulle probeer voorsit het, is hy vir sy dade gestraf. Hy is in die diepte van die onderwêreld, na Tartarus, verban en moes daar in die middel van 'n poel tot by sy ken in die water staan. Nietemin het hy aan 'n onuitstaanbare dors gely, want sodra hy vooroor gebuig het

om van die water te drink, het dit skielik verdwyn en was daar net droë grond onder sy voete. Net so het hy aan 'n ewigdurende honger gely. Rondom die poel was daar bome en aan hul takke het die heerlikste vrugte net bokant sy kop gehang: pere, granate, blink appels, soet vye en weelderige olywe. Maar sodra hy sy hand uitsteek om daarvan te pluk, het 'n skielike windvlaag hulle hoog laat opswaai, heeltemal buite sy bereik. En om alles te kroon, het daar bo hom ook nog 'n geweldige rotsblok gehang wat gedurig gedreig het om te val en om hom te verpletter. So is Tantalus se hoogmoed swaar gestraf deur die gode.

Tantalus beteken in Grieks 'draer van lyding/swaarkry'

'n **Tantaluskwelling**: 'n kwelling om 'n onverkrygbare iets wat in die onmiddellike nabyheid is

TAPYT

Wanneer iets ter sprake gebring word, word die uitdrukking **hy bring iets op die tapyt** gebruik. Die tapyt is waarskynlik 'n verwysing na die vloerkleed voor die regterstoel. Dit verwys egter eerder na die groen lakenkleed (**tapyt** van Frans **tapis**) wat gedurende 'n vergadering oor die tafel gelê het en wanneer iets ter sprake kom (dus **ter tafel gelê word**), word dit 'op die tapyt gebring'. In die Middeleeue beteken die uitdrukking: **in de tafel comen** 'voor die gereg kom'. Dit is dus moontlik dat dié uitdrukking 'n regsterm is en eintlik verwys na 'voor die gereg bring'.

TARANTELLA

Lewendige, opgewonde Neopolitaanse volksdans uitgevoer onder begeleiding van 'n tamboeryn, en oorspronklik beskou as middel teen die byt van die **tarantula**; die musiek wat by hierdie dans pas. Die tarantula is 'n giftige jagspinnekop in Italië, *Harpactrica*, *Ceratogyrus*, wat algemeen voorkom in die omgewing van **Tranato**, Suid-Italië.

Tarantisme is 'n senuandoening gekenmerk deur swarmoedigheid, gevoelloosheid en 'n onbeheersde drang tot dans wat veral tussen die 15de en 17de eeu epidemies was in Suid-Italië. Hierdie siektetoestand is gewyt aan die byt van 'n tarantula wat slegs deur die regte soort dans en musiek genees kan word. Taranto is 'n nywerheidstad in Suid-Italië by die **Golf van Taranto**.

TEDDIEBEER

Dit is 'n wollerige beertjie in allerhande groottes wat as speelgoed dien; speel(goed)beertjie. Van Eng. **Teddy bear**, so genoem na pres. **Theodore (Teddy) Roosevelt** met grappige verwysing na 'n spotprent waar/dat hy die lewe van 'n klein beertjie tydens 'n jagtog gespaar het.

TEERLING

Die teerling is gewerp! beteken 'die besluit is onherroeplik geneem en die saak is beslis'. Die woord **teerling** kom van Ofra. **terne**: 'worp' van Lat. **quaternio**: 'dobbelsteen'. Julius Caesar het, toe hy met sy leër teruggekom het uit Gallië, die Rubicon-riviertjie oorgesteek en weer Romeinse gebied binnegetrek het, gesê: '**Alea iuxta est**'. As dit vertaal word, lui dit: 'die teerling is gewerp'.

TITAN

Die **Titane** was lede van 'n geslag reuse en die kinders van Uranus en Gaia/Ge. Hulle was die eerste gode wie se heerskappy omvergewerp en deur die Olimpiese gode opgevolg is. Die Titane is in Griekeland vereer as die voorouers van die mense. Die woord is afkomstig van Grieks **Titan** van **tito** 'dag, son' van 'n bron in Klein-Asië. '**n Titaan** is iemand wat op onstuimige manier stormloop teen die heersende opvattinge op enige gebied; 'n reusagtige figuur; 'n geweldenaar '**n Titaniese stryd**: 'n geweldige stryd

TOMMIE

Dit is die bynaam van 'n Britse soldaat; by uitbreiding ‘soldaat’. Dit is veral sedert die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902) in Afrikaans bekend van Eng. **Tommy Atkins**, die denkbeeldige naam vir 'n blanke, voorbeeldige soldaat in die Engelse leer wat op amptelike blanko vorms vir rekutering verskyn.

TONGRIEM

Die **tongriem** is 'n spiertjie onder die tong wat by klein kinders soms deurgesny word as hulle die tong nie maklik kan beweeg nie. Die uitdrukking **goed van die tongriem gesny wees** beteken ‘hy kan baie goed praat’.

TONTIEN

Dit is 'n vorm van kollektiewe jaargeld, wat groter word namate die oorlewendes minder word; aandeel aan so 'n jaargeld.

Dit is genoem na die Neapolitaanse bankier, **Lorenzo Tonti**, wat hierdie skema in ongeveer 1653 in Frankryk bekend gestel het.

TOP!

Hierdie tussenwerpsel word by die sluiting van 'n transaksie, kopie of verdrag gebruik ter bekragtiging van die ooreenkoms; dit kom derhalwe ooreen met die ook nou nog gebruiklike handdruk/handgreep. 'n Mens dink aan die veekopers onder wie 'n derglike handgreep nog algemeen gebruiklik is. Vroeër was dit dit gebruik van die onderskeie partye om met die sluiting van sodanige ooreenkoms mekaar se vingertoppe aan te raak, waar die **top** waarskynlik vandaar kom. Die Griekse kinders van die eiland Lesbos het ook die gewoonte gehad om vrede te maak na 'n stryery wanneer hulle speel, deur hul onderskeie wysvingers bymekaar te bring met die woorde: **Kanou tokka**. **Top** is afgelei van hierdie **tokka** van Ital. **toccare**: ‘aanraak’. Hierdie gebaar is die teken dat hulle weer vrede gemaak het.

‘TOUCH WOOD’

Voorheen is geglo dat bloedsuiende geeste of vampiere tot die graf geban kan word deur hulle met 'n houtpen in die aarde vas te slaan. Hout, in die vorm van 'n kerie of goostok soos 'n spies, is een van die natuurlikse en oudste wapens van die mens, vandaar dat hout juis aangewend word in die volksgeloof om bose geeste af te sweer. Daar is nog baie mense wat vandag nog, sodra hulle sê: ‘Ek was nog nooit vanjaar verkoue nie’, onmiddellik aan 'n houtvoorwerp vat. Dit weer sg. die siektegees af.

TRAVERTYN

Liggeel, poreuse, kalkagtige gesteente wat in Italië vir boudoeleindes uitgebreek word en wat in die oop lug hard word. Italiaans **travertino**, vroeër **tibertino** van Latyn (**lapis**) **Tibertinus**, 'n gesteente van **Tibur**. Tibur is die ou naam vir **Tivoli**, Italië.

TRAWANT

Die Afrikaanse **trawant** beteken vandag nog ‘handlanger, volgeling’ (in 'n ongunstige sin), maar dit het 'n lang betekenisontwikkeling deurloop. Die Ndl. **trawant** kom van Mnd. **dravant** wat in 1447 die eerste keer aangeteken is en toe ‘huursoldaat’ beteken het. In die 16de eeu beteken die Hoogduitse **trabant** ‘lyfwag’, wat ontleen is aan Tsjeggies **drab**, ‘voetkneg, geregsbode/-dienaar, pion, vabond’ en **ant**. Die Ndl. aanvangs-**t** berus f op die invloed van Hoogduits **trabant**, f op Mnl. **truant**, **trouwant**, ‘landloper, bedelaar’ (van Frans).

TREKPLEISTER

Dit is letterlik 'n pleister om kwaad, etter uit 'n wond te trek. Figuurlik dui **trekpleister** op iets/iemand wat 'n mens sterk aanlok, aantrek, wat 'n bepaalde plek of geleentheid aanloklik maak.

TREMOLIET

Ligte kalsiummagnesium amfibool. Van Frans **tremolite** van **Tremola** en suffiks **-iet**. **Tremola** is die naam van 'n vallei in die Alpe van Suid-Switzerland.

TROJE

Troje was een van die beroemdste stede in die antieke wêreld en was geleë in die noord-weste van Klein-Asië (in die teenswoordige Turkye, by die Dardanelle wat in daardie tyd die Hellespont genoem is). Die beleg van Troje het nege jaar geduur. Daar was baie dapper helde aan albei kante, maar die Griek Achilles en die Trojaan Hector het al die ander oortref. Nadat hulle albei in die oorlog gesterf het, is Troje in die tiende jaar van beleëring verower deur 'n slim set van die Grieke. Hulle het 'n reuse hol houtperd gebou en toe voorgegee dat hulle maar die aftog blaas. 'n Griekse spioen het die niksvermoedende Trojane oorreed om die houtperd as trofee by die stad in te sleep. Terwyl die Trojane feesgevier het oor hul gewaande oorwinning, het die Griekse soldate die perd verlaat en die vyand oorrompel. Later het die Grieke die stadspoorte geopen vir hul oorwinningsleër.

'n **Trojaan**: 'n dapper persoon

Trojaanse perd inhaal: om self die vyand binne te bring, of jou eie ondergang te bewerkstellig

TUIT

As jou ore tuit, beteken dit letterlik dat hulle suis of ruis.

As dit egter figuurlik gebruik word, naamlik **jou ore tuit** word gesê van 'n afwesige oor wie baie gepraat (en geskinder) word. Die bygedagte bestaan dat die geskinderde die betrokkenes op 'n geheimsinnige manier ter ore sal kom. Plinius het reeds melding gemaak van hierdie volksgeloof wat uitgebrei word dat wanneer 'n mens op jou tong byt as jou linkeroor tuit, die kwaadspreker dit ook moet doen; daardeur word hy genoodsaak om te swyg.

TULIUM

Een van die seldsame aardelemente wat ooreenkoms met aluminium toon.

Van Latyn **Ultima Thule** 'n verweg, onbekende land in die Noorde, waarskynlik Ysland of Noorweë. Ptolemeus en ander aardrykskundiges van die outyd het dit beskou as 'n eiland noord van Brittanje. Vandag is daar inderdaad 'n nedersetting met dié naam aan die noorweskus van Groenland. Dit is 'n Amerikaanse lugmagbasis en het 'n bevolking van 600.

TURKOOIS

Dit is 'n soort ondeursigtige, blougroen of hemelsblou edelgesteente. Van Ou-Frans (**pierre**) **turquiese** 'Turkse (steen)' van **turqueies** 'turks' (dit is die eerste keer in Turkestan gevind) van **Turk** (eiernaam).

TWEEGATJAKKALS

Jakkals in Esopus se sprokies so skelm en geslepe was, was al die diere kwaad vir hom en voortdurend op die loer om hom vas te trek. Jakkals maak egter 'n slim plan. Hy het oral in die bos vluggate gehad, elk met twee ingange. Die een ingang was gewoonlik goed onder 'n lae struik of oorhangklip weggesteek. Sodra hy agtervolg word, glij hy by die eerste die naaste gat in.

Terwyl sy agtervolger by die gat sit en wag dat Jakkals moet uitkom, sluip die skelm stilletjies by die tweede gat uit. Daarom sê ons iemand wat altyd sorg dat daar vir hom 'n agterdeur oopstaan, is 'n regte tweekatjakkals.

TWEEGESIG

'n Regte tweekesig: huigelagtige, geveinsde persoon (vgl. *Janusgesig*).

TWISAPPEL

Toe Peleus, koning van Thessali, met die seegodin Thetis getroud is, was daar 'n groot bruilofsfees. Talle gode is genooi, maar Eris, die godin van twis en tweedrag is nie daarheen genooi nie. Tydens die feesvierings verskyn sy onder die gaste, en met 'n boosaardige glimlag gooi sy 'n pragtige goue appel tussen die aanwesiges in. Op hierdie appel staan geskrywe: 'Vir die mooiste'. Onmiddellik ontstaan daar 'n hewige twis onder die godinne, want elkeen wil die appel hê. Hera, Athena en Aphrodite bly naderhand alleen agter. Hulle gaan na Zeus sodat hy moet besluit wie is die mooiste, maar hy stuur hulle na die sterfling Paris, seun van koning Priamus van Troje, sodat hy kan besluit. Die godinne is egter nie van plan om net op hul voorkom te vertrou nie en elkeen probeer hom iets aanbied om sy guns te wen. Toe Aphrodite hom die mooiste vrou op aarde beloof indien sy die appel sou kry, plaas hy dit in haar hand. Die ander twee godinne keer kwaad die rug op hom. Hierdie episode gee aanleiding tot die Trojaanse Oorlog. Paris voer Helena, die beeldskone vrou van Menelaos van Sparta, saam met hom terug na Troje. Die Grieke beleër Troje vir meer as nege jaar en wen uiteindelik die oorlog teen die Trojane.

Die twisappel werp: aanleiding gee tot twis

U

UILSPIEL

'n **Uilspieël** is iemand wat verspote dinge doen of sê, en harlekynstreke uithaal.

Tijl Uilenspiegel was die held van 'n Nederlandse volksboek, en 'n grapmaker wat deur sy streke en sêgoed mense in die verleentheid gebring het. Sy van is oorgeneem en leef vandag nog voort in idiomatiese uitdrukkings soos die volgende:

Soos Uilspieël in die maanskyn lyk: gesê van iemand met 'n verspote voorkoms

Uilspieël het sy meel verloor: dit het baie geryp

UILTJIE

'n **Uiltjie knip:** 'n slapie steel, 'n rukkie slaap.

Hierdie idiomatiese uitdrukking het 'n interessante verduideliking. In Nederlands beteken **uiltjie** 'vlinder' en dit verwys hoegenaamd nie na die Afrikaanse nagroofvoël, naamlik 'n uil nie. In Afrikaans het eersgenoemde betekenis heeltemal verlore gegaan. Dit is opmerklik dat '**n uiltjie knip**' in seemanstaal beteken om deur die onoplettendheid van die stuurman skielik teen die wind te vaar. Aangesien dit juis die geval sal wees indien die stuurman slaperig is of 'n bietjie indut, kan 'n mens moontlik aanvaar dat die uitdrukking in hierdie toepassing/betekenis die eerste gebruik is. Dit is egter nie heeltemal duidelik waarom hierdie handeling aangedui word met die handeling van 'n uiltjie vang nie. In die idiomatiese uitdrukking '**n uiltjie knip**' 'n rukkie slaap, dut, is die woord 'uiltjie' nie 'n verkleinwoord van die roofvoël nie, maar verwys na 'n soort mot. Uiltjies is 'n groot kosmopolitiese motfamilie (*Noctrudae*) wat uit 'n hele aantal soorte bestaan. Die uiltjies rig groot skade aan landbouprodukte aan. Om 'n uiltjie te knip, verwys dus na die

nagtelike aktiwiteite van dié motsoort. In Nederlands kom die uitdrukking **een uiltje knappen/knippen** voor, en in 'n Nederlandse dialek bestaan die uitdrukking **een vlinder knippen**, wat beteken stokkies draai by die skool.

UITHAAL

Die Afrikaanse spreekwoord **uithaal en wys hang** saam met die Griekwas en beteken: 'ek betwyfel wat jy daar sê, haal dus jou bewyse te voorskyn en wys hulle'. Dit hang waarskynlik saam met die vroeëre bearbeiding van die Griekwas met die oog op kerstening. Dan is dit doodnatuurlik dat die Christelike eerwaarde geduldig aan sy Griekwa-hoorder bepaalde begrippe moet verduidelik, in hierdie geval 'siel, onsterflike siel'. Dit is 'n hoogs ingewikkelde begrip. As hy nou lank en knaend verduidelik het, en dan vra: 'Verstaan jy nou?', skuld die Griekwa sy kop en sê: 'Almiskie, uithaal en wys!' Hy glo nie, omdat hy die begrippe nie ken nie. En soos die ongelowige Thomas sê hy: 'Sien is glo, uithaal en wys!'

UITSONDERING

Die uitsondering bevestig die reël. Van Latyn: **Exemptio probat (of firmat) regulam**

ULEXIET

Dit is 'n mineraal wat in ronde kristalmassas nogal volop voorkom in boraatneerslae, ukeliet. Dit is genoem na George L. **Ulex**, 'n Duitse chemikus (oorl. 1883) en suffiks **-iet**.

ULSTER

Lang, los, dik oorjas met mansjette en opgestikte sakke. Dit kom van Ulster, Ierland. Vroeër was dit 'n provinsie van Ierland, maar die noordelike gedeelte daarvan is nou amptelik deel van Noord-Ierland, terwyl die res deel vorm van die Ierse Republiek.

URANUS

Uranus was een van die oudste gode en 'n personifikasie van die hemel. Hy was die seun en geleide van Ge en die vader van onder andere die Titane en Siklope. Hy is deur sy seun Cronus ontroon en na die verste verte verban.

V

VAALJAPIE

Wyn van die land, d.w.s. van die distrik; die plaaslike produk, goedkoop maar nie noodwendig van swak gehalte nie. Ontleen van Frans **vin du pays**.

VAAL-/VAARTWATER

In iemand se vaartwater kom beteken 'om met iemand in botsing te kom, iemand in die wiele te ry'. Uit Nederlands **iemand in het vaarwater zitten**. Dat 'n vaartuig gehinder word wanneer dit in die waterspoor van 'n ander vaartuig kom, het geen betekenis vir die Afrikaanssprekende gehad nie. Daarom was daar ook 'n spontane oorgaan van **vaarwater** na **vaalwater**. **Vaarwater** as sodanig verwys na 'n binnelandse waterweg wat hoofsaaklik dien vir:die skeepsvaart. Daar is nog 'n paar ander idiomatiese uitdrukkings met **vaarwater/vaalwater** as trefwoord:

Uit iemand se vaarwater bly: sorg om uit iemand se pad te bly

In iemand se vaarwater kom: iemand dwarsboom

In die vaarwater wees: in die moeilikheid wees, met iets begin en moet deurdruk

VALERIAAN

Benaming van plante wat tot die geslag *Valeriana* behoort, waarvan die gewone ligroos of wit blomme met 'n sterk geur het, en uit die wortelstok waarvan geneesmiddels ('n ligte stimulant) berei word, o.a. kattekruid, duiwelsklou, balderjan. Oud-Frans *valeriane* van M.E. Latyn *valeriana* van Latyn *Valerianus* van Valeria, Romeinse provinsie waar die plant vandaan gekom het. *Valerius* van *val* re sterk wees.

VANDAAL

'n **Vandaal** is iemand wat hom skuldig maak aan vernielsug, 'n vernieler. **Vandalisme** verwys na barbariese vernielsug, veral wat kunswerke betref. Ndl. **vandalism/wandalism**, Eng. **vandalism**, Fr. **vandalisme** van Latyn **Vandalus** 'reisiger' van Germaans **Vandal**.

Dit is waarskynlik die eerste keer teen die einde van die 18de eeu in Frankryk gebruik t.o.v. die wandade van die gepeupel tydens die Franse Revolusie n.a.v. die naam van die Vandale wat hulle egter nie meer as hul tydgenote daaraan skuldig gemaak het nie. Die Vandale was lede van 'n Germaanse stam. In 406 n.C. het hulle Gallië verower en gaan daarna na Spanje; onder Geiserik het hulle Afrika ingeval en Karthago in 439 n.C. ingeneem. Hulle reputasie vir vernielsugtigheid spruit skynbaar uit hulle verwoesting van Rome in 455 n.C.

VEL

Uit jou vel spring van blydschap of van woede beteken om buite jouself te raak. Dit is waarskynlik ontleen aan die ou volksgeloof dat ons vel 'n los omhulsel is en dat 'n mens jou liggaam kan verlaat om tydelik 'n ander gedaante aan te neem.

VELD

Daar is 'n aantal idiomatiese uitdrukking waar veld as 'slagveld' opgevat kan word, naamlik:

Op die veld van eer sterf: op die slagveld sterf

Die veld behou: jou staande hou, oorwinnaar wees; letterlik behou die leër die veld as hy die oorwinning behaal.

Uit die veld geslaan: teleurgestel, beskaam wees; in verleentheid wees; verbyster wees; hier word letterlik verwys na 'n verslane leër wat die slagveld moet verlaat.

Veld wen: vooruitgang maak, invloed of gesag uitbrei; dit verwys na 'n seëvierende en dus verderoprukkende leër.

Te velde: op die oorlogsveld;

Te velde trek: bestry, gaan veg (teen): dit verwys letterlik na die leër wat slagveld toe trek.

VENTURIBUIS

Dit is 'n kort buis met 'n verlengde keel, wat as dit in 'n vloeistofstroom parallel met die stroming geplaas word, 'n vermeerdering in stroomsnelheid teweegbring by die keel met gevolglike vermindering in druk binne in die vloeistof by die keel.

Dit is genoem na die Italiaanse fisikus, **G.B. Venturi** (1746-1822) wie se navorsing die uitvind van die buis geïnspireer het.

VERE

Iemand wat met geleende vere pronk verwys na die verhaal van Zeus wat die voël met die mooiste vere wou kroon. Kraai se vere was egter te eenvoudig. Hy maak toe 'n plan deur al die vere wat die ander voëls agterlaat, op te tel en aan sy lyf vas te plak. Toe Zeus die mooi bont voël sien, wou hy hom kroon, maar die ander voëls het verontwaardig die geleende vere van die kraai begin afpluk totdat hy weer in sy eenvoudige tooisel daar gestaan het.

VERNIERSKAAL

Dit is 'n klein beweegbare skaal om gedeeltes van die onderdeel van 'n ander skaal sekuur te bepaal, nonius(skaal), skuifmaat.

Dit is genoem na die uitvinder, **Pierre Vernier** (1580-1637), 'n Franse wiskundige.

VIERSKAAR

Indien 'n mokerhou dalk te hard was, is die toediener daarvan dalk voor die vierskaar gedaag, dus voor die regsbank/gereg. Toe die Germaanse regsprekers (skepene) nog in die openbaar regspraak gehou het, was die vierskaar (scarne: bank) die vier banke waarop hulle gesit het.

VISIËR

Die **visier** is die klep of skuif ter afsluiting van die openinge van 'n strydhelm. Oorspronklik het die segswyse **met op/oop visier** wat beteken 'openlik, nie bedek nie, sonder om jou naam te verswyg', verwys na die onbedekte gesig van 'n ridder wat met opgeslane visier geveg het, sodat sy gelaat sigbaar was en sy teenstaander kon sien met wie hy te doen het. Hierby sluit ook die handeling om te salueer aan; dit het aanvanklik beteken dat die klep van die strydhelm opgelig word sodat die ridder kon toon dat hy niks agterbaks in die mou voer nie, maar die persoon voor hom eerlik nader.

VLAG

Daar bestaan 'n hele paar Afrikaanse uitdrukkings met hierdie s.n.w. as trefwoord; een daarvan, **die vlag stryk**, d.w.s. 'vir iemand ingee' kom ook in Ndl. voor as **de vlag strijken**. Hier verwys die ww. Stryk, want dit dui op die neerhaal van 'n skip se vlag. In 'n see-oorlog moet die oorwonne skip sy vlag laat sak as teken van oorgawe. Die ander Afrikaanse uitdrukkings met vlag as kernwoord is die volgende:

Die vlag dek die lading: onder valse voorwendsels iets in die handel bring

Onder watter vlag vaar hy?: tot watter party behoort hy/wie beskerm hom?

Onder valse vlag vaar: jou anders voordoen as wat jy werklik is.

VLEISPOTTE

Die Israëliete het tydens die woestynballingskap menigmaal oor die gemis van seëninge wat hulle vroeër in Egipte geniet het, gemor en gewens dat hulle liever maar onder die genot van die oorvloedige voedsel kon doodgegaan het. Hulle het dus na die vleispotte van Egipte terugverlang (sien Eks. 16:3, Num. 11:3, ens.) Egipte was 'n besonder vrugbare land wat hom deur sy gesonde kuddes onderskei het, 'n mens kan dus verstaan dat die Israëliete soms sou terugverlang het na die lekker vleisgeregte wat hulle daar te eet gekry het. Die uitdrukking beteken dat iemand 'n vorige toestand van oorvloed verlang, hoewel hy homself inderwaarheid in 'n beter toestand bevind.

VOËLTJIE

Daar bestaan 'n baie ou en verbrede geloof dat diere, veral voëls, die mag besit om te praat en om geheime te verklap in verband met die mens se lotgevalle. Ons het reeds gesien dat geen haan daarna sal kraai nie, en as ons van die een of ander geheim hoor, sê ons dat ons '**n voëltjie hoor fluit** het. Hoewel ons nie meer glo dat die voëls en diere kan praat nie, behou ons nogtans die idioom.

Elke voëltjie sing soos hy gebek is: elkeen praat soos hy geard is

VOËLVRY

As **iemand voëlvry verklaar** word, kan 'n ieder en 'n elk hom vervolg. Hierdie uitdrukking het oorspronklik beteken dat die persoon buite die beskerming en wette van die gemeenskap gestel word, en dus sonder verhoor deur enigeen gedood kon word. In die Germaanse tyd kon so 'n persoon net soos 'n voël deur elkeen gedood word, dit wil s vredeloos, sonder beskerming. Die uitdrukking kom van die wettige gebruik dat jy ganse, eende en hoenders op jou land mag doodslaan, maar nie ander diere of mense nie.

VOET

Voet by stuk hou beteken om nie te wyk nie en standvastig te wees. Hierdie uitdrukking is waarskynlik afkomstig van die tweegeveg waar voet teen voet gesit word en waar nie teruggewyk word van die voorgesrewe strydperk nie. Die woord **stuk** beteken hier dus 'grens'.

VOLSTRUIS

In die ou tyd het baie bygelowe bestaan oor die volstruis en omdat sy tuiste ver van Europa was, het allerlei fabels oor hom ontstaan. Dit is 'n sonderlinge voël met eienskappe wat aanleiding gegee het tot die ontstaan van die volgende idiomatiese uitdrukkings

'n Volstruismaag hê: enigiets eet sonder om iets daarvan oor te kom. Die volstruis kan allerhande soorte voorwerpe insluk sonder dat hy iets daarvan oorkom.

Volstruispolitiek is 'n beleid waarby groot of lastige vraagstukke nie onder die oë gesien word nie. 'n Ander bygeloof was dat die volstruis sy kop in die sand steek as hy agtervolg word, en dan hoop om op dié manier onsigbaar te wees vir sy agtervolgers. Omdat hy dan niemand/niks kan sien nie, glo hy dat hy ook nie gesien kan word nie.

Hy's nes 'n volstruis; waar hy kom, is hy tuis spreek vanself.

VOLT

Dit is 'n maateenheid van elektriese spanning of elektromotoriese krag. Dit is genoem na die Italiaanse fisikus **Conte Alessandro Volta** (1745-1827).

VOORBOK

Die **voorbok** of **belhamel** neem die voortou met allerhande stoutigheid of skelmstreke. Oorspronklik het dit verwys na 'n bok of hamel wat die bel of klok dra en deur die trop gevolg word. Die ram of hamel was die leier van 'n trop skape of bokke.

VOORLAND

Die gesegde **dit is jou voorland** verwys na jou (nood)lot, bestemming. Hierdie uitdrukking verwys eintlik na die skip se bestemming, naamlik die land wat voor hom lê en waar hy kan gaan anker gooi; figuurlik gesproke beteken dit 'dit staan jou te wagte, dit is jou bestemming/lot'.

VOORSLAG

Dit is 'n dun riempie heel voor aan 'n sweep. Iemand wat fluks en vinnig werk, is '**n ware voorslag**.

VOS

Hoewel die Europese vos nie by ons bekend is nie, is hy nogtans die hooffiguur in die idioom: As die vos passie preek, Boer, pas op jou skape, wat beteken 'pas op, moenie 'n huigelaar vertrou nie'. Dit is ontleen aan die ou diereverhale waarin die vos, Reinaert, sy bouse planne versteek het deur hom voor te doen as iemand uit die geestelike (priesterlike) stand.

VREDESPYP

Die vredespyp, ook genoem die **kalumet**, word deur die Rooihuide van Noord-Amerika gebruik. Die woord **kalumet** is afkomstig van Latyn **calumus** wat beteken 'riet' van Grieks **kalamos**. Dit is 'n pyp met 'n klipkop en lang steel wat versier is met vere en simboliese kerfwerk. Dit was vir die Rooihuide 'n heilige voorwerp wat gebruik is wanneer die een stam met die ander vrede sluit in 'n oorlog, vandaar die uitdrukking **die vredespyp rook**, wat beteken om met mekaar versoen te raak. Die vredespyp is verder gebruik by die sluiting van ander ooreenkomste of verdrae, tydens plegtige geleenthede of as toormiddel.

VRYDAG

Die dagnaam Vrydag is in die vierde eeu n.C. uit die Latyn dies Veneris 'die dag van (die godin) Venus' vertaal. Venus word gelykgestel met die Germaanse godin Fria wat beteken 'vrou, eggenoot, geliefde' (vergelyk Engels Fri-day). Fria was die vrou van Wodan. Sy was die bekendste van die Germaanse godinne en word geassosieer met die moedergodin, die godin van die heilal.

VUUR

Iemand wat haastig kuier, word só beskryf: 'Dis net goeie dag en goeie weg'. Van so iemand word gesê: Hy het kom vuur haal eintlik hy het 'n kooltjie vuur kom haal, d.w.s. in die tyd toe vuurhoutjies skaars was en aanstekers nog uitgevind moes word. Met so 'n kooltjie moes jy vinnig loop om met hom anderkant aan te kom dat hy nog bruikbaar is. Die uitdrukking vuur (en vlam) spoeg/spuug (wanneer iemand baie kwaad is en erg vloek), verwys na een van die eienskappe van die mitiese of fabelagtige draak met skubbe, of akkedis wat vuur kan spoeg. Die draak versinnebeeld die Bose onder andere in die Christelike godsdiens: 'En hy het die draak gegryp – die ou slang wat die duiwel en die Satan is – en hy het hom gebind duisend jaar lank' (Openbaring • 20:2).

VUURPROEF

Talle persone, veral sg. kettters, is tot 'n vuurdood veroordeel op die brandstapel of die brandpaal. Die vuurproef was 'n Middeleeuse gebruik om deur vuur iemand se onskuld te bepaal. As mens vandag die vuurproef deurstaan, het jy 'n streng ondersoek deurstaan of swaar moeilikhede oorwin.

W

WATER

Dit is soos water op 'n eend se rug: dit maak geen indruk nie, daar word geen ag op geslaan nie. Die eend, soos al die ander voëls, gebruik sy snawel om sy vere mee glad te stryk. Die eend verf ook met sy snawel teen die olieklier wat net voor die stert geleë is. Die olie hou die vere glad en buigbaar. Dit verhoed dat die vere water absorbeer, iets wat veral vir 'n watervoël soos 'n eend lewensnoodsaaklik is.

WATT

Dit is 'n elektriese eenheidsmaat, die arbeid in een sekonde verrig deur 'n stroom van 1 ampère by 'n spanning van 1 volt.

Dit is genoem na die Skotse uitvinder, **James Watt** (1736-1819), wat in 1769 'n nuwe soort stoomenjin asook die sentifugale regulator gepatenteer het. Dié stoommasjien is eers gebruik om

water uit myne te pomp, maar daarna om 'n groot aantal verskillende soorte masjienerie aan te dryf. Watt se masjien was een van die vernaamste oorsake van die Nywerheidsomwenteling.

WAWYD

In die uitdrukking **iets is wawyd oop** is **wawyd** geërf uit Europa. In Switserland staan 'n deur wawyd of manwyd, d.w.s. wyd genoeg om 'n wa of 'n man deur te laat. Dit verwys na die ou Saksiese of eenheidshuis waar die hele gesin met diere onder dieselfde dak gewoon het, met een groot deur as ingang. Daardie deur kan jy dan op verskillende wydtes oopmaak. Vir ons beteken **wawyd** tans net 'n uitdrukking van graad, d.w.s. heeltemal oop.

WEERHAAN (sien *haan*)

WEERWOLF:

'n **Weerwolf** is iemand met wie ander mense bang gemaak kan word. In die oudae was daar 'n baie algemene, dog sonderlinge bygeloof in verband met 'n mens wat snags die gedaante van 'n wolf aanneem en bose dinge, soos moord en roof, aanvang. Volgens die bygeloof het so 'n mens in 'n wolf verander by die uittrek van sy klere en die omhang van 'n wolfsvel. Wanneer 'n weerwolf gewond word tydens sy wolfstadium, behou hy die letsel as hy weer mensvorm aanneem. Die geloof dat 'n mens hom in 'n dier kan verander, het onder talle volke bestaan (van China tot Ierland). In die Europese sprokiesliteratuur kom daar heelwat verhale voor van weerwolwe. In baie gevalle is persone aangekla as weerwolwe en tot die dood veroordeel. Kranksinniges is in die ou dae as weerwolwe beskou en verbrand. Die woord **weerwolf** beteken 'manwolf'. Vergelyk **weermag**: **weer**: 'man' en **mag**; **wêreld**: **wer/weer** 'man' en **eld** 'leeftyd'. **Weerwolf** kan ook verwys na die gevlekte hiëna en tierwolf, of na die maanhaarjakkals.

WESTE

Die uitdrukking **buite weste wees** verwys daarna om bewusteloos/die kluts kwyt te wees en selfs om dronk te wees. Die segswyse bestaan reeds sedert die 16de eeu en oorspronklik het dit die volgende betekenis gehad, naamlik 'om heeltemal ten weste van die gewone roete te wees, d.w.s. van koers af te wees'. Dit kon maklik met 'n skipper gebeur dat hy opkomende slegte weer langs die gevaarlike Hollandse en Vlaamse kus probeer omseil het. Dan het hy versigtigheidshalwe en soos wat die omstandighede dit toegelaat het, probeer om weg te kom daarvan en ver buite om die weste gestuur/gevaar.

WIND

Ten opsigte van hierdie trefwoord bestaan daar 'n hele paar idiomatiese uitdrukking in Afrikaans. Nie almal van hulle kom in Nederlands voor nie, maar **die wind waai uit die verkeerde hoek** het sy Nederlandse ekwivalent **de wind waait nu uit die een of andere/een verkeerde hoek**, m.a.w. 'die windrigting voorspel nie die gewenste weer nie'. Figuurlik gesproke dui dit daarop dat 'die openbare mening/die stemming nie gunstig is nie'. Eintlik word hierdie uitdrukking deur die skipper gebruik wanneer hy 'n ander/ongunstige wind kry waarvolgens hy moet stuur. Vgl. die uitdrukking **die wind het gedraai** wat ook 'n negatiewe verwysing kan hê.

Die volgende uitdrukkings wat ook **wind** as trefwoord het, kan in dieselfde mate teruggevoer word tot die seewese:

Deur die wind wees: kaf praat, iemand is nie by sy volle positiewe nie

Dit gaan voor die wind: dit gaan voorspoedig

Dit gaan wind op: dit gaan nie al te voorspoedig nie

Iemand die wind uit die seile neem: die teenstander se planne laat misluk; dié uitdrukking verwys na 'n skip wat voor 'n ander skip seil en so die wind uit die seile van die ander een hou.
Die wind van voor kry: met teenstand te doen kry
Soos die wind waai: onstandvastig.

WISTARIA/WISTERIA (PLANT)

Dit is 'n klimplant (genus *Wisteria*) met trosse helderblou, welriekende blomme, uit China en Japan afkomstig; dit staan ook bekend as 'bloureën'.
Dit is genoem ter ere van die Amerikaanse anatomis, **Caspar Wistar/Wister** (1761-1818), die persoon wat die eerste Amerikaanse anatomieteks geskryf het.

WITVOETJIE

As jy witvoetjie soek, probeer jy om in iemand se guns te kom. Hierdie uitdrukking het in die ou dae ontstaan, en al ken ons nie die letterlike betekenis daarvan nie, gebruik ons tog die idioom. Die Germane het wit beskou as 'n edel kleur wat geluk bring, en slegs konings en groot helde kon met wit perde ry. Dit was ook destyds die gewoonte om 'n perd wat 'n wit voet het, tolvry te laat deurgaen, soos in sekere Vlaamse stede gebeur het. In sommige gebiede kon 'n koei met vier wit pote op 'n kerkhof wei. Om 'n wit poot te hê het dus voordele ingehou!

WOENSDAG

Die dagnaam **Woensdag** bevat die naam van die Germaanse god Wodan of Odin wat letterlik 'rasend' beteken (vergelyk Engels **Wednes-day** 'Woden's day'). As god van die dood en oorlog het Wodan volgens kultus regeer in die hiernamaals van gestorwe helde en krygers, bekend as Valhalla.

WOLF

'n Wolf in skaapsklere verwys na 'n skynheilige, 'n skurk met 'n onskuldige voorkoms wat mense bedrieg. (Dit laat 'n mens dink aan Matteus 7:15 waar Jesus die dissipels waarsku teen vals profete wat in skaapsklere rondloop, maar in werklikheid verskeurende wolwe is.)

Daar is ook 'n ooreenkoms met een van Esopus se fabels:

Daar was eendag 'n wolf wat besluit het om hom te vermom om sy kos makliker in die hande te kry. Toegewikkel in die vel van 'n skaap het hy saam met die trop gewei en daarin geslaag om die skaapwagter te flous. Toe die skape die aand kraal toe geneem is, is die wolf in skaapsklere saam met hulle vir die nag toegemaak, en die hek is deeglik gesluit. Gedurende die nag het die skaapwagter egter na die kraal gegaan om 'n skaap te slag om genoeg vleis vir die volgende paar dae te hê. Pleks van 'n skaap, vang hy toe die wolf wat soos 'n skaap lyk, en maak hom dood. So het Slim toe eintlik sy baas gevang.

Esopus vertel verder ook van 'n skaapwagter wat tot sy verdriet vir Wolf skaapwagter gemaak het:

Daar was eendag 'n wolf wat kamma doodonskuldig al agter die skaapwagter en sy trop skape aangedraf het. Die skaapwagter het aan die begin glad nie gerus gevoel hieroor nie en het die wolf fyn dopgehou. Hoe langer die wolf so saam met die skaapwagter en sy trop beweeg het, hoe geruster het die man geword, want dit lyk toe mos vir hom of die wolf hom wou help skape oppas. Toe hy eendag dorp toe moes gaan, vra hy die wolf om 'n ogie oor die skape te hou. Dit was net die kans waarvoor die wolf so lank gewag het en het hy verjaar onder die skape en hom lekker trommeldik geëet! Toe die skaapwagter terugkom, staan hy geskok na sy uitgedunde troppie en kyk: 'My verdiende loon!' verwyf hy homself. 'Waarom het ek tog vir Wolf skaapwagter gemaak?'

Die vermaning: **Moet nooit ‘Wolf, Wolf’ skree nie**, is ontleen aan nog een van Esopus se verhale van 'n skaapwagter wat sy skape 'n hele ent uit die dorp laat wei het. Eendag besluit hy om te kyk wat die dorpenaars se reaksie sal wees as hy kom vertel dat die wolwe sy skape opvreet. Hy kom toe aangestorm dorp toe en skree, ‘Help, help! Die wolwe is onder my skape in!’ Onmiddelik snel die mense hom te hulp, maar moes toe tot hul skok verneem dat hy sommer 'n grap maak. 'n Hele paar keer het dieselfde ding gebeur. Toe kom daar eendag regtig 'n wolf. Al skreeuende het die jongman die dorp ingestorm op soek na hulp. Hierdie keer het die inwoners van die dorp hulle nie aan hom gesteur nie, en so het die skaapwagter baie van sy skape verloor

WOORD

Jy moet woord hou beteken ‘jy moet doen wat jy ges het’.

Woord word hier gebruik in die sin van toesegging. Dat 'n mens jou woord moes hou, het vir die Germane beteken dat jy dit volgens reg nie kon terugtrek nie en dat handeling wat in stryd is met daardie gegewe woord volgens reg nietig was. Hierdie verpligting het nie die verpligtinge ingesluit om te doen wat jy beloop het nie.

X

XANTHIPPE

Kwaai vroumens, helleveeg. Sy was die boosaardige vrou van die Griekse wysgeer Sokrates.

Y

YOUNGBESSIE

Dit is 'n kruising tussen 'n braambessie en 'n doubraam/kruisbessie wat gekweek word in die weste van die V.S.A. Dit is ontwikkel en gekweek deur **B.M. Young**, 'n 20ste-eeuse Amerikaanse vrugteboer.

YTRIUM

Baie seldsame, skitterende, driewaardige metaalelement, meestal in poeivorm (sien *ytterbium*).

YTTERBIUM

Metaalagtige element van seldsame aard. Dit is genoem na **Ytterby**, 'n dorp in Swede en Lat. suffiks **-ium**.

Z

ZARATIET

Dit is die naam van 'n smaraggroen mineraal wat 'n waterhoudende basiese nikkelskarbonaat is; smaragnikkel. Van Spaans **zaratita** (Engels *zaratite*) en is genoem na 'n 19de-eeuse Spaanse edelman senior **Zarate** en agtervoegsel **-iet** wat gewoonlik by geologiese benamings gebruik word.

ZEPPELIN

Dit is die naam van 'n groot bestuurbare en met gasvervulde ballonvliegtuig/lugskip, sigaarvormig.

Dit is genoem na die Duitse leëroffisier, graaf **Ferdinand von Zeppelin** (1838-1917), ontwerper en bestuurder van lugskepe.

ZINKENIET

Dit is 'n staalgrys mineraal wat in ortorombiese kristalle voorkom; natuurlike tioantimoniet. Van Duits **Zinkenit** (Eng. **zince/kenite**).

Dit is genoem na die Duitse mineraloog, **J.K.L. • Zinken** (1790-1862), direkteur van die Anhalt-myngroep.

ZOISIET

Dit is 'n ortorombiese mineraal in veelkleurige prismatiese kristalvorm; basiese kalsium-aluminiumortosilikaat.

Dit is genoem na die Slowaakse edelman, baron **Sigismund Zois von Edelstein** (1747-1819) van wie die monster verkry is: **Zois** en suffiks **-iet** (Eng. **zoisite**, Hd. **Zoisit**).